

**'N NARRATOLOGIESE ONDERSOEK
VAN DIE BOEK JONA**

J H Potgieter

**Hervormde Teologiese Studies
Supplementum 3
1991**

Reeksredakteur: A G van Aarde

Hervormde Teologiese Studies

HTS Supplementum 3 1991

HTS Supplementum Reeks

Reeksredakteur: Andries van Aarde

ISBN 0-9583208-1-0

Publikasie van die Fakulteit Teologie (Afdeling A)
Universiteit van Pretoria

1. **Barkhuizen, J H (red) 1989.** *Hymni Christiani.*
2. **Petzer, J H 1990.** *Die teks van die Nuwe Testament: 'n Inleiding in die basiese aspekte van die teorie en praktyk van die tekskritiek van die Nuwe Testament.*
3. **Potgieter, J H 1991.** *'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona.*

Administrasie

Willem Oliver, Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Posbus 5777, 0001 Pretoria, Republiek van Suid-Afrika.

Gedruk deur Perskor

Uitgegee deur die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met die ondersteuning van die Universiteit van Pretoria en die Buro vir Wetenskaplike Publikasies by die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Die redaksie, wat bestaan uit die lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria, vereenselwig hom nie noodwendig met die menings deur medewerkers uitgespreek nie, kom alle normale redaksionele pligte na en voorbehou alle gebruikelike uitgewersregte.

ISBN 0-9583208-1-0

Reeksvoorwoord

Die *HTS Supplementum Reeks* is addisioneel tot die gebruikelike aflewings van die *Hervormde Teologiese Studies*. Die eerste aflewering van die *HTS* het in 1942 verskyn. Dit is dus die oudste bestaande teologiese publikasiereeks in Suid-Afrika. Die *HTS* stel hom ten doel om in ooreenstemming met sy stigtingsakte diens op nasionale gebied te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder en 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou. Die bedoeling van die *HTS Supplementum Reeks* is om monografieë en ander versamelwerke in verband met die teologie te publiseer. Alleen werke van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit word in oorweging geneem. 'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona is die derde nommer in die reeks. Prof Henk Potgieter lewer met hierdie publikasie 'n belangrike struktureel-semiotiese bydrae op die gebied van die eksegeese van die Ou Testament.

Johan Hendrik Potgieter is sedert 1975 'n dosent in die Departement Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria. In 1975 is hy as junior lektor aangestel, in 1977 is hy bevorder tot lektor en in 1981 tot senior lektor. Sedert Julie 1984 is hy waarnemende departementshoof. Op 1 Desember 1988 word hy bevorder tot professor in en departementshoof van die Departement Semitiese Tale. Hy behaal die volgende grade: BA (1971) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, BD en BA Honneurs (1974) aan die Universtiteit van Pretoria, MA (1980) aan die Universiteit van Pretoria en DD (1988) aan die Universiteit van Pretoria. Al sy grade is met lof behaal. In 1982 ontvang hy die Nasionale beurs, die British Council beurs en die RGN beurs vir na-magister navorsing in die buiteland. Die onderhawige publikasie is 'n verwerking van sy DD-proefskrif.

A G van Aarde
Reeksredakteur

November 1991

Voorwoord

Lesers vir wie die Bybel 'n vertroude geskrif is asook aanhangers van stories – of dit nou gaan om die vertel, skryf of lees daarvan – sou dalk by 'n eerste kennismaking met hierdie boek wou vra: Watter verband is daar tussen die Bybel en 'n verhaal? En vanwaar die geïmpliseerde aanname dat 'n verhaalmatige ondersoek na die Bybel wetenskaplik verantwoord sou kon word?

In die helder uiteensetting van die manier waarop die gegewens georganiseer word, die karakters uitgebeeld word en die stemme mekaar verwissel in die opgetekende verhaal van Jona se eg menslike reaksie op 'n oënskynlike sinnelose – en daarom vir hom as 'denkende' profeet ook bevraagtekenbare – Goddelike opdrag, verskaf Henk Potgieter 'n deurlopende antwoord op dergelike vrae. Weens die nadruk op die funksie van verhalende en poëtiese strukturering in 'n Bybelteks noodsaak sy ondersoek 'n interdisiplinêre aanpak waarin eksegetiese literêr-teoreties begrond word. Hiermee sluit hy aan by resente tendense in die Bybelwetenskappe – in die laaste jare het eksegetiese dissiplines geëmansipeer vanaf 'n kennisname van linguïstiese ondersoeke gerig op sintaktiese strukture en die afbakening van perikope, tot 'n bewus wees van die noodsaaklikheid van 'n literêr-teoretiese fundering van leespraktyke in die dekodeering van tekste. So 'n ontwikkeling is verstaanbaar, want – vreemd soos dit moontlik mag klink – kan vertrouwdheid met die manier waarop stories en die poësie kommunikeer, selfs 'n teologies geskoolde Bybelleser lei tot nuwe insigte in die aard en inhoud van die Bybelse boodskap.

Henk Potgieter se boeiende ontsluiting van die boek Jona lewer hiervan oorvloedige bewys. Dít veral omdat daar – ten spyte van die geweldige omvang van navorsing oor die Bybel – baie min studies is waarin die semantiese en semiotiese konsekwensies van 'n ingeligte lees van Bybeltekste indringend ontleed word.

Waar die bestaande navorsing oor die boek Jona dikwels gekenmerk word deur sowel uiteenlopende uitsprake oor die *aard* as onversoenbare menings oor die *boodskap* van die teks, word in hierdie studie uitgegaan van die standpunt dat die boek Jona sodanig gestruktureer is dat dit as 't ware vra om *as verhaal* getipeer en gelees te word. Sensitiwiteit vir die manier waarop die gegewens gestruktureer is, maak dit vir die skrywer in die eerste plek moontlik om probleme rondom die samestelling van die boek – soos die verklaring van die gebede as pouses binne die verhaal – te beantwoord. In die tweede plek lei 'n stapsgewyse analise van die narratiewe struktuur egter ook tot 'n al herderder insig in die boodskap van die boek. So byvoorbeeld kom die skrywer tot die verrassende ontdekking dat dit die matrose – en nie die profeet van God nie – is wat van meet af die essensie van absolute gehoorsaamheid begryp as die verteller juis aan hulle die geleentheid gee om as sekondêre woordvoerders in die verhaal te getuig: 'U is Jahwe, U doen soos U goed dink.' Met

dergelike insigte dwarsdeur die studie illustreer Henk Potgieter oortuigend dat die narratiewe en poëtiese konvensies nie bloot stilisties dekoratief is nie, maar inderdaad kommunikatief funksioneer in die oordrag van betekenis aan die leser.

Hierdie boek lewer 'n waardevolle bydrae deurdat die teoretiese verantwoording en praktiese illustrasie van 'n leesstrategie nuwe perspektiewe open vir 'n beter begrip van die boek Jona. Die implikasies van Henk Potgieter se bevindinge strek egter wyer omdat dit lig werp op die manier waarop verhale en poëtiese gedeeltes dwarsdeur die Bybel ingespan word om andersins moeilik verstaanbare religieuse beginsels en argumente vir alle lesers toegankliker te maak.

Ina Gräbe
Departement Algemene Literatuurwetenskap
Universiteit van Suid-Afrika

November 1991

INHOUDSOPGAWE

Afkortings	xi
1. INLEIDING	1
1.1 Problematiek	1
1.2 Hipotesestelling	5
1.3 Doelstellings	5
1.4 Werkwyse	6
2. STRUKTUURANALISE	9
2.1 Inleiding	9
2.2 Struktuuranalise	9
2.3 Bespreking van die analise	14
3. DIE POËTIESE GEDEELTES	17
3.1 Inleiding	17
3.2 Jona 2:3-10	18
3.2.1 Stigometriese indeling van Jona 2:3-10	18
3.2.2 Vertaling	19
3.2.3 Afgrensing	20
3.2.4 Segmentering	21
3.2.5 Kommunikatiewe middele	29
3.2.5.1 Formele middele	29
3.2.5.2 Struktureel-kommunikatiewe middele	30
3.2.6 Sintese	32
3.2.7 Vergelyking	32
3.3 Jona 4:2-3	35
3.3.1 Inleiding	35
3.3.2 Stigometriese indeling	36
3.3.3 Vertaling	36
3.3.4 Afgrensing	37
3.3.5 Segmentering	37
3.3.6 Kommunikatiewe middele	38
3.3.7 Sintese	40
3.3.8 Vergelyking	40

3.4	Jona 1:14	42
3.4.1	Inleiding	42
3.4.2	Stigometriese indeling	42
3.4.3	Vertaling	42
3.4.4	Afgrensing	43
3.4.5	Segmentering	43
3.4.6	Kommunikatiewe middele	43
3.4.7	Vergelyking	43
4.	DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NARRATIEWE TEKS EN DIE STORIE	46
4.1	Inleiding	46
4.2	Tyd	46
4.2.1	Volgorde	47
4.2.2	Duur	52
4.2.3	Frekwensie	56
4.3	Karakterisering	68
4.3.1	Sekondêre narratiewe wêreld	69
4.3.2	Die intensionele narratiewe wêreld	72
4.4	Ruimte	88
5.	DIE VERTELHANDELING	95
5.1	Fokalisasie	95
5.1.1	Fokalisasie en vertelhandeling	95
5.1.2	Fokalisasietipes	95
5.1.3	Fasette van fokalisasie	97
5.1.4	Verbale indikasies van fokalisasie	99
5.2	Vertelling	99
5.2.1	Die deelnemers aan die vertelproses	99
5.2.2	Die verhouding tussen vertelling en storie	100
5.2.3	' n Tipologie van vertellers	102
5.2.4	Die toehoorder	105
5.3	Die weergawe van spraak	105
6.	DIE BOODSKAP VAN DIE BOEK	106
6.1	Inleiding	106
6.2	Die genre van die boek	106
6.3	Die boodskap van die boek	108

OUTEURSREGISTER	111
SAKEREREGISTER	114
BYBELREGISTER	124
BIBLIOGRAFIE	127

LYS VAN AFKORTINGS

ATD	Das Alte Testament Deutsch
AThANT	Abhandlungen zur Theologie des Alten und Neuen Testaments
BET	Beiträge zur biblischen Exegese und Theologie
BHS	Biblia Hebraica Stuttgartensia
BiLe	Bibel und Leben
BZ	Biblische Zeitschrift
BZAW	Beihefte zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft
CBQ	Catholic Biblical Quarterly
COT	Commentaar op het Oude Testament
CTJ	Calvin Theological Journal
ET	The Expository Times
EvTh	Evangelische Theologie
HTS	Hervormde Teologiese Studies
HUCA	Hebrew Union College Annual
Interp.	Interpretation
JBL	Journal of Biblical Literature
JLS	Journal of Literary Studies
JQR	Jewish Quarterly Review
JSOT	Journal for the study of the Old Testament
KAT	Kommentar zum Alten Testament
NICOT	New international commentary on the Old Testament
NThT	Nieuw Theologisch Tijdschrift
OTS	Oudtestamentische Studien
SJTh	Scottish Journal of Theology
VT	Vetus Testamentum
ZAW	Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft
ZNTW	Zeitschrift für neutestamentliche Wissenschaft
ZThK	Zeitschrift für Theologie und Kirche

HOOFTUK 1

Inleiding

1.1 Problematiek

'Obwohl das Buch Jona *sehr klein ist*, hat es der frühchristlichen Kunst und der *Auslegung* bis auf unsere Zeit *viel Anregung* gegeben; denn "dies scheinbar so alberne Büchlein gehört zu dem *Tiefsten* und *Grossartigsten*, was jemals geschrieben worden ist" (my beklemtoning). Met hierdie woorde bring Loretz (1961:18) die paradoks tussen die lengte en die verstaanbaarheid van die boek treffend na vore. By die nagaan van die wetenskaplike literatuur oor Jona word hierdie paradoks al hoe duideliker. 'n Mens kom onder die indruk van die diversiteit van menings oor die boek wat gestalte vind in uitdrukkings soos 'the odd little tale' (Burrows 1970:80) en Luther se uitroep: 'Hilf Gott, welch ein wunderlich Werk is doch das!' (Von Rad 1974: 65).

Daar is veral drie sake wat baie nou met mekaar saamhang, naamlik die *komposisie*, die *literatuursoort* en die *boodskap*, wat as probleemareas van die boek genoem word. Soveel uiteenlopende oplossings word vir hierdie drie probleem-aspekte gebied dat daar inderdaad gesê sou kon word dat daar 'n Babelse verwarring oor hierdie aspekte van die boek heers. As die lengte van die boek in ag geneem word, is dit inderdaad 'n *vreemde* en *unieke* situasie.

1.1.1 Reeds van vroeg af was die *samestelling* van Jona die voorwerp van ondersoek by die eksponente van die *Literarkritiek*. In hierdie ondersoek is getrag om die bronne van die huidige verhaal te identifiseer en die oorspronklike verhaal te rekonstrueer. Die eerste persoon wat volgens Schmidt (1905:302-303) onderneem het om 'das Unzusammenhängende der einzelnen Teile des Buches nachzuweisen', was Nachtigall in 1799.

Böhme (1887:257) onderskei tussen twee verhale, A en B, wat saamgevoeg en uitgebrei is tot C en ook deur 'n redaktor, R, verwerk is. Schmidt (1905:285) verworp die tese van Böhme, maar toon tog sekere gedeeltes wat volgens hom sekondêr sou wees, soos Jona 2:3-10, 3:6-9, 1:13-14, 1:5c-6 en 1:8-10aα. Hierdie proses van die identifisering van onsamehangende dele bereik sy hoogtepunt met die werk DEO van Ludwig Schmidt in 1976.

Opvallend van die werk van die *Literarkritici* is die konsekwentheid waarmee Jona 2:3-10 as 'n 'Fremdkörper' uitgewys word. So beskou Nachtigall die gebed van Jona 2:3-10 as een van die oudste bronne van die verhaal terwyl De Wette en Knobel meen dat hierdie 'Psalm' vreemd aan die verhaal is en oorspronklik 'n selfstan-

dige gedig was (Schmidt 1905:285). Die literêre kwaliteit daarvan is ook onder verdenking en dit word meestal gesien as 'n kompilasië van aanhalings uit ander Psalms (Kaiser 1973:97). Dit laat Magonet soos volg konkludeer: 'The general concensus that the "psalm" is an addition, together with its similarity to others, have distracted attention from its unique characteristics' (1976:40). Ook die ander twee gebede, Jona 1:14 en 4:2-3, het dieselfde lot te beurt geval (Schmidt 1905:288-289).

Hierdie pogings om die oorspronklike verhaal te rekonstrueer, het uit die aard van die saak ook hierdie navorsers se siening oor die boodskap van die boek geraak. So sou die verhaal sonder sekere gedeeltes, soos onder andere die gebed in Jona 2:3-10, 'n ander boodskap hê as wanneer dit wel as deel van die verhaal gelees word.

1.1.2 Die veelheid van opinies bereik 'n klimaks in die nagaan van die tweede probleemgebied, naamlik die vraag na die *literatuursoort*. Burrows (1970:80) sny die probleem soos volg aan in 'n artikel waarin hy 'n oorsig oor die belangrikste standpunte gee: 'The essential problem, of course is not the classification for its own sake, but an understanding of the book's literary form as an expression of the author's purpose and meaning.' Alhoewel hy toegee dat die boek in vele opsigte uniek is en dus moeilik is om te klassifiseer, staan hy daarop dat 'it still represents a particular type of literature' en daarom kan dit geklassifiseer word.

Ter wille van 'n oorsig oor die probleem, word die verskillende standpunte met die name van hulle voorstanders kortliks gegee sonder om die argumente vir of teen die betrokke standpunte te bespreek. Vir die bespreking van die argumente kan die artikel van Burrows (1970:80-97) gelees word. Die boek Jona word op die volgende wyses geklassifiseer:

- * *Geskiedskrywing*: Hierdie standpunt word veral in Rooms-Katolieke kringe en deur mense met fundamentalistiese skrifbeskouings gehandhaaf. Iemand uit eersgenoemde kringe is P A Vaccari, terwyl E J Young laasgenoemde rigting verteenwoordig. P J N Lawrence (1986:121-132) gee in 'n interessante artikel historiese substansie aan sekere sogenaamde onhistoriese verwysings in Jona 3:6-7.
- * 'n *Profesie*: Op grond van die inleidingsformule en die insluiting by die Kleinprofete is dit 'n moontlikheid.
- * 'n *Profetiese legende*: soos die Elia- en Elisasiëklusse. G Haller en G Von Rad steun in hoofsaak hierdie standpunt.
- * 'n *Volkverhaal* of 'n verhaal met heelwat folkloristiese en mitologiese elemente: O Eissfeldt en K Marti is ondersteuners van hierdie standpunt.

- * 'n *Voorbeeldvertelling* met 'n didaktiese inslag: Haller en Weiser beweeg na 'n meer spesifieke *Gattung* en beskryf Jona dan as 'Lehrdichtung'.
- * 'n *Midrash*: Karl Budde was die eerste van 'n lang lys persone soos Wellhausen, Loretz en Trible om Jona as 'n soort Rabbynse preek oor 2 Konings 14:25 op te neem.
- * 'n *Allegorie*: Dit is een van die oudste klassifiserings wat onlangs weer deur P R Ackroyd na vore gebring is en hedendaags aangepas word tot kwasi- of semi-allegoriese verklarings.
- * 'n *Gelykenis*: Kommentatore soos J A Bewer en J D Smart is aanhangers van hierdie siening.
- * 'n *Satire*: Burrows self verkies hierdie klassifisering bo al die ander.
- * 'n *Parodie*: In 'n interessante artikel wat verder bou op die werk van E M Good en M Burrows poneer J A Miles (1974-1975:170-181) dat dié boek 'n parodie is op die religieuse geskrifte van Israel.
- * 'n *Novelle*: Die belangrikste eksponent van hierdie siening is H W Wolff.

Uit hierdie oorsig blyk dat die uniekheid van die boek ook uit die onvermoë van navorsers om 'n konsensus oor die klassifisering daarvan te bereik, na vore kom. Tog moet en kan Jona wel as 'n bepaalde literatuursoort geklassifiseer word, want die keuse van die genre is 'n uitdrukking van die bedoeling en betekenis wat die outeur met die verhaal wil tuisbring. Hierdie klassifikasie word vervolgens as hipotese gestel.

1.1.3 Dit bring ons by die derde probleemarea in die Jonanavorsing: die *betekenis* of die *boodskap* van die boek. Kaiser (1973:91) vat die vraagstuk oor hierdie aspek baie goed in die volgende woorde saam: 'Es ist erstaunlich, dass binnen der letzten drei Jahre auch drei Deutungen der Erzählung des Jonabüchleins vorgelegt worden sind, die sich so weitgehend voneinander unterscheiden, dass der Leser bei ihrer isolierten Betrachtung meinen könnte, hier würde über ganz verschiedene Werke geurteilt.' Hiermee word onderskeidelik die menings van G H Cohn, A Jepsen en W Rudolph gegee. Terwyl Cohn, volgens Kaiser (1973:91), die betekenis van die boek daarin vind 'dass Gottes Wort allein richtungweisend und das Sein allen Leben ist', meen Jepsen weer: 'Das Ziel dieser kleinen Erzählung wird am Ende ausgesprochen: dieses Gottes Barmherzigkeit überwindet das Gericht und will das Leben. Aber am Anfang steht die Frage des Jona nach dem Sinn seines Dienstes an der Welt im Blick auf Gottes Unbegreiflichkeit.' Rudolph daarenteen se standpunt

word soos volg saamgevat: 'Der Streitpunkt – und damit das einzige Thema des Büchleins – ist die Frage, ob die Liebe und Barmherzigkeit Gottes nicht nur dem auserwählten Volke, sondern auch den Heiden gilt, und die energische Bejahung ist der Zweck der Erzählung.' Alhoewel Kaiser God se barmhartigheid wat oor die gering seëvier as newetema erken, meen hy dat 'Vermächtnis des Jonabuches' die Absage an das fromme Vorurteil und die Aufforderung, angesichts der Wirklichkeit Gottes Möglichkeiten Raum zu geben und sich nicht selbst in Weg zu stehen'.

By hierdie standpunte oor die boodskap van die boek kan nog vele ander gevoeg word, waarvan die volgende drie die belangrikste is:

- * Na aanleiding van die slotvers in die boek word die tema deur onder andere Weiser & Fohrer (1969:486v) gesien as 'n deurbreking van die enge Joodse partikularisme, met 'n universalistiese siening dat God se genade ook vir die heidene geld. Die boek sou dan ook 'n missionêre karakter verkry deur 'n implisiete opdrag tot heidensending.
- * R E Clements (1975:21) soek die oorheersende tema van die boek weer in die verhouding tussen God en mens wanneer hy sê: 'Thus it is a story about God and his relationship with men, rather than about the relationships of Jews with Gentiles.'
- * 'n Laaste belangrike mening waarmee ons volstaan, is dié van Van der Woude (1978a:14): 'Het allesbeheersende thema van het boek is *de relatie tussen God en zijn profeet*.' Verder skryf hy: 'Daarom is het boek Jona een boek voor ambtsdragers, niet primair voor zendelingen' (Van der Woude 1978b:292).

Hieruit is dit duidelik dat daar ook oor hierdie aspek van die boek geen eenstemmigheid bestaan nie. Bogenoemde drie standpunte bevat myns insiens wel sekere elemente van die waarheid, soos byvoorbeeld:

- * by die eerste standpunt is die waarheidselement daarin geleë dat Jahwe se genade inderdaad wyer as Israel toegepas kan word;
- * by die tweede standpunt is dit wel waar dat die verhouding tussen God en mens belangrik is;
- * by die laaste standpunt is die verhouding tussen God en sy profeet ook van belang, aangesien God se vrymag ook in hierdie verhouding erken moet word.

Tog kan daar teen elkeen van hierdie standpunte geldige besware ingebring word en slaag dit daarom nie om as 'n *enkele* geloofbare verklaring vir die boodskap van die verhaal te dien nie. Die oplossing vir die boodskap van die verhaal moet dus elders

en aan die hand van 'n ander verklaring gesoek word. Hierdie verklaring sal in hoofstuk 6, nadat die samestelling en die genre van die verhaal bespreek is, aan die orde gestel word.

1.2 Hipotesestelling

Bostaande oorsig toon aan dat daar telkens een aspek van die literêre aard van Jona ten koste van elke ander beklemtoon is. Die boek word dan vanuit daardie perspektief gelees en beoordeel; daarom dan dat daar kritiek in te bring is teen elkeen van die betrokke klassifiserings. Wat nodig is, is 'n omvattende benadering of 'n algemene noemer waardeur dit moontlik sal wees om reg te laat geskied aan al die verskillende aspekte. Die historisiteit van sekere gegewens moet behou word sonder dat daar tekort gedoen word aan die narratiewe aard van die verhaal. Pogings om retoriese aspekte soos humor en ironie uit te lig, mag nie afbreuk doen aan die didaktiese aard van die vertelling wat deur middel van 'n bepaalde sentrale premisse 'n boodskap tuis wil bring nie.

Die hipotese van hierdie studie is dat Jona 'n *kortverhaal* is wat as sodanig gelees en verstaan moet word. Met 'verhaal' word bedoel dat 'daar in die vorm van 'n [hoofsaaklik][prosa] taaltekst 'n storie vertel word deur iemand aan iemand in sekere omstandighede' (Brink 1987:40; my toevoeging en kursivering). Deur die boek Jona vanuit hierdie hipotese te benader, word nie alleen getrag om vorige navorsingsresultate te inkorporeer nie, maar ook om deduktief oplossings te verskaf op bovermelde vraagstukke van die boek. Aangesien die hipotese aan die hand van bepaalde doelstellings en met 'n spesifieke werkwyse getoets gaan word, word beoog om dit as 'n billike en korrekte vertrekpunt te bewys.

1.3 Doelstellings

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die boek Jona 'n vertelling is en dat dit daarom narratologies geanaliseer en geklassifiseer behoort te word. 'n Verdere doelstelling is om, nadat die onderskeie samestellende dele deur 'n struktuuranalise geïdentifiseer is, die narratologiese funksie van die onderskeie onderdele ten opsigte van die geheel te bepaal. Sodoende sal die probleem van die samestelling van die boek in die algemeen, maar veral ook die posisie van die gebede in die besonder aan die orde gestel word. 'n Laaste doelstelling is om in die lig van die resultate van eersgenoemde twee doelstellings, die boodskap van die verhaal onder die loep te neem.

1.4 Werkwyse

Jona is kanonies deel van die twaalf Kleinprofete, maar selfs vir die oningewyde is daar opmerklke verskille tussen hierdie boekie en die res van die Kleinprofete. Hierdie verskille is by die probleemstelling aan die orde gestel.

Hierdie probleme sal sistematies behandel word. In hoofstuk 2 word die oppervlakstruktuur van die boek, dit wil sê die wyse waarop die teks morfologies-sintakties gestruktureer is, geanaliseer en word die verskillende samestellende dele onderskei. Sekere grammatikale en sintaktiese verskynsels word uitgewys en kortliks bespreek. Dit gaan dus primêr in hierdie hoofstuk om 'n sinchroniese analise van die teks soos dit in sy finale vorm voorhande is.

Hoofstuk 3 bou verder op hierdie pad voort deur die gebede as besondere onderdele van die boek, deur middel van poëtiese analises te ondersoek. Hoofstukke 2 en 3 handel dus primêr oor die samestelling van die boek en die eie aard van sekere van die samestellende dele soos wat dit in die oppervlakstruktuur gestalte vind. Nadat daar op mikro- sowel as makrovlak sekere verskynsels geïdentifiseer is, word hulle funksies en hulle relasies tot mekaar en tot die geheel bespreek en daarna word hulle bydrae tot die betekenis binne die kommunikasieproses ontleed.

Terme soos 'oppervlak'- en 'dieptestruktuur' word in hierdie studie met 'n dubbele betekenis gebruik. Enersyds word dit in hoofstukke 2 en 3 ten opsigte van die morfologies-sintaktiese vlak van die teks aangewend en andersyds word dit ook in hoofstukke 4 en 5 op die narratologiese vlak toegepas. In laasgenoemde geval dui 'oppervlakstruktuur' op die konkrete diskoers terwyl 'dieptestruktuur' 'n abstraksie van die storiegebeure is. In beide gevalle word vanuit die formele gegewene na die dieperliggende betekenis beweeg.

In hoofstukke 4 en 5 word gewerk met narratologiese kriteria waaraan die boek getoets word om die hipotese oor die literatuursoort of literêre genre te substansieer. Om dit te doen, kan op verskillende maniere te werk gegaan word. Uitgaande van 'n vereenvoudigde kommunikasie-model in navolging van Jakobson (1960) van Sender → Tekst → Leser staan die teks as kommunikatiewe teken in hierdie hoofstukke sentraal. Hierdie teks kan egter volgens bepaalde strategieë en aan die hand van verskillende kontemporêre literêre teorieë ontleed word.

Daar kan, soos by die Russiese Formaliste, op die *literariteit* van die teks gekonsentreer word deur die spesifieke literêre eienskappe van hierdie teks te onderskei van ander tekste. Deur middel van formele kunsgrepe soos vertellerstegnieke sou daar gewys kon word op 'n effek van *vervreemding*, wat lei tot 'n verhoogde persepsie van 'n kunsgreep se funksie van *voorstelling*. Deur só te werk te gaan, sou die ondersoek na die teks beperk word tot die identifisering en beskrywing van kunsgrepe, soos byvoorbeeld vertellerstegnieke wat vervreemding bewerkstellig, of poëtiese

konvensies wat die aandag trek op die opvallende andersheid van die gebede binne die boek Jona.

'n Tweede kontemporêre literêre teorie waarvolgens die teks bespreek sou kon word, is die strukturalisme waarvolgens dit nie voldoende sou wees om slegs bepaalde tegnieke te identifiseer en te bespreek nie, maar wel om die *relasies* tussen die onderlinge dele en die geheel van 'n verhaal te identifiseer en om eweneens die ekwivalensieverhoudinge tussen metaforiese en sintaktiese konstruksies in die gebede te beskryf. Deur die beskrywing van derglike verhaalmatige en poëtiese relasies sou die *struktuur* van die boek dan deursigtig word.

Alhoewel die stap vanaf 'n opnoem van kunsgrepe na 'n beskrywing van hulle onderlinge verhouding binne 'n teks dit duidelik laat word op watter manier betekenis teweeggebring sou kon word, sal 'n 'suiwer' strukturele beskrywing nog nie noodwendig lei tot betekenisstoekenning aan die teks nie. Eers wanneer die teks beskou word as 'n *teken*, word die noodsaak van dekodering van die teken (ofte wel betekenisstoekenning aan die teks) beklemtoon. In 'n semio-strukturalistiese model word die *kommunikatiewe funksie* van kunsgrepe en hulle onderlinge relasies dus besef, sodat 'n semio-strukturalistiese benadering tot die boek Jona sou kon lei tot 'n interpretasie van die boodskap via 'n analise van strukturele relasies. Die insig dat die teks 'n teken is wat gedekodeer moet word om by die betekenis of boodskap uit te kom, word deur Dolozel (1979:193) in terme van 'narrative semantics' soos volg gedefinieer: '[N]arrative semantics is a study of meaning expressed in forms, a study of formally organized meaning. Unlike formalism, narrative semantics does not claim that the aesthetic effect results from "pure" forms, rather, its source is located in the totality of the literary work.'

In hierdie studie word vir die analise en dekodering van die narratiewe struktuur van die boek Jona op Genette (1980) gesteun. Alhoewel Genette meestal by die Franse strukturalisme geklassifiseer word, gaan hy verder as die ander verteenwoordigers van hierdie rigting, omdat hy nie alleen 'n sistematiese teorie ontwikkel nie, maar dit ook demonstreer deur 'n gekompliseerde roman te lees. Genette kom dus via 'n struktuuranalise tot betekenisstoekenning. Om hierdie rede word in hoofstukke 4 en 5 hoofsaaklik van sy model gebruik gemaak om die globale relasies tussen enersyds die teks (oppervlakstruktuur) en sy onderliggende 'geskiedenis' (dieptestruktuur) en andersyds die teks en die wyse waarop dit as teks geproduseer word (vertelhandeling) te ondersoek. In ooreenstemming hiermee sal in hoofstuk 4 aspekte soos gebeure en die deelnemers aan die gebeure in terme van tyd en ruimte as relasies tussen die storievlak en die narratiewe teks ondersoek word en vervolgens in hoofstuk 5 aandag geskenk word aan die vertelproses met al sy aspekte. Wanneer die boek Jona vervolgens in die lig van hierdie literêr-teoretiese modelle

gelees word, is so 'n werkwyse nie 'n doel op sigself of 'n manier om die leser te beïndruk nie, maar word dit beskou as 'n leesstrategie waardeur die teks toeganklik(er) vir die leser moet word.

Hoofstuk 6 as laaste hoofstuk sal daarom die konklusies waartoe die voorafgaande ondersoek gelei het, weergee en bespreek. Hierdie is dan ook die logiese plek waar die boodskap van Jona ter sprake sal kom. Terwyl in die voorafgaande hoofstukke individuele tegnieke geïdentifiseer, die onderlinge relasies tussen hulle beskryf en hulle betekenis vasgestel is, word in hierdie hoofstuk getrag om al hierdie onderdele se bydrae tot die geheel saam te vat en by 'n globale betekenis van die teks uit te kom. Daardeur sal die geïdentifiseerde hoofprobleemareas van die boek nie alleen in 'n bepaalde volgorde aan die beurt gestel word nie, maar ook tot 'n geheel saamgesnoer word.

HOOFSTUK 2

Struktuuranalise

2.1 Inleiding

Wanneer literêre tekste gelees word, is dit noodsaaklik vir die verstaan van die teks dat daar noukeurig op die woordkeuse, sinsbou en die totale struktuur van die teks gelet word. By die lees van tekste in 'n vreemde taal is hierdie 'close reading' soveel te meer noodsaaklik, omdat konvensies soos 'n vreemde skrif, grammatikale eienaardighede en sinsbou nie so 'n natuurlike deel van die leser se toerusting uitmaak soos wat dit die geval by moedertaalsprekers sou wees nie. Om die dekodering van die boodskap van 'n teks in 'n vreemde taal suksesvol te verrig, is dit noodsaaklik om daardie teks eers op 'n sinchroniese wyse te lees. Sodoende word die betekenis via die oppervlakstruktuur van die teks blootgelê. Daarom begin hierdie ondersoek van die Jona-verhaal met 'n ontleding van die oppervlakstruktuur wat daaruit bestaan dat die relasies tussen letters, woorde en sinne ineenskakel om 'n geheel te vorm. Hierdie sinchroniese analise van die oppervlakstruktuur van die Jona-verhaal wat vervolgens gedoen sal word, is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n metode om op 'n gekontroleerde wyse bymekaar te bring wat bymekaar hoort.

2.2 Struktuuranalise

In die analise wat volg, word die verdeling van die teks in kola, subkola en kommata deur verskillende syfers en simbole aangedui. 'n Syfer heel regs in die kantlyn dui 'n kolon aan. By die direkte rede word die sinne wat op die hoofsin volg en as gevolg van die konteks daarvan afhanklik is, maar nie by 'n onderdeel van die hoofsin ingebed is nie, 'n subkolon genoem. Dit word aangedui deur 'n desimale syfer wat na links inspring. Inbeddings by subkola word deur 'n tweede desimale syfer aangedui. Kommata word met behulp van parallelle skuinsstrep binne die kolon gemerk. Inbeddings binne kommata word met behulp van 'n enkele skuinsstrep aangedui.

Omdat die gebede as poësie beskou word, word hulle stigometries geanaliseer. Strofes word heel regs deur middel van Arabiese syfers aangedui, terwyl die stansas met behulp van Romeinse syfers gemerk word. Aan die linkerkant van die poëtiese gedeeltes word die metrum van die versreël aangedui. Hoewel die gebede stigometries ingedeel is, word die redes vir hierdie indeling in die volgende hoofstuk bespreek.

1. נִיהַי דְּכַר־יְהוָה אֶל־יוֹנָה בְּן־אַמְטִי לֵאמֹר
 - 1.1 קוּם לֶךְ אֶל־נִינּוּה הָעִיר הַגְּדוֹלָה
 - 1.2 וּקְרָא עָלֶיךָ // כִּי עָלְמָה כָּעָסָם לִפְנֵי
 2. נִיָּקָם יוֹנָה לְכַרְס טַרְשִׁישָׁה מִלִּפְנֵי יְהוָה
 3. נִיַּכְרֹד יָפוּ
 4. נִימְצָא אֲנִיָּה // בָּצָה טַרְשִׁישׁ
 5. נִיחַן שָׂקֶהָ
 6. נִיַּכְרֹד בָּהּ // לְבוֹא עִמָּהֶם טַרְשִׁישָׁה מִלִּפְנֵי יְהוָה
-
1. נִיְהוּהָ הַטִּיל רוּם־גְּדוֹלָה אֶל־הַיָּם
 2. נִיְהִי סַעַר־גְּדוֹל כַּיָּם
 3. נִהָאֲנִיָּה חֲשָׁה לְהַשְׁבֵּר
 4. נִיִּירָאוּ הַמַּלְאָכִים
 5. נִיזָּעְקוּ אִישׁ אֶל־אֱלֹהֵי
 6. נִיבְטְלוּ אֶת־הַבָּלִים אֲשֶׁר בָּאֲנִיָּה אֶל־הַיָּם // לְהַקֵּל מַעְלֵיהֶם
 7. נִיוֹנָה יָכַר אֶל־יִרְכָּמִי הַסְּפִינָה
 8. נִישָׁבַב
 9. נִיַּכְרַם
 10. נִיַּקְרַב אֵלָיו כִּב הַחִבֵּל
 11. נִיאָמַר לוֹ
 - 11.1 מַה־לֶּךְ גַּרְחָם
 - 11.2 קוּם קְרָא אֶל־אֱלֹהֶיךָ
 - 11.3 אִוְלִי יַחְזַעֲשֵׁת הַאֱלֹהִים לָנוּ // וְלֹא נִאֲבֹד
 12. נִיאָמְרוּ אִישׁ אֶל־רֵעֵהוּ
 - 12.1 לְכוּ וְנִפְיֵלָה גּוֹרְלוֹת // וְגִדְעָה בְּשִׁלְמֵי הַקָּעָה הַזֹּאת לָנוּ
 13. נִיפְלוּ גּוֹרְלוֹת
 14. נִיפַל הַגּוֹרֵל עַל־יוֹנָה
 15. נִיאָמְרוּ אֵלָיו
 - 15.1 הַגִּיחָה־נָּא לָנוּ
 - 15.1.1 בְּאֲשֶׁר לְמִי־הַקָּעָה הַזֹּאת לָנוּ
 - 15.1.2 מַה־מְלֹאכְתָּהּ
 - 15.1.3 וּמֵאַיִן חִבּוֹא
 - 15.1.4 מַה אַרְצָךְ
 - 15.1.5 וְאִי־מִזָּה עִם אָתָּה

16. נִיאָמַר אֲלֵיהֶם
 16.1 עֲבָרֵי אָנֹכִי
 16.2 וְאֵת־יְהוָה אֱלֹהֵי הַשָּׁמַיִם אָנִי יָרָא // אֲשֶׁר־עָשָׂה
 אֶת־הַיָּם וְאֶת־הַיַּבֵּשָׁה
 17. נִבְרָאוּ הָאֲנָשִׁים יִרְאַה גְּדוּלָּה
 18. נִיאָמְרוּ אֵלָיו
 18.1 מִה־זֹּאת עָשִׂיתָ // כִּי־יִרְעוּ הָאֲנָשִׁים כִּי־מַלְּפָנָי יְהוָה
 הוּא בָרַח / כִּי הִגִּיר לָהֶם
 19. נִיאָמְרוּ אֵלָיו מִה־נַּעֲשֶׂה לָּךְ // וַיִּשְׁמַק הַיָּם מִעֲלֵינוּ // כִּי הַיָּם
 הוֹלֵךְ וְסֹעֵר
 20. נִיאָמַר אֲלֵיהֶם
 20.1 שְׂאוּנִי נְהַטִּילְנִי אֶל־הַיָּם // וַיִּשְׁמַק הַיָּם מִעֲלֵיכֶם /
 כִּי יוֹרֵעַ אָנִי כִּי בְּשָׁלִי הִסְעַר הַגְּדוּל הַזֶּה עֲלֵיכֶם
 21. נִבְחָמְרוּ הָאֲנָשִׁים לְהַשִּׁיב אֶל־הַיַּבֵּשָׁה
 22. וְלֹא יָבֹלוּ // כִּי הַיָּם הוֹלֵךְ וְסֹעֵר עֲלֵיהֶם
 23. נִבְקָאוּ אֶל־יְהוָה נִיאָמְרוּ
 1 אָנָּה יְהוָה
 2+3 אֶל־נָא נֹאכְרָה בְּנִפְשׁ הָאִישׁ הַזֶּה
 2+2 וְאֶל־חַמֹּן עֲלֵינוּ כִּם נָקִיא
 2+3=14 כִּי־אָמַתָּה יְהוָה כַּאֲשֶׁר חִפְצָתָם עָשִׂיתָ:
 24. נִישָׂאוּ אֶת־יּוֹנָה
 25. נִיטְלָהּוּ אֶל־הַיָּם
 26. נִנְעָמְרוּ הַיָּם מִזַּעַפּוֹ
 27. נִבְרָאוּ הָאֲנָשִׁים יִרְאַה גְּדוּלָּה אֶת־יְהוָה
 28. נִבְיָבְחוּ־וַיִּכַּח לִיְהוָה
 29. נִבְיָדְרוּ בְּנַרְרִים
 1. נִימֵן יְהוָה כִּג גְּדוּל לְבַלַּע אֶת־יּוֹנָה
 2. נִיְהִי יוֹנָה בְּמַעֵי הַיָּם שְׁלוּשָׁה יָמִים וּשְׁלֹשָׁה לַיְלוֹת
 3. נִיחַפְּלָל יוֹנָה אֶל־יְהוָה אֱלֹהֵהֶּיּוּ מִמַּעֵי הַיָּם נִיאָמַר
 I 1 קִרְאֵתִי מִצְרָה לִי אֶל־יְהוָה נִיַּעֲגֵנִי
 3+2 מִבְּטֵן שְׂאוּל שְׁנַעֲתִי שְׁמַעְתָּ קוֹלִי:
 3+2=10

<p>4+2 +4=10</p>	<p>נמשליכני מצולה בלכב ימים ונקר יסכבני כל-משכריה ונליה עלי עכרו :</p>	<p>II 2</p>
<p>2+3 3+2=10</p>	<p>נאני אמרתי נגדשתי מנגד עיניה אך אוסירף לנכיס אל-היכל קרשה :</p>	<p>3</p>
<p>3+2 +3 3+4=15</p>	<p>אפפוני מים ער-נפש תהום יסכבני סוף חבוש לראשי : לקצבי הרים ונרתי הארץ ברתיה כערי לעולם</p>	<p>III 4</p>
<p>3+2 3+2 3+2=15</p>	<p>נפעל משחת חבי יהנה אלהי : בהמעטף עלי נפשי את-יהנה וקרתי נכבוא אליה תפלתי אל-היכל קרשה :</p>	<p>5</p>
<p>3+2 3+2+3 2=15</p>	<p>משמרים הקלי-שוא חסנם יעזבו : נאני בקול חונה אובנה-לך אשר נרתי אשלמה ישועתה ליהנה :</p>	<p>IV 6</p>

4. ניאמר יהנה לכג

5. ניקא את-יונה אל-הנבשה

1. ניהי דבר-יהנה אל-יונה שנית לאמור
 - 1.1 קום לך אל-נינה העיר הגדולה
 - 1.2 ויקרא אליה את-הקריאה אשר אנכי דבר אליה
2. ניקם יונה
3. נילך אל-נינה בדבר יהנה

1. ונינה היתה עיר-גדולה לאלהים מהלך שלשת ימים
2. נחל יונה לבוא בעיר מהלך יום אחר
3. ניקרא ניאמר
 - 3.1 עוד ארבעים יום ונינה נהפכת
4. נבאמינו אנשי נינה באלהים
5. ניקראו-צום
6. נילבשו שקים מגדולם וער-קטנם
7. ניגע הדבר אל-מלך נינה
8. ניקם מבסאו

9. נִיעֵבֶר אֶנְחָתוּ מַעְלִיו
10. נִיכֶס שֶׁק
11. נִישָׁב עַל-הַנְּאָפֶר
12. נִיזְעַק נִיאֲמֹר
- 12.1 בְּנִינְוָה מִטַּעַם הַמֶּלֶךְ וּגְדִלְיוֹ לֵאמֹר
 - 12.1.1 הָאֲנָס וְהַבְּהֵמָה הַבָּקָר וְהַצֹּאן אֶל-יִטְעֲמוּ מֵאוֹמָה
 - 12.1.2 אֶל-יִרְעוּ
 - 12.1.3 וּמִים אֶל-יִשְׁתּוּ
 - 12.1.4 וְיִחַכְסוּ שִׁקִּים הָאֲנָס וְהַבְּהֵמָה
 - 12.1.5 וְיִקְרְאוּ אֶל-אֱלֹהִים בְּחִזְקָה
 - 12.1.6 וְיִשָּׁבוּ אִישׁ מִדְּבַר הַקְּרָעָה וּמִן-הַחֶמֶס אֲשֶׁר בְּכַפֵּיהֶם
- 12.2 מִי-יִוְרָע יִשׁוּב וְנָחַס הָאֱלֹהִים וְשָׁב מִחֲרוֹן אַפּוֹ וְלֹא נֹאכֵד
 13. נִיבְרָא הָאֱלֹהִים אֶת-מַעֲשֵׂיהֶם כִּי-שָׁבוּ מִדְּבַר הַקְּרָעָה
 14. נִיבְנָחַס הָאֱלֹהִים עַל-הַקְּרָעָה אֲשֶׁר-דִּבֶּר לַעֲשׂוֹת-לָהֶם
 15. וְלֹא עָשָׂה

1. נִיבְרַע אֶל-יִוְנָה קְרָעָה גְדוֹלָה
2. נִיחַסֵר לוֹ
3. נִיחַפְּלַל אֶל-יְהוָה נִיאֲמֹר

- 1 אָנָּה יְהוָה
 - 4 הָלוֹא-זֶה דְּבָרֵי עַד-הַיּוֹמִי עַל-אַרְמְתִּי
 - +4=8 עַל-כֵּן קִנְיַמְתִּי לְבָרַח מִכְּשִׁישָׁה
- 2 כִּי נִבְרַעְתִּי כִּי אָמַתָּה אֶל-חַנּוּן וְרַחֲמוֹס
 - 2+3 אַךְ אֶפְסִים וְכִב-חֶסֶד וְנָחַס עַל-הַקְּרָעָה:
 - 3+2=10
- 3 וְעַמָּה יְהוָה
 - 3+3=6 קַח-נָא אֶת-נַפְשִׁי מִמֶּנִּי כִּי טוֹב מוֹתִי מִחַיִּי:

4. נִיאֲמֹר יְהוָה
 - 4.1 הַהִיטֵב חָכְהָ לָךְ
 5. נִיבְצֵא יוֹנָה מִן-הַעִיר
 6. נִישָׁב מִקְדָּם לַעִיר
 7. נִיעַשׂ לוֹ שֵׁם סָבָה
 8. נִישָׁב סַחְמִיָּה בַּצֵּל // עַד אֲשֶׁר יִרְאֶה מֵה-יְהוָה בְּעִיר
 9. וְיִמֵן יְהוָה-אֱלֹהִים קִיקִיוֹן

10	ניצל מעל ליונה // להיות צל על-ראשו // להציל לו מן־פח
11	נישמש יונה על-הקיקיון שמטה גדולה
12	נימן האלהים תולעת בעלות השחר לתחת
13	נתן את-הקיקיון
14	נייבש
15	ניהי בורח השמש // נימן אלהים רוח קדים תרישית
16	נתן השמש על-ראש יונה
17	ניתעלף
18	נישאל אח-נפשו למות ניאמר
18.1	טוב מותי מסידי
19	ניאמר אלהים אל-יונה
19.1	נהיטב חכה-לה על-הקיקיון
20	ניאמר
20.1	היטב חכה-לי עד-מנח
21	ניאמר יהנה
21.1	אטה חספ על-הקיקיון
21.1.1	אשר לא-עמלם בו
21.1.2	... ולא גדלחו
21.1.3	שבן-לילה היה
21.1.4	... ובן-לילה אכר
21.2	נאני לא אחוס על-ניגונה העיר הגדולה
21.2.1	אשר יש-בה הרבה משמים-עשרה רבו אכם //
	אשר לא-ינע בין-ימינו לשמאלו
21.2.2	ובהמה נכה

2.3 Bespreking van die analise

Na aanleiding van bogenoemde analise is dit duidelik dat die verhaal in twee onderskeibare dele, naamlik 'n A- en 'n B-deel verdeel kan word. Hierdie verdeling word op formele sowel as inhoudelike gronde gedoen. Die formele kriteria bestaan enersyds daaruit dat albei die gedeeltes met dieselfde inleidingsformules, naamlik **נִיְהִי דְכַר־יְהוָה** begin en andersyds dat hierdie inleidingsformules in albei die gedeeltes die *Gattung* van die profetiese roeping inlei. Die inhoudelike kriteria berus op sake soos afgerondheid van handeling en gebeure, wisseling van plek en tyd. Die A-deel sluit in Jona 2:11 af wanneer die gebeure binne die ruimte van die vis tot 'n einde kom. Die B-deel daarenteen begin met 'n nuwe gebeurereeks binne 'n nuwe ruimte en ook op 'n ander tyd.

Elkeen van hierdie gedeeltes kan onderling nog in drie perikope verdeel word. Die eerste perikope van die A-deel bestaan uit ses kola wat die gebeure rondom die

profetiese opdrag van Jona beskryf. Die tweede perikoop begin met 'n subjekwisseling wanneer Jahwe die storm veroorsaak en dit vind ook in 'n ander ruimte as die eerste perikoop plaas. Hoewel hierdie gebeure aanvanklik deur Jahwe geïnisieer word, het dit eintlik op Jona en die matrose betrekking. Hulle is die karakters wat midde in die gebeure staan en daardeur beïnvloed word. Wanneer die matrose deur die omstandighede daartoe geforseer word, bid hulle in Jona 1:14 tot Jahwe. In hierdie gebed, soos wat uit hoofstuk 3 sal blyk, word van prosa na poësie oorgegaan. Normaalweg sou so 'n oorgang op die begin van 'n nuwe perikoop dui, maar hier word dit slegs in die prosaverhaal ingebed. Aangesien die perikoop met 'n storm en die matrose se reaksie daarop begin en weer afgesluit word met die storm wat bedaar en die matrose se reaksie daarop, word dit struktureel en inhoudelik deur middel van 'n *inclusio* afgegrens. Hiermee kom die gebeure van die tweede perikoop tot 'n logiese einde. Die laaste perikoop word ingelei deur 'n subjekwisseling wanneer Jahwe 'n vis beskik om Jona in te sluk. Tegelykertyd wissel die ruimte ook, omdat hierdie gebeure binne die vis en nie meer op die skip afspeel nie. Binne hierdie laaste perikoop word die prosabeskrywing ook deur poësie in Jona 2:3-10 afgewissel, wanneer die gebed van Jona binne die vis weergegee word. In die volgende hoofstuk sal hierdie gebed en die redes waarom dit as poësie beskou word, in meer detail bespreek word.

Meningsverskil bestaan oor die indeling van die perikope in die B-deel. Vanoni (1978:41-43) verdeel hierdie deel slegs in twee perikope, naamlik Jona 3:1-4:4 en 4:5-4:11. Witzernath (1978:38-40) verdeel dié gedeelte in drie dele wat onderskeidelik by Jona 3:1, 3:4d en 4:1 begin. Loader (1987:123) volg ook 'n driedeling van die gedeelte, maar na sy oordeel begin die tweede perikoop by Jona 3:3b. Op grond van sintaktiese en inhoudelike gronde word Loader se indeling verkies. Die eerste perikoop van die B-deel bestaan, net soos die ooreenstemmende perikoop van die A-deel, uit 'n beskrywing van die profetiese roeping van Jona en sy reaksie daarop. Die tweede perikoop neem 'n aanvang wanneer die ruimte verander na die binnekant van die stad Nineve. In hierdie perikoop handel dit hoofsaaklik oor die mense van Nineve se reaksie op Jona se preek en die wending wat dit in God se voorneme teweeggebring het. Die laaste perikoop word gekenmerk deur die wisselwerking tussen Jona en Jahwe. Net soos in die derde perikoop van die A-deel word die prosa ook hier met poësie afgewissel in die gebed van Jona in Jona 4:2-3.

Die verdeling van die boek kan skematies soos volg voorgestel word:

A	B
A ¹ : 1:1-3	B ¹ : 3:1-3a
A ² : 1:4-16	B ² : 3:3b-10
A ³ : 2:1-11	B ³ : 4:1-11

Uit hierdie skematiese voorstelling kan die formele simmetriese opbou van die boek waargeneem word. Dit het bepaalde implikasies vir die betekenis van die boek.

Hierdie sintaktiese analise het reeds aangetoon dat die gebede 'n eie aard het. Vervolgens sal hierdie eie aard in hoofstuk 3 noukeurig ondersoek word.

HOOFSTUK 3

Die poëtiese gedeeltes

3.1 Inleiding

Soos uit die struktuuranalise van die boek Jona in hoofstuk 2 blyk, is daar drie gebede in die verhaal, naamlik Jona 1:14, 2:3-10 en 4:2-3. Omdat hierdie gedeeltes tot onlangs deur die meeste kommentatore (Allen 1976:184; Wolff 1977:103-105; Van der Woude 1978:34) as sekondêre toevoegings tot die verhaal beskou is en daar in die geval van die gebed in Jona 2:3-10 negatiewe oordele oor die poëtiese kwaliteit daarvan uitgespreek is, is dit nodig dat hulle nou eers deeglik ondersoek word. Dit is veral nodig omdat dié drie gebede, soos wat dit in hoofstuk 4 sal blyk, 'n integrale deel van die narratiewe struktuur vorm. Trouens, hulle word binne die narratiewe struktuur vooropgestel omdat hulle as pouses funksioneer wat die verhaaldeure vertraag. Daarom is 'n indringende analise van hulle aard en betekenis geregtig. In die hieropvolgende ondersoek sal 'n struktuur- en retoriese analise van elke gebed gedoen word en deur die identifisering van bepaalde poëtiese konvensies en die bespreking van hulle onderlinge relasies, sal daar gepoog word om aan te toon dat dit hier om poësie gaan. Verder sal ook na die betekenis van die individuele konvensies binne 'n bepaalde gedig asook na die betekenis van die gedigte in hulle geheel gevra word.

Die bespreking van elke gedig sal deur 'n stigometriese indeling in Hebreeus en Afrikaans voorafgegaan word wat duidelik in strofes en stansas afgebaken is. Gedurende die betoog sal hierdie stansas en strofes as verwysingspunte gebruik word en nie die Masoretiese versindeling van die boek nie. Die rede hiervoor is dat die Masoretiese versindeling nie altyd met die strofes ooreenstem nie en dus verwarring kan veroorsaak.

Alhoewel Jona 2:3-10 nie die eerste gebed in die boek is nie, word dit eerste bespreek; daarna volg Jona 4:2-3 as teenpool van Jona 2:3-10. Die matrose se gebed in Jona 1:14 word laaste bespreek. Die gebed in Jona 2:3-10 kom eerste aan die beurt omdat dit algemeen as 'n Psalm of gedig erken word, terwyl by die ander twee gebede eers bewys moet word dat hulle ook inderdaad poësie is. Verder vertoon Jona 4:2-3 en 1:14 soortgelyke eienskappe wat dit prakties makliker maak om hulle saam te bespreek. Deur hierdie volgorde te handhaaf, word die onderlinge verhouding tussen die gebedsgedeeltes binne die Jona-verhaal terselfdertyd geëksplisiteer.

3.2 Jona 2:3-10

In die tweede hoofstuk getitel 'Analysis of the "Psalm"' van sy boek, ontleed Jonathan Magonet (1976:39-54) hierdie gebed en hoewel hy ook sekere stilistiese trekke raaksien en bespreek, laat hy die klem op die aanhalings uit ander Psalms val. Verder volg hy ook 'n bepaalde werkwyse in die bespreking van hierdie aanhalings, deur te konsentreer op drie maniere waarop die probleem van die 'quotations' uit die ander Psalms benader kan word. Eerstens kan elke aanhaling individueel ondersoek word om sy afhanklikheid van 'n bepaalde bron uit die Psalms te bepaal. 'n Tweede moontlikheid is om die Psalm self te analiseer en dan die funksie van die aanhalings binne die analise te bepaal. Die derde moontlikheid is die een wat hyself verkies 'namely to begin with demonstrating such passages as can be proven to be quotations, and then examining the rest in the light of an overall theory' (Magonet 1976:44).

Die klem val in hierdie studie, wat onafhanklik van Magonet se bevindings gedoen is, ietwat anders. Wanneer die gebed hierna bespreek word, word dit vanuit 'n poëtiese perspektief benader en gevolglik as 'n gedig ontleed. Formeel beteken dit 'n verdeling van die gedig in versreëls, strofes en stansas. Stilisties behels dit 'n detailontleding van die stylvorm en die identifisering van die metaforiese en parallelle konstruksies. Daarna word die onderlinge verbande tussen die individuele kunsrepe aangetoon. As laaste stap word na die betekenis van hierdie kommunikatiewe middele gevra. Die wyse waarop die gebed hanteer word, is dus volgens die tweede moontlikheid wat Magonet noem: 'Alternatively one can begin with an analysis of the "psalm" and examine the function such quoted material would play within it' (1976:44). Daar word dus nie na die oorsprong van die aanhalings as onderdele van die gedig gevra nie, maar die gedig word as netwerk van intratekstuele relasies beskou ten einde in die eerste plek vas te stel wat die boodskap van die gedig as geheel is en ook in die tweede plek na te gaan hoe dit binne die opset van die verhaal funksioneer.

3.2.1 Stigometriese indeling van Jona 2:3-10

נִיחַפְּלֵל יוֹנָה אֶל-יְהוָה אֱלֹהָיו מִמַּעַי הַנֶּבֶה
נִיאָמַר

3+2

קָרָאתִי מִצְרָה לִי אֶל-יְהוָה נִיַּעֲנֵנִי
מִבְּטֶן שְׂאוֹל שָׁנַעְתִּי שְׁמַעַת קוֹלִי:

11

3+2=10

<p>4+2 +4=10</p>	<p>וּנְשָׁלִיכְנִי מִצּוּלָה בְּלִבְךָ יָמִים וְנִהְרָה יִסְכְּבֵנִי בְּלִמְשֻׁכְרִיהָ וְנִגְלִיָּה עָלַי עֲבָרָה:</p>	<p>II 2</p>
<p>2+3 3+2=10</p>	<p>וְנָאֲנִי אֶמְתָּי נִגְנַשְׁתִּי מִנְּגֵד עֵינָיָה אֵךְ אוֹסִיף לְהַכִּים אֶל־הֵיכַל קִרְשָׁה:</p>	<p>3</p>
<p>3+2 +3 3+4=15</p>	<p>אֶפְפֹּנֵי מִים עַד־נַפֶּשׁ תְּהוּם יִסְכְּבֵנִי סוּף חֲבוּשׁ לְרֹאשִׁי: לְקַצְבֵי הַרִים יִנְרָתִי הָאֶרֶץ בְּרַחֲמֶיהָ בְּעָדֵי לְעוֹלָם</p>	<p>III 4</p>
<p>3+2 3+2 3+2=15</p>	<p>נִמְעַל מִשְׁמַח חֲבִי יִהְיֶה אֲלֵהִי: בְּהֶעֱשֹׂף עָלַי נִפְשִׁי אֶת־יְהוָה זָכַרְתִּי וְתִבּוֹא אֵלָיָה תְּפִלְתִּי אֶל־הֵיכַל קִרְשָׁה:</p>	<p>5</p>
<p>3+2 3+2+3 2=15</p>	<p>מִשְׁמָרִים הַקְּלִי־שׁוֹא חֲסִדִים יַעֲזֹבוּ: וְנָאֲנִי בְּקוֹל תּוֹרָה אֲזַבְּתָה־לָּךְ אֲשֶׁר נִכְרַתִּי אֶשְׁלֶמָה יִשְׁרָעָמָה לִי־הִנֵּה:</p>	<p>IV 6</p>

Die tekskritiese veranderinge wat in BHS voorgestel word, berus nie een op werklike tekstuele gesteunde variante lesings nie, maar word bloot op literêrkritiese gronde voorgestel; daarom sal die voorstelle in die betoog aan die orde kom.

3.2.2 Vertaling

Inleiding: Jona het uit die maag van die vis tot die Here sy God gebid en gesê:

- I 1 Ek het geroep uit my nood
tot die Here. En Hy het my geantwoord.
Uit die skoot van die doderyk het ek om hulp geskree.
U het my stem gehoor.
- II 2 Ja, U het my die diepte ingegooi, in die hart van die see,
en die waterstrome het my omring,
al u branders en u golwe het oor my
heengegaan.
- 3 Alhoewel ek gedink het:
ek is weggedryf weg van u oë,
sal ek tog weer aanskou –
u heilige tempel.

- III 4 Water was rondom my tot by my keel,
die diepwater het my omring,
see gras was om my kop gedraai.
Na die fundamente van die berge het ek afgedaal,
die doderyk se grensels het agter my
toegegaan – vir ewig.
- 5 Maar U het my lewe uit die graf opgetrek,
Here, my God.
Toe ek wou versmag,
het ek aan die Here gedink,
En my gebed het tot U gekom,
tot in u heilige tempel.
- IV 6 Die wat nietige afgode vereer,
het hulle Bron van heil verlaat.
Maar ek, met luide lof sal ek aan U offer,
wat ek beloof het, sal ek betaal.
Redding kom van die Here af!

3.2.3 Afgrensing

Alhoewel daar in die ortografiese aanbieding van die Hebreeuse manuskripte (Codex Leningrad) geen onderskeid tussen prosa en poësie gemaak is nie, is Jona 2:3-10 vroeg reeds – soos blyk uit die Septuaginta – as poësie onderskei. Christensen (1985:220) inkorporeer hierdie gedeelte op metriese gronde in die groter eenheid Jona 2: 1-11, maar staan so teenoor die oorwig van navorsers wat Jona 2:3-10 as die eintlike gedig geïdentifiseer het (Van Der Woude, Rudolph, Wolff, Walsh). Die afgrensing van Jona 2:3-10 as die werklike gedig geskied op die volgende gronde:

- * In vers 1 aan die begin en vers 11 aan die einde van die hoofstuk volgens die Masoretiese teks, word Jahwe se beskikking van en opdrag aan die vis in die derde persoon weergegee.
- * Vers 2 is 'n tipiese inleidingsformule wat ook ander gebede elders in die Ou Testament inlei, byvoorbeeld Deuteronomium 9:26, 2 Konings 20:2 en Daniël 9:4.
- * Verse 3-10 is in die eerste persoon geskryf en vertoon groot ooreenkomst met die res van die Psalmliteratuur met sy monologiese taalsituasie waarin 'n liriese subjek in die eerste persoon tesame met 'n toehoorder in die tweede persoon eksplisiet in die teks teenwoordig is. Verder stem sekere formuleringe ooreen

met ander Psalms, soos onder andere Psalm 120:1, Psalm 116:1 en Psalm 69:3, 16.

- * 'n Laaste argument wat breedvoerig hier onder uitgewerk sal word, is dat Jona 2:3-10 tipiese eienskappe van poësie vertoon, soos die gekonsentreerdheid van poëtiese taalgebruik, terwyl die gedeeltes direk daarvoor en daarna prosa is. Met poëtiese taalgebruik word enersyds gefokus op die doelbewuste afwyking van grammatikale reëls en konvensies en andersyds word die neiging tot ekstra patroonvorming deur 'n strenger toepassing van reëls en konvensies beklemtoon (Gräbe 1984:30). Die doelbewuste afwyking word onder andere gemanifesteer in metaforiese konstruksies en sinne wat as gevolg van verskuiwing, delesie en ongewone uitbreiding hulle as ongrammatikaal voordoën; ekstra patroonvorming word, daarenteen, bewerkstellig deur sintaktiese parallelismes asook klank- en metriese patrone.

3.2.4 Segmentering

Met 'segmentering' word die indeling van 'n gedig in sy komponente van stansas, strofes en versreëls bedoel (Watson 1986:19). Nadat die grense van elke strofe deur strofe-analise, en die grense van elke versreël deur stigometrie vasgestel is, word gewoonlik, in 'n daaropvolgende stap, die versreël in terme van poëtiese taalgebruik ontleed en daarna word die onderlinge verhouding tussen die versreëls binne elke strofe bepaal. Aangesien daar 'n wisselwerking tussen die afgrensing van strofiese komponente en die onderlinge verhouding tussen daardie komponente bestaan, blyk dit sinvol te wees om die twee stappe in die bespreking van die onderhawige gedig te kombineer. 'n Derde bykomende stap is die vraag na wat die funksie van hierdie kommunikatiewe middele ten opsigte van die betekenis van die individuele versreël, van die strofe, maar ook van die gedig as geheel sou kon wees.

In die identifisering van die versreël word Van der Lugt (1980:171-209) se *monostichon*, *distichon* en *tristichon* bo Watson (1986:12-13) se *monocolon*, *bicolon* en *tricolon* verkies. Die redes hiervoor is tweërlei:

- * Alhoewel die term 'colon' binne poëtiese verband bekend is, word die term hier te lande vir onafhanklike sintaktiese eenhede in prosa gebruik. Dit is dan veral met die oog daarop om verwarring te voorkom, verkieslik om poësie- en prosa-terme van mekaar te onderskei, dat die term 'stige' deurgaans in die bespreking gebruik word.
- * In Watson se *line*-indeling is dit nie altyd duidelik presies hoe hy sy kriterium vir 'n *line*, naamlik parallelisme toepas nie. Dit lyk soms of sy *line* eerder op metriese gronde as op werklike parallelistiese gronde afgegrens word. Daarenteen

is Van der Lugt se onderskeid van die drie versreëltipes, naamlik monostige, distige en tristige, met die distige as die mees voorkomende versreëltype, makliker kontroleerbaar. Sowel Revell (1981:188) se *pausal forms* as Collins (1978: 16) se *line-forms* word in hierdie studie as kontroles vir die afgrensing van versreëls ingespan. Waar nodig, sal daar egter ook korreksies op Van der Lugt se terminologie aangebring word, alhoewel dit die basiese uitgangspunt bly.

Die groot eenhede van die gedig word 'stansas' genoem (Van der Lugt 1980:220; Watson 1986:13) en hulle indeling word op grond van inhoud en sekere stansasmerkers gedoen (Watson 1986:163-164). Daar is ses strofes (*contra* Allen 1976:198; Weimar 1984:56) in die gedig wat in vier stansas gegroepeer is. Strofes kan met behulp van *trefwoorde* (Van der Lugt 1980:216) asook op grond van Watson (1986: 168) se tipiese strofepatrone afgebaken word. Inhoud speel egter hier ook 'n rol.

Omdat stansas II en III deur sulke opvallende stansasmerkers van mekaar en ook van die aanvangs- en slotstansas afgegrens word, is dit uit praktiese oorwegings die beste om die segmentering by hulle te begin (Walsh 1982:220):

Stansa III	Strofes	Stansa II
<p>אָפּפּוּג י מים עַד-גַּפֶּשׁ תְּהוּם יסְבֵבְנִי סוּף חִבּוּשׁ לְרֵאשִׁי: לְקַצְבֵי הַרִים יְכַרְתִּי הַאֲרָץ בְּרַחֲמֶיהָ בְּעֵדֵי לְעוֹלָם</p>	<p>4 2</p>	<p>נִמְשָׁלִיבְנִי מִצּוּלָה בְּלִכְבּ נִמִּים נִנְהָר יסְבֵבְנִי כָּל-מִשְׁבְּרֵיהָ וְגַלֶּיהָ עָלֵי עֲבָרוֹ</p>
<p>נִמְעַל מִשְׁחַת תִּי יְהִנֶה אֱלֹהֵי: בְּהִתְעַטֵּף עָלַי נִפְשִׁי אֶת-יְהִנֶה יְכַרְתִּי נִחְבּוֹא אֵלֶיהָ תְּפַלְתִּי אֶל-הַיֵּבֶל קִרְשָׁה:</p>	<p>5 3</p>	<p>נֶאֱנִי אֶמְרֵתִי נִגְדָּשְׁתִּי מִגְּגֵר עֵינֶיהָ אֶךְ אוֹסִירָה לְהֵבִיט אֶל-הַיֵּבֶל קִרְשָׁה:</p>

Bostaande twee stansas is met opset langs mekaar geplaas sodat die opvallende ooreenkomste, maar ook die verskille met mekaar gekontrasteer kan word. By albei die stansas kom dieselfde *trefwoorde* ('keywords' – Watson 1986:164) aan die begin en einde voor. In die openingsversreël van beide stansas kom die werkwoord *נִסְבֵבְנִי* voor. Die onderskeie subjekte van die werkwoord wat in stansa II *נִנְהָר* 'waterstrome' en in stansa III *תְּהוּם* 'diepwater' is, behoort tot dieselfde semantiese

veld, naamlik (diep)water(s). Afgesien van semantiese paralleliteit, is die twee stiges wat deur bogenoemde werkwoord en subjekte gevorm word, naamlik **וְנָהַר יַסְבְּכָנִי** en **וְיַסְבְּכָנִי יְהוָה** ook nog sintakties en metries parallel aan mekaar. Die twee stansas eindig ook met identiese stiges, naamlik **אֶל-הַיָּם קָרָא**. Met die herhaling van die identiese sintaktiese patrone wat in hierdie frases te vinde is, word ekstra patroonvorming deur middel van sintaktiese vooropstelling bereik. Volgens Jakobson (1960:358) se definisie, 'The poetic function projects the principle of equivalence from the axis of selection into the axis of combination', word die beginsel van *ekwivalensie* dus hier geaktiveer. Dit beteken dat ekwivalente semantiese items uit die seleksie-as ('die waterstrome het my omring'/'die diepwater het my omring') gekombineer word deur die ekwivalente sintaktiese posisies wat hulle in strofe 2 van stanza II en strofe 4 van stanza III inneem. Enersyds dui hierdie ooreenkoms *beklemtoning* aan deur die tematiese herhaling van 'diepwaters' in II,2 en III,4; andersyds dui dit op die *ontwikkeling* tussen die stansas wanneer die 'diepte' van die see in II,2 gekontrasteer word met die effek wat die 'diepte' op Jona in III,4 het, naamlik met die frase 'rondom my tot by my keel'. Dieselfde beginsel geld vir die frase 'tot u heilige tempel' wat in strofe 3 van stanza II en in strofe 5 van stanza III voorkom. Die presiese ooreenkoms beklemtoon die verband tussen die stansas; daarenteen is die ontwikkeling weer eens geleë in die effek wat die 'sekerheid' op Jona het. In II,3 is die sekerheid daarin geleë dat Jona die tempel weer sal sien en in III,5 word die sekerheid van gebedsverhoring deur die perfektiese gebruik van die werkwoord as 'n gerealiseerde werklikheid voorgestel.

Die ooreenkoms tussen hierdie twee stiges gaan egter nog verder. Beide is opgebou uit twee strofes naamlik II uit 2 en 3 en III uit 4 en 5 onderskeidelik. Struktureel en inhoudelik stem strofes 2 en 4 ooreen, terwyl 3 en 5 weer om dieselfde redes ooreenkom.

Stigometries bestaan strofe 2 uit 'n tristige waarvan die einde deur die pousale vorm **וְנָהַר יַסְבְּכָנִי** aangedui word (Revell 1981:189). Hierdie tristige is saamgestel uit die volgende drie onderdele: a) 'Ja, U het my die diepte ingegooi, in die hart van die see;' b) 'en die waterstrome het my omring;' c) 'al u branders en u golwe het oor my heengegaan.' Saam vorm hierdie drie stiges 'n ABB'-tristige (Watson 1986:181), want sowel die subjek as die predikaat van die tweede stige word deur die subjek en die predikaat van die laaste stige nader omskryf. Die verhouding tussen hierdie twee stiges kan as 'n sintetiese parallelisme beskryf word aangesien daar semantiese ekwivalensie bewerkstellig word sonder dat daar presiese sintaktiese ooreenstemming teenwoordig is.

In die eerste stige skrap sommige kommentatore (Van der Woude 1978:35; Allen 1976:214; Wolff 1977:102) **מִצְרָלָה** 'diepte' op metriese en grammatikale gronde.

'n Soortgelyke voorstel word deur BHS in die tekskritiese notas gemaak. Rudolph (1971:346) wys beide besware oortuigend af. Ten opsigte van die metriese beswaar verwys hy na Klaagliedere en wys daarop dat die 3-2 metrum nie noodwendig dwarsdeur 'n gedig gehandhaaf hoef te word nie. Die grammatikale beswaar dat 'n preposisie voor **מְצַרְלָה** ontbreek, los hy op deur dit as 'n lokatief, dit wil sê 'n akkusatief van plek te interpreteer. Indien die versreël onveranderd gelaat word, is die metriese patroon 4-2-4 wat 'n totaal van tien heffings vir die strofe as 'n geheel gee. Diegene wat **מְצַרְלָה** wil skrap, moet daarby ook nog die *maqaf* tussen **לָל** en **מְשַׁכְּרִי** ignoreer om 'n 3-2:3-2 metriese patroon te bewerkstellig. Alhoewel dit ook tien heffings vir die strofe as 'n geheel meebring, reflekteer dit nie die feit dat ons hier met 'n tristigiese versreël te doen het nie. Hierdie feit word wel deur die Masoretiese rustekens ondersteun.

Verder pleit die metaforiese konstruksie wat in die eerste stige voorkom ook vir die behoud van **מְצַרְלָה**. Die metaforiese konstruksie bestaan uit die frase 'in die hart van die see' wat die funksie het om die 'diepte' nader te spesifiseer. In die genitiefkonstruksie word 'see' metafories gespesifiseer deur 'hart'. Binne die raamwerk wat 'see' verskaf, word slegs sekere konnotasies van 'hart' opgeroep, naamlik dat dit die sentrum of die diepste binneste van 'n mens uitdruk. Wanneer dit op die see oorgedra word, dui dit op die middelpunt of die diepste gedeelte van die see. Hierdie hele frase fungeer dan soos 'n adjektief wat die voorafgaande 'diepte' omskryf, wat inhou dat dit die 'vehicle'-frase word wat die 'tenor' inhoudelik nader spesifiseer. Met die herhaling van die dieptebegrip deur die metaforiese konstruksie, word dus sowel 'n uitbreiding as 'n intensivering van 'diepte' bereik. Hierdie tendens van uitbreiding en intensivering word ook in die volgende twee stiges van die tristige voortgesit. Die subjek 'die waterstrome' van die middelste stige word deur die subjek van die derde stige verder gespesifiseer as 'al u branders en u golwe'. Daardeur word nuwe inhoud aan die waterstrome gegee deur hulle te tipeer as branders en golwe wat van Jahwe afkomstig is. Die spesifikasie wat deur die tweede subjek op die eerste oorgedra word, bestaan dus enersyds in die besitsverhouding en andersyds in die uitbreiding tot branders en golwe. Op 'n soortgelyke wyse word die predikaat van die middelste stige ook deur die predikaat van die derde stige nader gespesifiseer. Tussen die predikaat van die middelste stige 'het my omring' en die predikaat van die derde stige 'het oor my heengegaan', vind daar intensivering plaas, aangesien laasgenoemde 'dieper' is as die 'omring' van die tweede stige. Die strofe as geheel gee dus uitdrukking aan die noodsituasie in die see wat algaande vererger.

Strofe 3 begin met die eerste persoon enkelvoud persoonlike voornaamwoord **אָנִי** met 'n adversatiewe *waw* vooraan. Van der Lugt (1980:216) noem persoonlike voornaamwoorde as een van die aanwysers van 'n nuwe strofe. Verder is die eerste

persoon enkelvoud in strofe 3 die subjek van die handeling, terwyl dit in strofe 2 die objek van die gebeure is. Alhoewel hierdie strofe dus duidelik op formele en inhoudelike gronde van die vorige strofe te onderskei is, vorm dit saam met die vorige strofe een stansa en kan daar ook 'n sekere voortsetting van die argumentasie in strofe 2 verwag word. Dit is dan inderdaad ook so wanneer die frase 'ek is weggedryf, weg van u oë' tegelykertyd 'n opsomming en 'n interpretasie van die erns en betekenis van die stellings in strofe 2 weergee.

Strofe 3 bestaan uit twee versreëls wat in 'n refleksiewe anti-kongruente verhouding tot mekaar staan (Watson 1986:119). In die BHS se ortografiese weergawe van die teks word die eerste versreël as 'n enjambement weergegee om die vermeende dominante 3-2 metriese patroon van die gedig te handhaaf. Sodoende word die Masoretiese rusteken (*zaqef qaton*) by **אָמַרְתִּי** 'ek het gedink' ten onregte verontagsaam. Indien die aksent wel gehandhaaf word, vertoon die twee versreëls 'n refleksiewe of chiasiese 2-3:3-2 metriese patroon (Walsh 1982:222) en lees dus soos volg: 'Alhoewel ek gedink het: ek is weggedryf, weg van u oë//sal ek tog weer aanskou – u heilige tempel.' Op semantiese vlak is die twee versreëls anti-kongruent, aangesien daar van 'U sien my nie' in die eerste versreël oorgegaan word tot 'tog sal ek U weer sien' in die tweede versreël. Die stige 'ek is weggedryf weg van u oë' beteken in die dieptestruktuur 'U sien my nie meer nie'; daarenteen beteken die tweede versreël 'Tog sal ek weer u heilige tempel aanskou' in die dieptestruktuur 'ek sal U weer sien'. Indien **אָ** aan die begin van die tweede versreël ooreenkomstig die tekskritiese voorstel na **אֵ** verander word, is die twee versreëls semanties parallel (Wolff 1977:102). Behalwe dat daar geen goeie manuskripgetuies vir die 'urspronklike' (sic!) (Wolff 1977:102) partikel is nie, getuig Psalm 31:23 dat so 'n teenstelling tussen twee versreëls van 'n strofe inderdaad moontlik is. Verder pleit die opbou van die gedig in sy geheel vanweë die reëlmatige afwisseling tussen die elemente 'nood' en 'versekering' vir die behoud van die versekeringspartikel **אָ**. So gesien, handel strofe 3 se inhoud oor die versekering van redding teenoor die noodsituasie in strofe 2.

Oor die grense en stigometrie van strofe 4 is daar meningsverskil onder kommentatore. Die meerderheid – Allen, Van der Woude en Wolff – volg die Masoretiese versindeling deur verse 6 en 7 as 'n eenheid te neem. Hierteenoor meen ek saam met Deist (1981:30), Rudolph (1971:345) en Walsh (1982:223) dat die laaste stige van vers 7 **וְהָיָה אֱלֹהֵי יְהוָה מְשַׁחַח תִּבְיָו וְתַעֲלֵם מִשְׁחַח תִּבְיָו** op strukturele en semantiese gronde eerder by strofe 5 tuishoort. Struktureel sluit **וְתַעֲלֵם** strofe 4 af omdat sulke woorde wat na 'n lang tyd verwys, volgens Van der Lugt (1980:217) kenmerkend van die einde van 'n strofe is. Hierdie feit word ook semanties bevestig aangesien bo-

genoemde stige oor die redding uit die nood handel en sodoende eerder by strofe 5 as by 4 tuis hoort.

Ook ten opsigte van die stigometrie het die BHS 'n misleidende invloed op kommentatore uitgeoefen deur 'n 3-2 metries bepaalde stige-indeling na te volg. Sodoende is die eerste stige van vers 7 verdeel en word die eerste twee woorde סוף סוף חָבַרשׁ לְרֵאשִׁי as 'n bywoordelike bepaling van plek by לְקַצְרֵי הַיָּם gelees. Die laaste woord van die stige, יְרֵחַי, daarenteen word saam met die volgende stige gelees sodat die vertaling van die stiges dan as volg lui:

Seegras was om my kop gedraai –
by die fundamente van die berge.
Ek het afgedaal na die doderyk,
die grendels daarvan het agter my
toegegaan – vir ewig.

Afgesien daarvan dat met hierdie lesing die Masoretiese aksentteken (*zaqef qaton*) by יְרֵחַי geïgnoreer word, ontbreek daar 'n preposisie of 'n lokatiewe uitgang by הָאָרֶץ. Walsh (1982:223) probeer om die probleem te omseil deur dit as 'n chiasities-geordende koeplet te lees, waar sowel die preposisie לְ as die werkwoord יְרֵחַי in albei stiges diens doen.

Al hierdie ingewikkelde oplossings is onnodig as die strofe gesegmenteer word in 'n tristige, gevolg deur 'n distige soos wat dit uit die volgende vertaling blyk: a) 'Water was rondom my tot by my keel,' b) 'die diepwater het my omring,' c) 'seegras was om my kop gedraai.' d) 'Na die fundamente van die berge het ek afgedaal,' e) 'die doderyk se grendels het agter my toegegaan – vir ewig.' Anders as by strofe 2 vorm hierdie tristige 'n ABA' chiasitiese parallelisme (Watson 1986:182) met dieselfde stylfiguur (*sinekdogee*) wat in die eerste en derde stiges voorkom. As gevolg van die herhaling van dieselfde semantiese inhoud binne die tristige, kom ekstra patroonvorming tot stand. Daarmee word die nood vooropgestel. Die vraag kan tereg gestel word of die distige saam met die tristige nie dalk 'n pentastige (Watson 1986: 188 – pentacolon) vorm nie. Struktureel en semanties is die twee versreëls egter van mekaar te onderskei; dit word ook deur die Masoretiese aksente bevestig. Terwyl die noodsituasie ter see in die tristige parallel aan strofe 2 voorgestel word, intensiveer die distige die nood en sinspeel op die finaliteit van die gevolge daarvan. Die metriese patroon van 3-2-3 en 3-4 reflekteer dan ook die stigometrie.

Strofe 5 het 'n baie interessante en hegte struktuur: Dit bestaan uit 'n tristige waar die drie stiges deur die drie pousale vorme יְרֵחַי, אֶלְהֵי וְיָרֵחַי en קָרְשָׁה onderskeidelik afgebaken is. Aangesien die laaste twee stiges 'n parallelisme vorm wat op die eerste stige kommentaar lewer, is hierdie versreël volgens die ABB' patroon saam-

gestel. Die verbinding tussen die eerste en die laaste twee stiges is op inhoud gebaseer. In die eerste stige word pertinent gestel dat Jahwe die man se lewe van die graf gered het, terwyl in die laaste twee stiges beskryf word hoe vir die redding gebid is. Tussen die laaste twee stiges kry ons 'n soort terras-patroon waar die laaste deel van die tweede stige אֶת־יְהוָה וְכִרְתִּי op 'n semantiese wyse in die eerste deel van die derde stige הִפְלִתִי אֵלַיָּהּ herhaal word (Watson 1986:208). Die eerste stige van strofe 5 vorm 'n skerp kontras met die laaste versreël van strofe 4 aangesien twee antonieme werkwoorde gebruik word, naamlik עלה 'opgaan' teenoor ירד 'afgaan'. Strofe 5 is dus nie slegs inhoudelik parallel aan 3 nie, maar spesifiseer ook die redding uit die nood op 'n intensiewer wyse deur die reddende ingrype van Jahwe ekplisiet te stel.

Aangesien die afgrensing van stansas II en III, die segmentering daarvan in strofes en stiges en die aantoon van ooreenkomste tussen hulle afgehandel is, kom die res van die gedig nou aan die orde. Uit die aard van die saak sal stanza I uit dit bestaan wat aan II voorafgaan, terwyl IV weer die res wat op III volg, sal bevat.

Stansa I bestaan uit net een strofe wat uit twee distigiese versreëls opgebou is, naamlik:

קָרָאתִי מִצְרָה לִי אֶל־יְהוָה נִבְעַנְנִי
מִבְטָן שְׂאוֹל שְׁנַעַתִּי שְׁמַעַתָּ קוֹלִי:

Die hegte verbinding van die twee distiges, soos uit die metriese en semantiese paralleliteit blyk, word verder versterk deur 'n dubbele chiasme tussen die onderskeie grammatikale elemente. Hierdie chiasme blyk duidelik wanneer die onderskeie elemente met simbole in die vertaling wat volg, gemerk word:

'Ek het geroep'	-A	'uit my nood'	-B
'Uit die skoot van die doderyk'	-B	'het ek om hulp geskree'	-A

Die ABBA chiasme wat ekstra patroonvorming bewerkstellig, word deur die volgende konstituente-analise V + M//M + V bevestig. Beide die A- en B-elemente van die eerste stige word deur die elemente in die tweede stige wat met hulle korrespondeer geïntensiveer. So word die 'geroep' van die eerste stige in die tweede stige nader omskryf as 'om hulp geskree'; op soortgelyke wyse word die 'nood' nader gespesifiseer as die 'skoot van die doderyk'. Boonop vorm die genitiefkonstruksie 'skoot van die doderyk' 'n metafoor waarin 'skoot' die metaforiese term is wat 'doderyk' nader omskryf. Die konnotasies wat deur hierdie term op 'doderyk' oorgedra word, is 'n geslote ruimte wat in die verborge binneste van 'n vrou te vinde is. Met die

‘skoot van die doderyk’ word dus ’n beeld opgeroep van ’n verborge afgeslote ruimte wat normaalweg ontoeganklik vir ’n mens is. Deur die gebruik van patroonmatige taal soos die chiasme en die metaforiese konstruksie, word die nood waarin die bidder verkeer, baie sterk op die voorgrond gestel.

’n Onvolledige chiasme tussen die laaste twee stiges kan op ’n soortgelyke wyse aangetoon word:

‘tot Jahwe’	-A	‘en Hy het my geantwoord’	-B
‘U het gehoor’	-B	‘my stem’	-C

Die tweede B-element intensiveer die eerste B-element, omdat Jahwe hier direk aangespreek word. Deur middel van die parallelismes word die verhoring vooropgestel. Wat die inhoud betref, bestaan strofe 1 uit twee elemente, naamlik ‘nood’ en ‘verlossing’. Terwyl die nood telkens in die eerste stige voorkom, sluit die tweede stige albei kere met die verlossing af, wat dan ’n A B//A B patroon tot gevolg het. Semanties is dit veelseggend dat die nood telkens in die eerste stige gestel word terwyl die verlossing in albei gevalle laaste genoem word. Deur die metriese patroon van 3-2:3-2 word die chiasiese bou van die strofe bevestig.

Die slotstansa – stansa IV – bestaan ook net uit een strofe wat as volg saamgestel is:

משמרים הקל־שנא נססנם יעזבו:
 נאני בקול תונה אובסה־לך אשר נכרתי אשלמה
 ישועסה ליהנה:

By die segmentering van die drie versreëls is die pousale vorme en die Masoretiese aksente as uitgangspunte gebruik. Die resultaat word egter ook deur die sintaksis en die inhoud van die stiges bevestig. As Collins (1978:115) ’n konstituente-analise van die eerste versreël doen, tipeer hy dit as ’n distige van die *line*-type II C:ii patroon met die konstituente V+NP:2/NP:2 + V. In die oppervlakstruktuur is dit wel waar, maar in die dieptestruktuur blyk dit ’n monostige te wees, aangesien die eerste helfte wat hy as V+NP:2 weergee, in geheel die subjek van die stige is. Die tweede versreël bestaan uit, wat Revell (1981:190) ‘an unbalanced distich’ noem. Terwyl die langer eerste stige, wat twee sub-eenhede beslaan, met die pousale vorm לך eindig, kom die tweede stige met die pousale vorm אשלמה tot ’n einde. Verder word die twee stiges ook deur die twee kohortatiewe אובסה en אשלמה tot ’n hegte eenheid verbind tot wat Watson (1986:215) ’n ‘pivotpatterned bicolon with silent [final] stress’ sou noem. Die laaste stige wat uit ’n nominale sin bestaan, se posisie is

onseker. In Psalm 3:9 kom die frase as deel van 'n distige aan die einde van die gedig voor. Die vraag kan dus tereg gevra word of dit hier nie ook 'n tristige saam met die vorige distige vorm nie. Anders as by Psalm 3 kom die frase hier aan die einde van die stige voor en lyk dit na 'n klassieke geval van die klimaktiese monostige wat die strofe, stansa en die gedig met 'n uitroep afsluit (Watson 1986:171).

3.2.5 Kommunikatiewe middele

Hieronder word daardie middele bedoel wat tradisioneel 'stylmiddele' genoem is, maar binne 'n kommunikasie-model word daar eerder op die kommunikatiewe as op die blote estetiese funksie van sulke middele gekonsentreer. Die rykdom aan hierdie middele en die effektiewe gebruik daarvan is 'n aanduiding van die poëtiese kwaliteit van hierdie gedig. In die vorige paragraaf is daar reeds aan sommige van die strukturele stylfigure aandag gegee. Ter wille van volledigheid en om die lang onderskatte poëtiese kwaliteit van hierdie gebed te illustreer, sal hier gepoog word om die volle spektrum van formele en struktureel-kommunikatiewe middele wat deur die digter gebruik is, aan te toon.

3.2.5.1 Formele middele

Onder hierdie hoof word daardie middele bedoel wat primêr met die vormgewing van die gedig te make het. Dit is stylmiddele soos parallelisme, chiasme, *inclusio*, trefwoorde en klankpatrone.

Inclusio

Deur die gebruik van קול in die eerste en laaste strofe van die gebed word 'n pragtige *inclusio* gevorm. Terwyl die eerste strofe afsluit met 'U het my stem gehoor' kom קול in die sesde strofe in die volgende sin voor: 'Met 'n stem [letterlik] van lof sal ek aan U offer.' So hoor Jahwe aan die begin van die gebed die bidder se stem wanneer hy in die nood is en aan die einde van die gebed gebruik die bidder sy stem (קול) om Jahwe te loof vir sy verlossing. Dit is duidelik dat die stylfiguur in hierdie geval 'n funksie van afgrensing het. Die trefwoorde waarmee stansas II en III begin en eindig, kan ook as 'n tipe *inclusio* beskou word, aangesien die stansas daardeur van mekaar, maar ook van die res van die gedig afgebaken word.

Chiasme

In paragraaf 3:5 is aandag gegee aan die grammatikale chiasme wat in strofe 1 voorkom, asook aan die metriese chiasme in strofe 3. Die ABA' tristige in strofe 4 vertoon ook 'n vorm van chiasme (Watson 1986:204). Dikwels – soos ook hier – fungeer hierdie tristiges om 'n stansa of gedig te open.

Parallelisme

Hierdie stylmiddel word op verskillende maniere in die gedig gebruik. In strofe 1 kom 'n *parallelismus membrorum* voor, terwyl in strofes 2 en 6 die ABB' parallelle patroon en in strofe 4 die ABA' patroon onderskeidelik aangetref word. Die tref-fendste vorm van paralleliteit kom egter tussen die strofes van die gedig as geheel voor. Wanneer die elemente 'nood' en 'verlossing' deur die letters A en B onder-skeidelik verteenwoordig word, lyk die strofiese struktuur van die gedig so:

1	A B
	A B
2	A
3	B
4	A
5	B
6	A
	B
	B

Die feit dat die gedig eindig met 'n herhaling van die B-element is volgens Smith (1968:38-39) 'n belangrike aanduiding van die strukturele afsluiting in die poësie. Sy stel dit soos volg: 'Repetition is important not only in poetic structure, but also in closure...Repetition may involve formal or thematic elements or both.' Hierdie gedig sluit met 'n tematiese herhaling van die verlossingselement. Dit het bepaalde implikasies vir die betekenis van die gedig in dié sin dat die verlossing dominant bo die nood gestel word.

Walsh (1982:220-224) gee in sy artikel 'n volledige weergawe van al die klankpatrone wat in die gedig voorkom, maar omdat dit nie konsekwent dwarsdeur die gedig aangewend word nie en dus meer ornamenteel is, word dit derhalwe nie hier in detail bespreek nie.

3.2.5.2 Struktureel-kommunikatiewe middele

Hoe keurig die digter stylfigure ingespan het, blyk uit strofes 2 en 4 waar die nood ter see uitgebeeld word. Die aanwesigheid van 'n tristige in strofe 2 word onderstreep deur die voorkoms van 'n *hendiadis* in die eerste en derde stiges. In die eerste stige word *מְצוּלָה* 'diepte' – wat deur kommentatore op sogenaamde metriese gronde geskrap word – en *בְּלִבָּהּ* 'in die hart van die see' as twee sinonieme gebruik om 'n enkele begrip, naamlik 'die diepsee' uit te druk. Dieselfde gebeur in die derde

stige waar מַשְׁכָּרִיר 'branders' en גִּלְיָר 'golwe' gekombineer word om die idee van 'die totaliteit van die water' op te roep.

In strofe 4 word die ABA' tristige bevestig deur die voorkoms van *sinekdogee* in die eerste en derde stiges. קֶעַל 'keel' in die eerste stige is verteenwoordigend vir die hele mens – daarom vertaal sommige vertalers dit met 'lewe'; net so verwys ראִשִּׁי 'my kop' in die derde stige na die totale mens.

Nou is dit interessant dat die stylmiddele *hendiadis* en *sinekdogee* in 'n sekere sin dieselfde doel op teenoorgestelde wyses bereik. In albei gevalle verwys dit wat daar staan na iets anders. Terwyl by hendiadis *twee woorde* gebruik word om een begrip te vergestalt, word by sinekdogee *een deel-woord* gebruik om na een geheel te verwys. Die dubbele gebruik van hierdie twee stylfigure funksioneer op vier maniere:

- * om paralleliteit tussen stiges te bevestig;
- * om sekere woordpare op te roep en dus die bepaalde semantiese woordveld uit te brei;
- * om 'n bepaalde metrum daar te stel;
- * om 'n addisionele verband tussen die strofes te lê.

Wat die semantiese woordveld betref, het die gebruik van die twee stylfigure verder tot gevolg dat klem op verskillende plekke val. Die gebruik van die hendiadisse in strofe 2 beklemtoon die oorweldigende bedreiging van die see. Daarenteen bring die sinekdogee se gebruik in strofe 4 die mens in die nood op die voorgrond.

Die metaforiese gebruik van 'fondamente van die berge' en die 'grendels van die aarde' vir die doderyk in strofe 4 is ook besonder opvallend. Deur alledaagse bousterme soos 'fondamente' en 'grendel' op kosmologiese groothede soos 'berge' en 'aarde' van toepassing te maak, word die bedreiging wat die doderyk inhou, baie reëel voorgestel. Die 'grendel' as fokusterm dra die gedagte van geslotenheid en ontoeganklikheid op die aarde oor, terwyl 'fondamente' die konnotasie van die basis en die diepste oorsprong van die berge na vore bring. As gevolg van hierdie wysings wat die fokusterme by berge en aarde teweegbring, word die doderyk deur albei die frases gesimboliseer. Deur die gebruik van die metafore, sluit hierdie strofe nie alleen by die מִבְּטֶן שְׂאוֹל 'uit die skoot van die doderyk' van strofe 1 aan nie, maar ook by die מִשְׁחַת 'uit die graf' van strofe 5. Daardeer word nie alleen verbande tussen hierdie strofes gelê nie, maar dit het ook 'n funksie ten opsigte van die betekenis. Hierdie funksie is daarin geleë dat die nood waarin die man wat bid verkeer, beklemtoon en geïntensiveer word.

Vanweë die kompleksiteit in samestelling en stylmiddelgebruik van die eerste versreël in strofe 6, is dit dikwels misverstaan. Die *oksimoron* wat deur die twee se-

manties onversoerbare begrippe קְשָׁמְרִים ‘verering/bewaring’ (letterlik) van הַנְּקִי-יִשְׂרָאֵל ‘nietige nikse’ tot stand kom, word in die tweede helfte van die stige verder verklaar. Deur die personifikasie van חֶסֶד ‘trou’ tot ‘Heil/Hulp’, word verklaar wat gebeur as iemand die *onmoontlike* doen om ‘nietige nikse’ te vereer: hy verlaat die werklike Bron van heil. So word die moontlikheid geskep vir die bidder om in teenstelling met sulke dwaasheid sy lof aan die enigste verlosser – Jahwe – te bring.

3.2.6 Sintese

Aangesien daar nie een stylmiddel gebruik is wat bo die ander uitstaan nie, het ons hier eerder met ’n weldeurdagte geheel te doen waartoe alle middele ’n bepaalde bydrae gemaak het. Deur die geheel word ’n bepaalde effek geskep – ’n effek wat ’n man se reaksie, sy gevoel op die gebeure in die verhaal weerspieël. Hierdie gevoel wat in die gebed vergestalt word, kan miskien die beste getipeer word met die uitdrukking, ‘van verlorenheid tot verlossing’.

3.2.7 Vergelyking

Voordat hierdie gebed met ander soortgelyke literatuur in die Ou Testament – die Psalms – vergelyk word, is dit nodig om sekere voorbehoude te stel. Die vergelyking word hier slegs op formele gronde gedoen. Daarmee word egter nie gesê dat hierdie gebed noodwendig ooreenkomstig ’n formele *Gattung* in die narratief moet funksioneer nie. Met ander woorde, die verhaal verskaf, ongeag die *Gattung*, sy eie *Sitz im Leben* vir die gebed.

Hierdie gebed vertoon soos die meeste Psalms ’n basiese struktuur wat uit ’n inleiding, hoofdeel en slot bestaan (Deist & Vorster 1986:54). Beide die *individuele klaaglied* en die *individuele danklied* vertoon egter dieselfde basiese struktuur en dit is dus noodsaaklik om ’n fynere onderskeid te maak. Omdat juis hierdie klassifikasie in die verlede die oorsaak van twyfel oor die toepaslikheid van Jona 2:3-10 in die verhaal was, is ’n duidelike, gemotiveerde klassifikasie onontbeerlik vir die vergelyking met ander Psalms.

Die meeste kommentatore (Wolff 1977:104; Rudolph 1971:351; Westermann 1981:102) het hierdie gebed as ’n *individuele danklied* getipeer en op sekere teenstellings gewys:

- * Die eerste onverstaanbaarheid wat op die sekondêre aard van die gedig moes dui, is die inleidingsformule met הַיְהוָה אֱלֹהֵינוּ wat normaalweg vir klaagliedere gebruik sou word.
- * ’n Tweede wanklank, volgens hulle, is dat ’n danklied nie binne die situasie gepas sou wees nie.

-
- * Die derde verskil lê in die afwesigheid van berou wat 'n vereiste vir die situasie sou wees.

As 'n mens egter die model wat Westermann (1981:64-78) vir die klaaglied van die individu gestel het, op hierdie gedig toepas, voldoen Jona 2:3-10 merkwaardig aan die vereistes soos dit uit die volgende uiteensetting blyk:

I INLEIDING

1 Adres

Toewending tot God om hulp
+ Inleidende roep

Strofe 1

Uit my nood het ek tot die Here geroep.
Uit die skoot van die doderyk het ek om hulp geskreue.

II HOOFDEEL

2 Klag

U

Vyand

U

Strofe 2

U het my die diepte ingegooi, in die hart van die see,
waterstrome het my omring,
al u branders en u golwe het oor my heengegaan.

3 Vertrouensuitspraak (+ Waw Adversatief)

Strofe 3

Alhoewel ek gedink het, ek is weggedryf
weg van u oë,
sal ek tog weer u heilige tempel aanskou.

4 Klag

Vyand

Ek

Vyand

Strofe 4

Water was rondom my tot by my keel,
die diepwater het my omring,
see gras was om my kop gedraai.
Na die fundamente van die berge het ek afgedaal,
die doderyk se grendels het agter my toegegaan – vir ewig.

5 Heilsorakel
(+ Waw Adversatief)

Strofe 5
Maar U het my lewe uit die graf opgetrek,
Here, my God.

6 Versekering van verhoring
of
Indirekte Petisie

Toe ek wou versmag, het ek aan die Here
gedink,
en my gebed het tot by U gekom, tot in u
heilige tempel.

III SLOT

Strofe 6

7 Belofte om te prys
Elemente:
1) Aan einde van petisie
2) Voluntatief
3) God as objek
4) יהוה as werkwoord

Maar ek, met luide lof sal ek aan U offer,
wat ek beloof het sal ek betaal.

8 Verklarende lofprijsing

Redding kom van die Here af!

Alhoewel daar toegegee moet word dat volgens hierdie model 'n baie belangrike komponent van die individuele klaaglied – die petisie of smeking – net indirek in strofe 5 teenwoordig is, of selfs heeltemal ontbreek, voldoen die gebed verder aan al die vereistes van 'n klaaglied. Trouens, daar kan meer besware teen Jona 2:3-10 as individuele danklied ingebring word (volgens Westermann se model) as wat teen die gebed as klaaglied in te bring is.

Wanneer Westermann (1981:109) hierdie gebed as 'n 'declarative psalm of praise of the individual' tipeer, bly hy in gebreke om die afwesigheid van die oproep tot lofprijsing in sowel die inleiding as die slot te verklaar. Daarby ontbreek die redegewende partikel met die daaropvolgende verduideliking waarom God geloof moet word in die hoofdeel. Westermann (1981:102-108) wys wel op die noue ooreenkoms tussen die individuele klaaglied en die deklaratiewe loflied van die individu. Hierdie ooreenkoms kom veral in drie eienskappe na vore, naamlik:

- * die deklaratiewe lofprijsing;
- * die voluntatiewe oproep tot lofprijsing;
- * die kort opsomming.

Hieruit konkludeer Westermann dat die betrokke *Gattung* van die danklied eintlik 'n voortsetting is van waar die klaaglied opgehou het.

Aangesien dit eensyds uit die vergelyking blyk dat hierdie gebed ooreenstem met ander gebede soos wat in die Psalmliteratuur vervat is en andersyds dat daar ook belangrike verskille is, is dit noodsaaklik om hierdie ooreenkomste en verskille te interpreteer. Die tipering van hierdie gebed volgens die vormkritiese model van Westermann in 'n danklied of klaaglied, blyk nie alleen problematies te wees nie, maar ook irrelevant tot die plek en die funksie wat dit in die narratief beklee. In plaas daarvan om byvoorbeeld die gebed as 'n spesifieke soort te tipeer en dit dan daarvolgens te verklaar, word hier op die teenoorgestelde wyse te werk gegaan. Daar word eers 'n analise van die poëtiese konvensies gemaak; vervolgens word hulle onderlinge relasies bepaal en daarna word die betekenis ondersoek. In hierdie gebed word die belangrike temas van nood en verlossing deur poëtiese konvensies in 'n bepaalde relasie geplaas en dien dit as refleksie van die bidder op die gebeure in die verhaal. Die gebed eindig met die verlossing as die dominante tema en só word Jona se dank teenoor Jahwe vir die verlossing uit die nood uitgedruk.

3.3 Jona 4:2-3

3.3.1 Inleiding

Hierdie gebed, anders as die Psalm in Jona 2:3-10, is in die verlede konsekwent deur kommentatore as prosa beskou. Alhoewel hulle almal die gedeelte 'n gebed noem, word die gebed in die vertalings wat die eksegeese voorafgaan as prosa weergegee (Deden; Rudolph; Allen; Wolff; Van der Woude, *in loco*). Terwyl by die gebed in Jona 2:3-10 die styl- en frase-ooreenkomste met die Psalmliteratuur 'n sterk motivering was om dit ook as 'n Psalm te klassifiseer, ontbreek sulke sterk aanduidings by hierdie gebed. Alhoewel dele van die belydenis in Jona 4:2 met frases in die Psalms soos Psalm 86:15, Psalm 103:8 en Psalm 111:4 ooreenstem, was dit nie genoegsaam om dit ook as 'n moontlike Psalm en dus as poësie te herken nie. Daarby is die gebed in Jona 4:2-3 besonder kort en dit bemoeilik die herkenning daarvan as 'n poëtiese enklave binne die omliggende see van prosa.

Tydens die analise van die gebed in Jona 4:2-3 is op grond van die aanwesigheid van sekere poëtiese aanwysings in die gebed tot die gevolgtrekking gekom dat ook hierdie gebed poësie is. Hierdie proses van herklassifisering wat Watson (1986:45) 'recognition' noem, berus op die herkenning van 'n aantal tipiese poëtiese kenmerke soos, onder andere die teenwoordigheid van 'line-forms', ellipse, parallelismes, woordpare en klankpatrone. Die voorkoms van hierdie en nog ander aanwysings sal by die behandeling van die individuele versreëls onder die loep kom.

Die feit dat hierdie gebed in die parallelle strukturele opbou van die boek die teenhanger van die Psalm in Jona 2:3-10 is en daarby 'n soortgelyke funksie binne die verhaal verrig, behoort as addisionele argumente te geld waarom dit ook, soos Jona 2:3-10 as poësie opgeneem moet word. Omdat die Psalm in Jona 2 enersyds as 'n mosaïek van Psalmaanhalings sonder poëtiese meriete en andersyds as 'n sekondêre toevoeging tot die boek beskou is, was daar geen aanleidende oorsaak om die gebed in Jona 4 as 'n gedig op te neem nie. Wanneer die Psalm in Jona 2:3-10 egter 'n fyn saamgestelde gedig blyk te wees, noop logika 'n mens om ook die teenhanger daarvan in Jona 4:2-3 in 'n nuwe lig te beskou, veral as dit ook as pouse binne die narratiewe struktuur funksioneer om die verhaaldebeure te vertraag.

Uit die konvergensie van bogenoemde argumente is die gebed in Jona 4:2-3 as poësie opgeneem en word dit nou as sodanig bespreek.

3.3.2 Stigometriese indeling

נִיחַפְּלַל אֶל־יְהוָה נִיאָמַר

1 אָנָּה יְהוָה

4 הָלוֹא־זֶה דְּבָרִי עַד־הַיּוֹמִי עַל־אַרְמְתִּי
 +4=8 עַל־כֵּן קִבַּמְתִּי לְבָרֵךְ מַרְשִׁישָׁה

2 כִּי דָבַרְתִּי כִּי אָמַתְּ אֶל־חַנּוּן וְכַחֲסִים

2+3 אַךְ אַפְיִים וְכִב־חֶסֶד וְנִחַם עַל־הַקָּצָה:
 3+2=10

3 יְעֹמֵת יְהוָה

3+3=6 קַח־נָא אֶחֱנַפְּשֵׁי מִמֶּנִּי כִּי טוֹב מוֹתִי מִחַיִּי:

3.3.3 Vertaling

Inleiding: En hy het tot die Here gebed en gesê:

- 1 Ag Here,
 was dit nie my gedagtes toe ek nog in my land was nie?
 Daarom het ek eers probeer vlug na
 Tarsis toe.
- 2 Ja, ek het geweet
 lankmoedig en liefdevol;
 dat U 'n genadige en barmhartige God is;
 en een wat berou kry oor die onheil.

- 3 En nou Here!
Neem tog my lewe van my weg

want dit is vir my beter om te sterwe as
om te lewe.

3.3.4 Afgrensing

Dieselfde inleidingsformule wat in Jona 2:2 voorkom, naamlik אֶל-יְהוָה יִתְפַּלֵּל נִיחָמָר lei ook die gebed in Jona 4:2 in. Dit vorm die voorste afgrensing. In vers 4 vind daar 'n subjekwisseling plaas as Jahwe aan die woord kom; daarom sluit die gebed in vers 3 met Jona se woorde af.

3.3.5 Segmentering

Die drie pousale vorme תְּרַשֵׁינָה, הֲרַעְתָּהּ en מִחֲרִיבֵי blyk die gebed in drie versreëls te verdeel. Laasgenoemde twee vorme word deur die *sof pasuq* gevolg, terwyl die *atnaq* die ruspouse by eersgenoemde aandui. By sowel die eerste as by die derde versreël ontstaan die vraag of יְהוָה יִחַן אֲנִי en יְהוָה יִחַן אֲנִי deel vorm van die onderskeie versreëls en of dit 'n geval van *anacrusis* is. Op grond van hulle metriese oortolligheid lyk dit of beide frases 'n *anacrusis* vorm. Al twee die frases bestaan uit 'n uitroepartikel, gevolg deur יְהוָה in die vokatief. Volgens die indeling van Robinson (1936:39) sal albei hierdie aanroepingsformules onder die kategorie van uitroep val. Dit is verder interessant om daarop te let dat soortgelyke sinskonstruksies in beide gevalle op die aanroepingsformules volg. In die eerste versreël wat uit 'n distige bestaan, word die hoofsin in die eerste stige deur die vraagpartikel הֲלוֹא ingelei en die nasin in die tweede stige deur die redegewende partikel עַל-כֵּן. By die derde versreël wat ook uit 'n distige bestaan, lei die imperatief קַח-נָא die hoofsin in die eerste stige in, terwyl die nasin deur die redegewende partikel כִּי in die tweede stige voorafgegaan word.

Die tweede versreël is 'n belydenis wat met mindere of meerdere variasie in verskeie poëtiese gedeeltes soos Psalm 86:15, Psalm 103:8 en Psalm 111:4 voorkom. In Joël 2:13 kom dieselfde belydenis byna net so voor. Daaruit kan minstens afgelei word dat die versreël 'n bevestigde *line-form* is en daarom as poësie beskou kan word. Die reël bestaan uit twee distiges met 'n chiasiese metriese patroon van 2+3 en 3+2. Die funksie van כִּי wat hierdie versreël inlei, is bepalend vir die verhouding tussen hierdie en die vorige versreël. Die meeste vertalings en kommentare beskou כִּי hier as 'n redegewende partikel. Soos uit die vertaling in 3.3.3 blyk, word hier vir die bevestigende funksie van כִּי gekies (vgl Kautzsch 1978:471). Vier redes is vir hierdie keuse verantwoordelik:

- * Die belydenis in die tweede versreël is eerder die eksplisitering van **יְרַרִי** 'my gedagtes' in die eerste versreël, as wat dit 'n rede vir die vlug na Tarsis toe is.
- * Indien **כִּי** redegewend sou wees, sou dit logiesgewys **עַל-כֵּן** moes voorafgaan en nie daarop gevolg het nie.
- * Die feit dat sowel die eerste as die derde versreël ook met uitroepartikels begin, versterk die moontlikheid dat **כִּי** in die tweede versreël 'n soortgelyke funksie kan vervul.
- * As **כִּי** kousaal opgevat word, is hierdie versreël eintlik 'n inbedding by die vorige versreël met die gevolglike relativering van die trefkrag daarvan. Word **כִּי** egter as 'n bevestigende partikel beskou, staan die tweede versreël in die sentrum van die gebed en word die ironiese trefkrag juis so beklemtoon.

Wat die onderlinge verhouding tussen die drie versreëls betref, kan die volgende konklusies getrek word:

- * Elkeen van hierdie versreëls vorm 'n afgeronde sintaktiese en semantiese eenheid en kan daarom as afsonderlike strofes beskou word.
- * Die middelste strofe met sy belydenis vorm die sentrum van die gebed.
- * In die eerste strofe word hierdie belydenis in die **יְרַרִי** 'my gedagtes' geantisipeer, terwyl daar in die laaste strofe op grond van die belydenis 'n versoek gerig word.
- * Alhoewel hierdie strofes onderling van mekaar te onderskei is, vertoon hulle in so 'n mate 'n eenheid dat hulle saam een stanza vorm.

3.3.6 Kommunikatiewe middele

In die voorafgaande bespreking is reeds op die sterk sintaktiese ooreenkoms tussen die eerste en die derde strofes gewys. Die feit dat soortgelyke aanroepingsformules deur soortgelyke sintaktiese strukture gevolg word, blyk meer as net toeval te wees. Om hierdie sintaktiese omarming te bewerkstellig, word die *inclusio* doelbewus gebruik om die gedig te struktureer. Hierdie strukturering geskied op so 'n wyse dat die *inclusio* nie slegs die gedig aan albei kante afgrens nie, maar ook die klem op die belydenis in die middelste strofe laat val. In die eerste strofe is die gebruik van *alliterasie* opvallend wanneer die **יְרַרִי** begin-en-slotklank-kombinasie driemaal na mekaar in **יְרַרִי**, **עַל-אֲרָמָתִי**, en **עַל-כֵּן** herhaal word. Op 'n soortgelyke wyse word die **י** .slotklank in die derde strofe viermaal herhaal.

Behalwe vir die gekykte woordpare wat karakteristiek aan 'n belydenis is, word daar ook in die tweede strofe van die stylmiddel *delesie* gebruik gemaak. Die werkwoordfrase **כִּי יִרְנָעָתִי** 'ja, ek het geweet' word naamlik by die tweede distige ook veronderstel. Volgens Watson (1986:48) is die voorkoms van hierdie spesifieke

vorm van die stylmiddel een van die belangrikste aanwysings van poësie. Gräbe (1984:138-139) wys daarop dat delesie as 'n ongrammatikaliteit die volgende twee kommunikatiewe funksies binne poësietekste het:

- * dit sorg vir die vooropstelling van woorde en sinskonstituente;
- * dit bewerkstellig horisontale en vertikale verband tussen woorde, sinskonstituente en teksgedeeltes.

Beide hierdie funksies word in strofe 2 geaktiveer. As gevolg van die delesie word die belydenis wat op die 'ja, ek het geweet' volg, vooropgestel en kry dit dus besondere klem. Daar word ook 'n besondere verband met die voorafgaande en daaropvolgende strofe gelê wat hierdie strofe as middelpunt laat uitstaan.

In die derde strofe word op 'n besondere wyse van *woordpare* gebruik gemaak. Daar is eerstens die sinonieme woordpaar **נפֿט** en **חַיִּים** 'lewe', wat 'n noue verband tussen die twee stiges bewerkstellig. Daar is egter ook die antonieme woordpare **מֵת** 'dood' en **חַיִּים** 'lewe', wat deur die komparatiewe konstruksie in die laaste stige teenoor mekaar gestel word. Deur die gebruik van hierdie woordpare kom ekstra patroonvorming tot stand wat ook vooropstelling tot gevolg het. As gevolg van die vooropstelling word daar verbande met die ander twee gebede bewerkstellig wat lei tot die kontrastering van die onderskeie versoeke. In die ander twee gebede word daar vir die behoud van die bidder se lewe gevra of dankie gesê, terwyl in hierdie gebed 'n versoek om te sterf gerig word.

Laastens is dit nodig om aan die wyse waarop *ironie* in die gebed gebruik word, aandag te gee. Intern is daar 'n skerp ironie tussen die belydenis in die tweede strofe en die versoek met die motivering daarvan in die derde strofe. Enersyds word die volkomenhede van God bely en andersyds word op grond van hierdie volkomenhede juis gevra om te sterf, aangesien die dood verkiesliker is as die lewe. Hierdie gebed met sy doodswens staan egter ook ironies teenoor die gebed van Jona 2 waar die redding uit die dood besing word. Hierdie ironie word veral in die slotstiges van die twee gebede onderstreep. Behalwe dat albei gedigte deur middel van strukturele elemente afgesluit word – die gebed in Jona 2 deur 'n klimaktiese monostige en die gebed in Jona 4 deur *inclusio* – word hulle ook tematies in die onderskeie laaste stiges afgesluit. In beide gebede word 'n statusverandering genoem. By eersgenoemde is dit redding uit die dood en by laasgenoemde 'n begeerte na die dood. In die eerste geval is die tematiese slot positief en in die tweede geval is dit negatief (vgl Watson 1986:65).

3.3.7 Sintese

Uit die gebruik van bogenoemde stylmiddele, asook vanweë die kort en kragtige woordgebruik, is dit duidelik dat hierdie gebed net soos die gebed in Jona 2, poësie is. Wat sy struktuur betref, laat die gedig 'n mens aan 'n toebroodjie dink met die *inclusio* as die brood en die belydenis in strofe 2 as die vulsel. Op semantiese vlak staan die vulsel en die brood egter ironies teenoor mekaar. Die gedig is dus in sy geheel 'n kombinasie van 'n kunstige struktuur en 'n ekspressiewe inhoud waardeur ironiese verbande sowel op interne as op die eksterne vlak tot stand gebring word. Op eksterne vlak word die relasie tot die eerste gebed in Jona 2:3-10 veral merkbaar deur retrospektiewe herinterpretasie, aangesien die dank vir die verlossing uit die dood in die eerste gebed nou vervang word met 'n versoek om te sterf. Die gebede dui dus 'n regressie in die gemoedstoestand van Jona aan as gevolg van sy refleksie op die gebeure in die verhaal.

3.3.8 Vergelyking

Hierdie gebed vertoon sterk ooreenkomste met die klaaglied of klaagpsalm soos wat Westermann (1981:170) dit gestruktureer het:

- 1) Adres
- 2) Klag
- 3) Belydenis
- 4) Petisie/Smeekeged
- 5) Lofprysing

As die gegewens van Jona 4:2-3 op hierdie matriks gepas word, lyk dit soos volg:

I INLEIDING

1 Adres

Ag Here,

II HOOFDEEL

2 Klag

Was dit nie my woorde toe ek nog
in my land was nie?

+ Motivering

Daarom het ek eers probeer vlug
na Tarsis toe.

3 Belydenis	Ja, ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is; lankmoedig en liefdevol; en een wat afsien van die onheil.
4 Petisie	En nou Here! Neem tog my lewe van my weg,
+ Motivering	want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe.

Enkele aanpassings is aan die basiese patroon van die klaagpsalm gemaak. Die eerste opvallende verskil is dat 'n slot ontbreek. Daarin word gewoonlik 'n belofte gedoen om God te prys. By die klag is die beskuldigende vraag ietwat anders gestel as die dikwels voorkomende 'hoe lank nog' of die 'waarom'. Ongewoon is ook die motivering wat bykom, maar dit hang saam met die veranderde vraagstelling. Die mees opmerkbare verskil is egter geleë in die *ad malum* gebruik van die belydenis. In Jona 4:2 word hierdie belydenis nie soos verwag as motivering vir 'n versoek om redding gebruik nie, maar vir 'n versoek om te sterf. Verder is dit opmerklik dat die vyand as een van die drie subjekte wat gewoonlik in die klag voorkom, nie eksplisiet genoem word nie. Tog is dit uit die konteks duidelik dat die vyand as belangrike element van die klag implisiet teenwoordig is. Dit is juis God se optrede teenoor die vyand wat Jona se klag en sy ongewone petisie inisieer. Verder verklaar dit ook waarom die gebruikelike belofte om God te prys, in die slot ontbreek.

Behalwe vir die ooreenkoms met die *individuele klaaglied*, vertoon hierdie gebed ook sekere strukturele en inhoudelike ooreenkomste met ses ander gebede in die Ou Testament. Hierdie gebede wat in Genesis 50:17, Eksodus 32:31-32, Jesaja 38:3 (2 Konings 20:3), Jona 1:14, Daniël 9:4-19 en Nehemia 1:5-11 te vinde is, begin almal met הַיְיָ אֱלֹהֵינוּ of יְיָ אֱלֹהֵינוּ ; trouens, tesame met Psalm 116:4, 16 en Psalm 118:25 is dit die enigste plekke in die Ou Testament waar die partikel הַיְיָ אֱלֹהֵינוּ voorkom. Alhoewel hierdie gebede se lengte, van heel lank soos in Daniël 9 tot heel kort soos in 2 Konings 20:3 wissel, is hulle almal uit dieselfde elemente saamgestel. Daarom word hierdie gebede hier as 'n spesiale kategorie gebede beskou en word hulle die הַיְיָ -gebede genoem.

In drie van hierdie gebede, naamlik Genesis 50:17, Eksodus 32:32 en Daniël 9:15, 17 word ook, soos in Jona 4:2, aan die einde van die gebed 'n versoek gerig wat deur הַיְיָ ingelei word. Dié versoek in Jona 4:3 verskil egter van die ander drie daarin dat dit nie 'n versoek om vergifnis is nie, maar om te sterf. Daarmee word nie alleen 'n struktuurwysiging aan die opbou van hierdie gebede aangebring nie,

maar daar word ook 'n dramatiese verandering aan die betekenis tweegebring. Verder staan hierdie versoek in Jona in direkte kontras met die ander gebede van dié kategorie wat nie die ingeligte leser of hoorder sou ontgaan nie. Trouens, binne die konteks van die hele boek gesien, is die *ironie* wat uit hierdie verandering spreek té opvallend om toevallig te wees. Net soos by die gebed in Jona 2:3-10 word ook hier bekende geykte vorme gebruik, gewysig en in 'n nuwe konteks geplaas om 'n bepaalde boodskap tuis te bring.

3.4 Jona 1:14

3.4.1 Inleiding

Net soos Jona 4:2-3 is hierdie gebed ook nie in die verlede as poësie erken nie. Aangesien Jona 1:14 net soos Jona 4:2-3 tot die kategorie van אָנָה-gebede behoort en verder ook as kontras teenoor laasgenoemde gebed gestel is, kan verwag word dat ook hierdie gebed poësie moet wees. Vervolgens sal hierdie gebed op 'n soortgelyke wyse as die vorige gebede ontleed en bespreek word.

3.4.2 Stigometriese Indeling

נִיקְרָאוּ אֶל־יְהוָה נִיאָמְרוּ

אָנָה יְהוָה 1

2+3	אֶל־נָא נִאבְרָה בְּנֶפֶשׁ תְּאִישׁ הַזֶּה
2+2	וְאֶל־חַמּוֹן עֲלִינוּ כִּם נִקִּיא
2+3=14	כִּי־אָתָּה יְהוָה בְּאֲשֶׁר תִּפְצֹת עֲשִׂית:

3.4.3 Vertaling

Inleiding: En hulle het tot die Here gebid en gesê:

Ag Here,

Moet ons tog nie laat omkom

vanweë die lewe van hierdie man nie;

Moet tog nie oor ons bring

onskuldige bloed nie;

Want U is die Here:

Soos wat U goed dink, so doen U.

3.4.4 Afgrensing

Na 'n inleidingsformule volg die gebed in die direkte rede. Hierin lê ook die motivering waarom vers 14 van die voorafgaande en daaropvolgende verse afgegrens word. Sowel vers 13 as vers 15 beskryf gebeure, terwyl vers 14 in die direkte rede die woorde van die matrose weergee.

3.4.5 Segmentering

Te oordeel aan die Masoretiese rustekens, bevat die gedig drie versreëls wat met הַיָּהוָה, וְקִרְיָא, וְשִׁירָא onderskeidelik eindig. By laasgenoemde twee woorde word die pousale vorms deur die *atnag* en *sof pasuq* bevestig. In eersgenoemde geval word die pousaliteit van הַיָּהוָה deur sowel die *zaqef qaton* as deur die paralleliteit tussen die twee versreëls bevestig. Al drie die versreëls word deur die invokasie, 'Ag Here' beheers. Die derde versreël verskaf 'n motivering op beide die voorafgaande versreëls. Weens hierdie hegte strukturele verbintenis, asook die inhoudelike eenheid, vorm die drie versreëls saam met die invokasie een strofe. Die gedig bestaan dus uit net een strofe en gevolglik ook net uit een stansa.

3.4.6 Kommunikatiewe middele

Soos in die gedig in Jona 4:2-3 vorm die invokasie הַיָּהוָה, אָנֹכִי 'Ag Here' ook in hierdie geval 'n *anacrusis*. Tussen die eerste twee versreëls is daar 'n sintetiese parallelisme aangesien die tweede versreël aanvullend by die eerste versreël is. Die gedagte van 'onskuld' word in die tweede versreël eksplisiet as 'n byvoeging tot die gedagte in die eerste versreël gestel. Opvallend is dan ook die gebruik van *metonimie* in die frase וְקִרְיָא דְּמַן 'onskuldige bloed' wat meer poëties is as wat 'onskuldige lewe' of '-man' sou wees. Die ongewone woordorde in die laaste stige van die derde versreël is ook betekenisvol. 'n Mens sou verwag dat die werkwoord וְשִׁירָא 'U doen' volgens die normale woordorde voorop sou staan. Deur dit aan die einde te plaas, kry dit die pousale klem en so word die klem semanties ook op die handeling van Jahwe geplaas. In hierdie woorde van die matrose kom nie alleen die tema van die verhaal na vore nie, maar word hulle insig met die gebrek aan insig wat Jona in sy gebede openbaar, gekontrasteer. Verder sluit die gebed ook op 'n kragtige wyse af omdat twee werkwoorde langs mekaar in die slotstige staan.

3.4.7 Vergelyking

Ook hierdie kort gebed, alhoewel daar enkele aanpassings gedoen is, voldoen aan die Westermann-model van die *individuele klaaglied*. Die toegepaste model lyk dan so:

I INLEIDING

1 Adres

Ag Here,

II HOOFDEEL

2 Dubbele petisie

i) Moet ons tog nie laat omkom
vanweë die lewe van hierdie
man nie;

ii) En moet tog nie onskuldige
bloed oor ons bring nie;

3 Vertrouensuitspraak

Want U is Jahwe: Soos wat U
goed dink, so doen U.

Soos Westermann (1981:185-186) aantoon, kan die klag òf in die negatiewe petisie opgeneem word, òf soos in bogenoemde geval, heeltemal wegval. Interessant is ook dat waar die vertrouensuitspraak gewoonlik die petisie voorafgaan, dit in bogenoemde geval daarop volg. Omdat dit die slot van die gebed vorm, kry dit groter klem as die petisie. Daarby verkry dit 'n spesifieke relasie van kontras met die slot van Jona se tweede gebed. Waar Jona sy eie wil vooropstel deur 'n versoek om te sterf omdat hy nie sy sin gekry het nie, onderwerp die matrose hulle aan die vrymag van Jahwe. 'n Verdere belangrike verskil is dat die element van lofprysing, net soos by Jona 4:2-3, ook hier ontbreek. Alhoewel dit hier as integrale deel van die gebed ontbreek, word dit tog as deel van die narratief in vers 16 soos volg weergegee: **יְיָ יִרְרֹךְ וְיִצְחָק לִיהוָה נִיִּרְרֹךְ וְנִצְחָק** 'En hulle het vir Jahwe geoffer en beloftes gedoen.' Deur die verskuiwing van hierdie element, asook die omruiling van die petisie en die vertrouensuitspraak, word die vertrouensuitspraak as 't ware uitgelig en kry dit buitengewone klem. Die funksie van die omruiling lê ener syds in die vooropstelling van die vertrouensuitspraak en andersyds in die kontrasverhouding wat dit met Jona se tweede gebed vorm.

Net soos die gebed in Jona 4:2-3 vertoon hierdie gebed ook ooreenkomste met die reeds genoemde **יְיָ יִרְרֹךְ**-gebede. In plaas daarvan dat die slotdeel deur **יְיָ יִרְרֹךְ** ingelei word, word dit in hierdie geval deur die homofoon **יְיָ יִרְרֹךְ** ingelei. Verder volg daar in hierdie geval nie 'n versoek op die inleidingspartikel nie, maar wel 'n belydenis.

Al hierdie variasies op die tema van die klaaglied is te fyn om as blote toeval afgemaak te word. Dit spreek eerder van intensionaliteit by 'n outeur wat deur seleksie en rangskikking van bekende elemente sy kunstenaarskap toon. By lesers

en hoorders wat bekend was met die konvensies wat gegeld het by hierdie gebede, sou hierdie fynhede ook nie ongemerk verbygegaan het nie.

Globaal gesien is hierdie gebede binne die totaalstruktuur van die Jona-verhaal 'n afwyking, wat die aandag van die leser trek. Daarom is dit noodsaaklik om nou oor te gaan na die bespreking van die narratiewe struktuur van die verhaal ten einde ook die funksie van die gebede binne hierdie struktuur te bepaal.

HOOFSTUK 4


Die verhouding tussen die narratiewe teks en die storie

4.1 Inleiding

Daar is reeds in hoofstuk 1.4 by die uiteensetting van die werkwyse gemeld dat Gérard Genette se model waarvolgens 'n narratiewe teks in drie vlakke onderskei kan word, gebruik sal word om die verhalende struktuur van die boek Jona te beskryf. Die drie vlakke is soos volg:

- * die *récit* (narratiewe teks – Gräbe [1986:156] of verteltekste – Brink [1987:39]);
- * die *histoire* (storie – Gräbe [1986:156]);
- * die *narration* (vertelhandeling – Gräbe [1986:156] of vertelproses – Brink [1987:40]).

Bostaande drie vlakke is op 'n bepaalde manier aan mekaar verbind sodat die storie die inhoud (dieptestruktuur) van die narratiewe teks (oppervlakstruktuur) vorm, terwyl die vertelhandeling die wyse waarop die teks geproduseer is, weergee. Gräbe (1986:156) verduidelik hierdie interafhanklikheid tussen die drie vlakke van die verhaal met die volgende skets:



Alhoewel die storie en vertelhandeling slegs indirek uit die verteltekste afgelei kan word, is hulle noodsaaklik om sowel die verhaal se samestelling as sy betekenis te beskryf. Genette se uitgangspunt dat die verhaalanalise deurgaans 'n ondersoek van verskillende relasies is, word met die volgende aanhaling gedemonstreer: 'Analysis of narrative discourse will thus be for me, essentially, a study of the *relationships* between narrative and story, between narrative and narrating, and [to the extent that they are inscribed in the narrative discourse] between story and narrating' (my beklemtoning). In hierdie hoofstuk word dié spesifieke relasie tussen die narratiewe teks en die storie ondersoek soos dit gestalte vind in drie elemente naamlik tyd, karakterisering en ruimte.

4.2 Tyd

Dat tyd 'n belangrike formele element in narratiewe tekste is, blyk uit die rol wat dit as ordeningsbeginsel in die struktuurering van die verhaal speel. Rimmon-Kenan

(1983:58) konstateer hierdie feit soos volg: 'Moreover, while the treatment of time may undergo various changes, time itself is indispensable to both story and text. To eliminate it [if this were possible] would be to eliminate all narrative fiction.' Dié onontbeerlikheid van tyd as element vir beide die storie en die narratiewe teks, word op twee maniere gemanifesteer: Eerstens word gebeurtenisse in die storie volgens hulle logiese en chronologiese opeenvolging in die tyd georden; tweedens word gebeure, karakters en ruimte lineêr in terme van tyd in die narratiewe teks aangebied (Gräbe 1985:25).

Om die verhouding wat daar tussen tyd in die storie en die tyd wat in die verteltekste in Jona bestaan te bespreek, word dit aan die hand van die drie aspekte wat Genette onderskei het, gedoen, naamlik *volgorde*, *duur* en *frekwensie*.

4.2.1 Volgorde

By volgorde, so sê Gräbe (1988:25), 'gaan dit om die verhouding tussen die opeenvolging van die gebeurtenisse in die storie en hulle lineêre aanbieding in die verhandelende teks'. As 'n parafrase van die storiegebeure uit die teks van Jona gemaak word, is dit duidelik dat dieselfde waarnemings wat Gräbe (1986:267) ten opsigte van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan gemaak het, ook op Jona van toepassing kan wees. Na die volgende parafrasering sal verder op hierdie waarnemings ingegaan word.

Parafrase:

- 1 Nineve se boosheid het onder Jahwe se aandag gekom.
- 2 Gevolglik gee Jahwe sy profeet Jona opdrag om teen Nineve te gaan preek.
- 3 Jona wil hierdie opdrag ontduik deur per skip na Tarsis toe te probeer vlug.
- 4 Jahwe veroorsaak 'n hewige storm op die see, sodat die skip gevaar loop om te vergaan.
- 5 Terwyl die matrose alles in hulle vermoë doen om die skip te red, lê Jona in die ruim van die skip en slaap.
- 6 Ten einde raad werp hulle die lot en dit val op Jona.
- 7 Hy erken dat hy van Jahwe se opdrag wegvlug en stel voor dat hy in die see gegooi word.
- 8 Die matrose probeer eers om na die land toe terug te roei, maar dit is tevergeefs.
- 9 Nadat hulle tot Jahwe gebed het, gooi hulle Jona oorboord en die see word kalm.
- 10 Toe vrees die matrose Jahwe en gee aan hom offers en doen geloftes aan hom.
- 11 Intussen het Jahwe 'n vis beskik om Jona in te sluk.

- 12 Jona bly drie dae en nagte in die vis waar hy tot Jahwe bid.
- 13 Daarna beveel Jahwe die vis om Jona op land uit te spoeg.
- 14 Jahwe beveel Jona 'n tweede maal om teen Nineve te gaan preek.
- 15 Jona gehoorsaam en nadat hy 'n dagreis die stad ingegaan het, preek hy die boodskap wat Jahwe aan hom opgedra het.
- 16 Die mense van Nineve reageer positief op die preek.
- 17 Selfs die koning van Nineve kry berig van die preek en vaardig 'n dekreet uit wat almal tot berou en vas verplig.
- 18 God sien hulle optrede en trek sy oordeel terug.
- 19 Hieroor is Jona baie kwaad en bid tot Jahwe om sy lewe te neem.
- 20 Hy gaan toe die stad uit om aan die oostekant vir hom 'n skuiling te bou vanwaar hy kan sien wat met die stad gebeur.
- 21 Jahwe beskik toe 'n boompie om as skadu vir Jona te dien.
- 22 Hieroor is Jona baie bly.
- 23 Met dagbreek die volgende dag beskik Jahwe 'n wurm om die boompie te steek sodat dit verwelk.
- 24 Daarna, toe die son skyn, het God die Oostewind beskik om te waai sodat Jona flou geword het.
- 25 Toe hy bid om te sterf, vra God of hy rede het om kwaad te wees oor die boompie.
- 26 Wanneer hy bevestigend antwoord, vra God hoeveel te meer Hy nie rede het om genade aan die mense van Nineve te betoon nie.

Voordat oorgegaan word om die chronologiese opeenvolging van handeling aan die hand van die storieparafrese te bespreek, is dit van belang om eers die basiese struktuur van die verhaal op die storievlak aan die hand van Bremond (Gräbe 1985b:63-66) se model van die 'logika van die narratiewe moontlikheid' na te gaan. Hierdie model word gegrond op die veronderstelling dat funksie die basiese eenheid van 'n storie is, maar dat dit verbind word met 'n reeks waar verskillende alternatiewe vir die ontwikkeling van die storie moontlik is. So 'n reeks gebeurtenisse vorm 'n proses waarbinne drie stadia onderskei kan word, naamlik:

- * die moontlikheid (of virtualiteit);
- * die gebeurtenis self (of aktualisering);
- * die resultaat (of afsluiting) van die proses.

Volgens Bremond ontwikkel alle reekse in verbeterings- of verslegtingsprosesse. Toegepas op die Jonaverhaal kan die volgende prosesse van verbetering of versleg-

ting onderskei word. In die eerste deel van die boek wat uit hoofstukke 1 en 2 bestaan, sien die prosesse soos volg daar uit:

- * met die bevel van Jahwe in Jona 1:2 word die moontlikheid of virtualiteit gestel, met ander woorde 'n doel word gedefinieer;
- * met Jona se reaksie in Jona 1:3 vind daar 'n nie-aktualisering plaas van die proses om die doel te bereik;
- * die resultaat van die nie-aktualisering is mislukking en daarom word 'n verslegtingsproses met die storm ingelei en verder gevoer wanneer Jona uiteindelik oorboord gegooi word. Hierdie verslegtingsproses, wat met die storm begin, word voortdurend geïntensiveer totdat dit 'n klimaks bereik wanneer Jona oorboord gegooi word. Daarna tree 'n verbeteringsproses in wanneer Jona deur die vis ingesluk word en vervolgens op land uitgespoeg word.

'n Byna identiese verloop in die tweede deel van die boek, wat uit hoofstukke 3 en 4 bestaan, kan soos volg beskryf word:

- * met die herhaling van Jahwe se bevel in Jona 3:2 word daar weer 'n moontlikheid gestel;
- * met die positiewe reaksie van Jona betreffende hierdie bevel word die aktualisering van die doel in werking gestel;
- * Nineve se reaksie as die resultaat van die aktualisering word op 'n negatiewe wyse deur Jona ervaar en kan daarom as 'n verslegtingsproses getipeer word. Net soos in die eerste helfte van die boek word hierdie verslegtingsproses ook geïntensiveer deur die episode van die boompie wat aanvanklik positief begin, maar dan dramaties versleg. Anders as in die eerste helfte van die boek, word die verbeteringsproses hier nie eksplisiet gestel nie, maar slegs gesuggereer deur die oop einde van die boek. Die veronderstelling is dat Jona die korrekte antwoord sou gee en dat die resultaat dan vir hom positief sou wees. Slegs deur die aanname van hierdie veronderstelling word die virtualiteit wat in Jona 3:2 gestel is ten volle gerealiseer.

Uit bostaande storieparafrese en die verbeterings- en verslegtingsprosesse wat daaruit geabstraheer kan word, blyk dit dat, met die uitsondering van moontlik twee gebeurtenisse, die res mekaar ook *chronologies* in die verteltekse opvolg. Deist (1981: 18, 40) wys met die term 'tydsvurk' na drie plekke in die teks waar gebeurtenisse gelyktydig gebeur, maar dan in die teks ná mekaar vertel word. Die drie passasies waarna hy verwys, is Jona 1:4-5 (vgl verse 4 & 5 hierbo), Jona 1:16-2:1 (vgl verse 9-11), asook Jona 3:4, daarmee korresponderende Jona 4:5 (vgl verse 15 & 20). Van der Woude (1978a:22) identifiseer hierdie selfde verskynsel, wat hy 'nachslopende

Erzählung' noem, ook in Jona 1:10 en 3:6v. Met hierdie 'stylfiguur' verstaan Van der Woude dat 'n saak eers in die algemeen gestel word en dus 'plusquamperfek-tisch' vertaal moet word en dan daarna in besonderhede weergegee word.

Die vraag is of die voorkoms van hierdie stylfiguur (Van der Woude) of 'tyds-vurk' (Deist) as 'n tydsafwyking of *anachronie* in Genette se terme beskou moet word. Die antwoord op hierdie vraag lê in die noodwendigheid van die lineêre aanbieding in 'n verteltekste en aan die hand daarvan sal elkeen van die individuele ge-valle bespreek word.

By 1:5 word eers die matrose en daarna Jona se reaksie op die storm uit-gebeeld. Dit is interessant dat beide se reaksie deur middel van drie handelinge weergegee word. Hierdie reaksies word op so 'n wyse uitgebeeld dat dit 'n perfekte kontras met mekaar vorm. Omdat hierdie kontras later onder 'karakterisering' vol-ledig bespreek sal word, word daar nou nie in detail daarop ingegaan nie. Die ge-lyktydige weergawe van die reaksies op die storievlak kan nie anders as lineêr in die narratiewe teks gestalte kry nie. Daarom is daar geen sprake van afwyking in chro-nologiese orde van tyd soos dit in die teks neerslag vind nie.

Op 'n soortgelyke wyse word gebeurtenisse wat gelyktydig plaasvind nadat Jona in Jona 1:15 in die see gegooi is, ook lineêr aangebied. Alhoewel die matrose se handelinge (Jona 1:16) en die vis wat vir Jona insluk (Jona 2:1) gelyktydig plaasvind, word die gebeure rondom die matrose se optrede eerste vertel en daarna die gebeu-re rondom Jona. Ook hier is geen sprake van afwyking in die chronologiese patroon nie, maar kom die gebeurtenisse lineêr in die teks voor. Die feit dat 'n belangrike konvensie soos die artistieke herrangskikking van logiese en chronologiese gebeur-tenisse op die tekstvlak in beide bogenoemde gevalle nie geëksploiteer word nie, vra om 'n verklaring. Die saamval van die gebeure op die storievlak met die verhaal-vlak het tot gevolg dat die dieptestruktuur van die storie direk na die oppervlak-struktuur van die narratiewe teks verplaas word. Gevolglik word die *inhoud* of *bete-kenis* van die verhaal daardeur makliker verstaanbaar – oftewel, die didaktiese les word direk gekommunikeer (Gräbe 1986:269).

In beide bogenoemde gevalle, asook by Jona 1:10 en 3:5 waar gelyktydige han-delinge plaasvind, is dit interessant om daarop te let dat die matrose en die Ninevie-te se reaksie telkens eerste weergegee word voordat Jona se optrede belig word. Die vraag is waarom hierdie volgorde konsekwent gevolg word, terwyl Lohfink (1961:195) dit beklemtoon dat '[s]chliesslich ist es das Jonabuch, und um Jona geht es'. Is dit nie die manier waarop die verteller telkens die religieuse reaksie van die *heidene* wil beklemtoon teenoor die byna traak-my-nieagtige houding van Jona nie? Sodoende kry ons 'n onverwagte reaksie van die heidene, terwyl die man van wie ons dit wel verwag, nie aan die verwagting voldoen nie. Dit is om hierdie rede dat

Lohfink (1961:196) die motivering vir hierdie tegniek soek in '[w]ieder war die Kategorie der religiösen Reaktion führend'.

Wat Van der Woude se term 'nachholende Erzählung' betref, kan dit slegs op twee passasies betrekking hê, naamlik Jona 1:16 en 3:5-9. Alleen in hierdie gevalle kan daar werklik sprake wees van 'n frase of sin wat 'n voorafgaande frase of sin nader spesifiseer. So word by Jona 1:16 die 'bring van offers' deur 'hulle het naamlik geloftes afgelê' verduidelik. In Jona 3:5 word die algemene reaksie van die mense van Nineve opgevolg deur die dekreet van die koning in Jona 3:6-9 waarin die vereiste optrede in detail uitgespel word. Inderdaad word ook hier die chronologiese en logiese weergawe van gebeurtenisse lineêr in die verteltekste aangebied.

'n Veel moeiliker geval is die voorstel dat Jona 4:5 direk na 3:4 moet volg omdat dit 'n logiese vervolg op die gebeure in Jona 3:4 sou wees. Daarmee word veronderstel dat as Jona 4:5 sy posisie behou, daar 'n tydsafwyking in die teks ontstaan. Volgens Lohfink (1961:185) was Winckler die eerste van 'n lang ry geleerdes wat hierdie voorstel ondersteun het. Saam met Lohfink verwerp ek hierdie voorstel omdat die gebeurtenisse in die teks wel logies en chronologies op mekaar volg. *Eers* preek Jona (in Jona 3:4), *dan* kom die Nineviete tot inkeer (Jona 3:5-9), *daarna* weerhou Jahwe sy oordeel (Jona 3:10) en *daarom* is Jona so kwaad dat hy bid om te sterf. Dus is dit myns insiens duidelik dat die logiese en chronologiese patroon op die storievlak nie op die tekstylak versteur word nie. By Jona 4:5 het ons met 'n nuwe ruimte-aanduiding te doen waar die volgende gebeurtenis hom afspeel; daarop sal later ingegaan word as die aspek van ruimte bespreek word.

Daar is wel twee plekke waar tydsafwykings in die teks voorkom: Die eerste is by Jona 1:10 en die tweede by Jona 4:2. In albei gevalle het ons met terugflitse of, wat Genette noem, *analepsisse*, te doen. Lohfink (1961:194) wys daarop dat die gebeurtenisse by Jona 1:10 op die storievlak in die volgende volgorde geskied:

- * Jona vertel hulle dat hy van Jahwe se opdrag af wegvlug.
- * So kom die matrose te wete dat hy vlug.
- * Daarna volg hulle uitroep van verbasing oor sy optrede.

In die narratiewe teks word die orde egter omgekeer. In Jona 1:9 word in die teks nie eksplisiet gestel dat Jona hulle meedeel dat hy vlug nie. In Jona 1:10 begin die orde by hulle uitroep, 'Wat is dit wat jy doen?', gevolg deur die mededeling dat hulle weet dat hy vlug omdat hy hulle dit vertel het. Die funksie van hierdie terugflitse (omkering) is volgens Lohfink (1961:194) daarin geleë dat die vreesreaksie van die matrose direk na die belydenis van Jona moet volg. Dit gaan dus om die kontrastering van die vreesreaksie van die matrose met die statiese houding van Jona.

'n Tweede terugflits kry ons in Jona se gebed in Jona 4:2. Hier hoor ons vir die eerste keer van Jona se bedenkinge wat hy gehad het toe hy sy opdrag die eerste maal ontvang het. Omdat hy die genadige aard van Jahwe geken het, het hy probeer om na Tarsis toe te vlug eerder as om sy opdrag na te kom. Daar kan dus gevra word waarom hierdie motivering vir sy optrede nou eers gestel word. Dit wil voorkom asof die spanningslyn daardeur verhoog word, die konflik geïntensiveer en sekere karaktereïenskappe van Jona geopenbaar word. Wanneer karakterisering later bespreek word, sal hierdie aspek in diepte ondersoek word.

In beide gevalle het ons met die eerste kategorie van Genette se 'internal homodiegetic analepses' te doen (Genette 1980:51). Hieronder verstaan hy '*completing analepses*, or "returns" [which] comprise[s] the retrospective sections that fill in, after the event, an earlier gap in the narrative...' (Genette 1980:51). Hierdeur word informasie aangaande die karakter van Jona wat betrekking het op sy optrede en innerlike gesteldheid in die verlede geopenbaar op 'n tydstip in die teks waar motivering vir sy handeling noodsaaklik is. Teen die agtergrond van hierdie inligting kan die ontsteltenis van die matrose in Jona 1:10 en Jona se eie ontsteltenis en sy doodswens in Jona 4:1-3 werklik begryp word.

Met die uitsondering van bogenoemde twee gevalle van *analepsis* val die chronologiese aanbieding van die gebeure in die storie en die teks saam. In haar bespreking van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, waar 'n soortgelyke saamval van die gebeure in die storie en die verteltekse voorkom, maak Gräbe (1986:267) die opmerking dat die struktuur van die teks ooreenstem met dié van 'n sprokie. Hierdie ongekompliseerde weergawe van die gebeure in die teks het tot gevolg dat 'n meer artistieke weergawe van die opeenvolging van gebeurtenisse nie benut word nie. Gevolglik kommunikeer die inhoud van die storie direk op die oppervlak van die teks en val die klem eerder op die betekenis van die verhaal. In die Jonaverhaal word so 'n direkte manifestering van 'betekenis' gevind. Dit geskied deur die onderskeie houdings van die akteurs teenoor Jahwe in die storie op die voorgrond te stel. Daarby word die volgorde waarin die akteurs se reaksies weergegee word – eërs die heidene en dan Jona se reaksie – gebruik om hierdie twee houdings te kontrasteer. Die fyn balans in die konstruksie van die handeling van die akteurs dra verder daartoe by dat die twee verskillende houdings pertinent by die leser registreer. Aan die hand van hierdie houdings word die betekenis of boodskap van die verhaal op 'n didaktiese wyse oorgedra.

4.2.2 Duur

Verklarings oor die duur van gebeurtenisse in die storie en die teks verskaf 'n antwoord op die vraag hoe lank die gebeure in terme van ure, dae, weke en jare ge-

neem het om voltrek te word. Dit is egter problematies om dieselfde norm vir die duur van die gebeure in die storie en in die verteltekst vas te lê, want tyd in die verteltekst kan slegs in terme van vertelruimte gemeet word. Daarom moet ons met Genette saamstem 'to use constancy of pace, rather than adequation of story and text as the "norm" against which to examine degrees of duration. Constancy of pace in narrative is the unchanged ratio between story-duration and textual length...' (Rimmon-Kenan 1983:52). In die Jonaverhaal kom dit dus daarop neer dat die duur van 'n gebeurtenis in die storie in die teks manifesteer in die vorm van verse, perikope en bladsye. As konstante tempo die norm of die maatstaf is waarmee tydsduur gemeet word, kan dit gewysig word deur *versnelling* of *vertraging*.

Die globale ritme van 'n verhaal word deur afwisseling tussen die versnelling en vertraging in die narratiewe teks bewerkstellig (Bal 1978:74). Hierdie ritme kan volgens Genette (1980:95) op vier maniere aangepas word. Gräbe (1985b:29) voeg 'n vyfde wyse by wat sy na aanleiding van Chatman (1978) *vertraging* noem, maar Brink (1987:102) verkies die term *uitbreiding*. Dit word gedoen om asimmetrie uit te skakel deur 'n teenpool vir samevatting daar te stel. Hierdie tempowisselings word deur die volgende aangepaste skema van Genette soos volg onderskei:

ellips: TS = n TV = O dus:	TS	> OO	TV
samevatting	TS	>	TV
scène	TS	=	TV
uitbreiding	TS	<	TV
pouse: TS = O TV = n dus:	TS	< OO	TV (Bal 1978:76)

TS – storietyd
 TV – verhaaltyd
 > – groter as
 < – kleiner as
 OO – oneindig
 = – is gelyk

Hierdie skema kan soos volg verduidelik word:

- * *Ellips*, waar die storiegebeure in die verteltekst weggelaat word.
- * *Samevatting*, waar die storiegebeure opsommenderwys in die verteltekst weer-gegee word.
- * *Scène*, waar die tempo van die storiegebeure gelyk is aan die verteltempo.
- * *Uitbreiding*, waar die storiegebeure meer uitgebreid in die narratiewe teks voorkom.

- * *Pouse*, waar 'n element wat geen tyd in die storie in beslag neem nie, uitvoerig in die narratiewe teks vertel word (Gräbe 1985b:29).

Omdat Jona 'n kortverhaal is, word die tekstyd anders as by 'n roman of novelle nie aan die aantal bladsye gemeet nie, maar eerder aan die aantal verse wat aan 'n bepaalde episode afgestaan word. Wanneer hierdie globale ritme van die boek Jona ontleed word, is dit duidelik dat tempowisseling op die volgende wyse aangewend word:

- * Hoewel die direkte rede wat 'n tipiese toneelmatige aanduiding is wel in Jona 1:1 voorkom, word in Jona 1:1-3 van *samevatting* gebruik gemaak, aangesien die storiegebeure van die roeping en opdrag van Jona in sy vaderland en sy reaksie daarop, slegs in drie verse in die verteltekste meegedeel word. Daar word nie vertel hóé, waar en wannéér hy die opdrag ontvang het nie; ook nie hoe hy na Joppe gereis het nie. Hierdie proses op die storievlak van roeping en opdrag en die wegvlug van hierdie opdrag moes ten minste 'n paar dae in beslag geneem het, maar die uitbeelding daarvan word in 'n beperkte ruimte in die verteltekste weergegee.
- * Die gebeure tydens die storm op die skip word *toneelmatig* aangebied, met ander woorde, die tempo tussen die gebeure in die storie en die tempo waarmee dit in die teks weergegee word, is gelyk. Volgens Rimmon-Kenan (1983:54) is 'dialogue the purest form of scene'. Uit die dertien verse waarmee hierdie gebeure in die teks weergegee word, word agt verse geheel of gedeeltelik aan dialoog gewy. Dat hierdie gebeure met dertien verse in die teks uitgebeeld word, wys op die belangrikheid daarvan vir die verhaal. Nie alleen kom die onderskeie houdings van die akteurs uit die dialoog na vore nie, maar hierdie gebeure geld ook as antisipasie van dit wat nog moet volg, naamlik, die reaksie van die mense van Nineve.
- * Die gebed van Jona in die maag van die vis (Jona 2:1-11) is 'n klassieke voorbeeld van 'n *tempo-stilstand of pouse*. Trouens, Licht (1978:123) noem dit 'n 'poetical intermezzo, enforcing a pause in the flow of the prose'. Alhoewel die enigste gebeure in die storie deur twee verse aan die begin en een vers aan die einde van die gebed gestel word, word agt verse in die teks aan die gebed self gewy. Wat die ritme van die verhaal betref, is dit duidelik dat dit hier tot stilstand gekom het. Volgens die tydsaanduiding in die storie, duur hierdie gebeure, of liever die gebrek aan gebeure, drie dae en nagte. Uit die aard van die saak val die klem nie op die gebeure nie, maar verskuif dit na die innerlike gesteldheid van die akteur. Soos uit hoofstuk 3 blyk, gaan dit dus hier eerder om sy refleksie op die gebeure as om die gebeure self. Die funksie van hierdie pou-

se sal later by karakterisering en fokalisering nader toegelig word. In hierdie stadium is dit slegs belangrik om die totale vertraging in die verteltempo uit te wys.

- * Na die vertraging van die tempo met die episode in die vis, versnel die tempo aansienlik as 'n nuwe opdrag aan Jona geskets word met sy reaksie daarop (Jona 3:1-3). Net soos met die eerste roeping in Jona 1:1-3 word hierdie gebeure *samevattend* in drie verse vertel. Van die lang reis na Nineve in die storie, word niks in die teks gemeld nie, behalwe dat hy volgens Jahwe se woord na Nineve gegaan het. Uit die beskrywing van Nineve se grootte in Jona 3:3b word op 'n implisiete wyse aangetoon dat Jona in Nineve aangekom het. Verder dien hierdie beskrywing ook as oorgang na die volgende episode en is daarom minder belangrik as dié gedeeltes wat toneelmatig vertel word.
- * Die gebeurereeks in Nineve wat met Jona se preek in Jona 3:4 begin en met Jahwe se vraag aan hom in Jona 4:4 eindig, word op 'n soortgelyke wyse as die ooreenstemmende episode in die eerste helfte van die boek *toneelmatig* weergegee. In teenstelling met die episode op die skip, is hier geen dialoog nie. Daar word wel vier maal in hierdie gedeelte gepraat:
 - ** Jona se preek in Jona 3:4;
 - ** die koning se opdrag in Jona 3:7-9;
 - ** Jona se gebed in Jona 4:2;
 - ** Jahwe se vraag aan Jona in Jona 4:4.

Hierdie vier gevalle word slegs gerapporteer sonder dat daar enige dialoog op volg. Lohfink (1961:197) wys daarop dat die gebeurereeks vanaf Jona 3:4-4:4 'gestaltet ein richtiges Hin und Her religiösen Geschehens, wo eine Reaktion die andere hervorruft'. Die prediking bewerk boetedoening en dié boetedoening word in groot detail bespreek sodat die toneel as 't ware voor die leser se oë afspeel. As gevolg van die volledigheid waarmee die boetedoening geskets word, kom die leser en Jahwe onder die indruk van ware berou en dit veroorsaak dat God sy straf herroep. In sowel die optrede van die Nineviete en die wyse waarop dit toneelmatig in die teks weergegee word, word 'n baie sterk parallel met die episode van die matrose getrek. Beide die matrose en die Nineviete reageer op soortgelyke wyse op die woorde en dade van Jahwe. Jona daarenteen reageer met woede en 'n wens om te sterf. Deur die gebed van Jona in Jona 4:2-3 wat as 'n pouse gesien kan word, word 'n selektiewe vertraging van die tempo binne 'n kompakte vertelling bewerkstellig.

- * By Jona 4:5 begin 'n nuwe episode wat buite die stad afspeel. Die tyd wat die storie-gebeure in beslag neem kan hoogstens 'n paar dae wees en dit word as 'n

scène in die teks aangebied. Dat die tempo tussen storietyd en verteltyd hier gelyk is, word daardeur bevestig dat die helfte van die sewe verse wat die gebeure uitdruk, dialoog bevat. As hierdie dialoog nog in die strategiese laaste gedeelte van die episode tussen Jahwe en Jona voorkom, beklemtoon dit die belangrikheid van die episode. Die belangrikheid lê daarin dat die ontknoping van die verhaal in hierdie episode plaasvind en dat deur die toneelmatige aanbieding die inhoud van die storiegebeure in die narratiewe diskoers deursigtig word.

4.2.3 Frekwensie

Hierdie verskynsel wat heel eerste deur Genette as 'n aspek van tyd binne 'n literêr-teoretiese model verwerk is, beantwoord die vraag hoe dikwels 'n gebeure in die storie plaasvind en hoe dikwels dit in die teks vertel word. Rimmon-Kenan (1983:56) som frekwensie soos volg op: 'Frequency...is the relation between the number of times an event appears in the story and the number of times it is narrated [or mentioned] in the text. Frequency, then, involves repetition, and repetition is a mental construct attained by an elimination of the specific qualities of each occurrence and a preservation of only those qualities which it shares with similar occurrences.' Genette (1980:114) onderskei vier moontlike relasies van repetisie tussen die storie en die teks, naamlik:

- * om *een* keer te vertel wat *een* keer gebeur het (1N/1S);
- * om *n* kere te vertel wat *n* kere gebeur het (nN/nS);
- * om *n* kere te vertel wat *een* keer gebeur het (nN/1S);
- * om *een* keer te vertel wat *n* kere gebeur het (1N/nS).

Hoewel Genette beide die eerste twee tipes 'singulative narrative' noem, is dit die tweede tipe *singulative narrative* wat vir die bespreking van Jona van uiterste belang is.

Omdat repetisie so dikwels en op so 'n geskakeerde wyse in Ou-Testamentiese verhale voorkom, het verskeie navorsers soos Licht (1978:51-95), Alter (1981:88-113) en Sternberg (1985:365-440) reeds aan hierdie verskynsel aandag gegee. Alhoewel hulle dit meestal deskriptief en nie binne 'n algemeen literêr-teoretiese model bespreek het nie, is hulle insigte van belang omdat dit spesifiek toepaslik is op die Hebreuse verhaalkuns van die Ou Testament. Verder is dit ook noodsaaklik om hulle waarnemings oor repetisie onder die aspek van frekwensie in Genette se model te akkommodeer om dit dan binne hierdie verband ook op Jona toepaslik te maak.

Alter (1981:95) se bydrae is veral daarin geleë dat hy die eenhede wat herhaal, saamsnoer tot wat hy noem, 'What we find, then, in biblical narrative is an *elabora-*

tely integrated system of repetitions...' (my beklemtoning). Hierdie sisteem word voorgestel as 'a scale of repetitive structuring and focusing devices...running from the smallest and most unitary elements to the largest and most composite ones' en bestaan uit die volgende elemente:

- 1) *Leitwort*: Hier is die eenheid wat herhaal word die Hebreeuse woordstam. 'n Netwerk van relasies kan deur middel van die herhaling van hierdie basiese element tot stand gebring word.
- 2) *Motif*: Dit is 'n konkrete beeld, 'n waarneming, 'n gebeurte wat herhaaldelik in 'n verhaal voorkom en soms met 'n *Leitwort* geassosieer word.
- 3) *Theme*: 'n Idee wat deel van die waardesisteem van die verhaal vorm en wat moreel, psigologies, polities of teologies kan wees, word deur herhaling duidelik weergegee.
- 4) *Sequence of actions*: Hierdie vorm van herhaling kom meestal in volksverhale voor waar 'n bepaalde gebeurereeks drie maal, of drie maal plus een, herhaal word.
- 5) *Type-scene*: Dit is 'n betekenisvolle episode in die lewe van 'n karakter waarin motiewe in 'n vasgestelde volgorde voorkom (Alter 1981:95-96).

Terme soos 'small scale repetitions' en 'tricola' wat deur Licht (1978:86, 90) gebruik word, kan onder punte 2, 3 en 4 in bogenoemde skema verdiskonteer word. Dit was egter deur Magonet (1976:31) as 'the growing phrase' in Jona geïdentifiseer is, word deur Alter (1981:97) soos volg uitgesonder: 'But there is a different kind of biblical repetition, which is phrasal rather than verbal or a matter of motif, theme, and action. Here entire statements are repeated, either by different characters, by the narrator, or by the narrator and one or more of the characters in concert, *with small but important changes* introduced in what usually looks at first glance like verbatim repetition' (my beklemtoning).

Terwyl wat hierbo oor repetisie in Bybelse verhale gesê is, slegs oor die *wat* en die *omvang* van herhaling gehandel het, kan die afleiding ten onregte gemaak word dat herhaling slegs 'n narratiewe konvensie in Bybelse verhale is. Sternberg (1985: 369) en Alter (1981:103) stem egter saam dat herhaling nie slegs 'n gesofistikeerde konvensie in Ou-Testamentiese verhale is nie, maar inderdaad 'n funksionele prinsiep is. Volgens Sternberg (1985:411) funksioneer repetisie op tweeërlei wyse, naamlik op die mimetiese en esteties-retoriese vlakke van die verhaal.

Sternberg (1985:430-435) gaan verder as Alter en hy poog ook om aan te toon *hoe* die herhalingspatroon bewerkstellig word. Hiervoor identifiseer hy *vyf* veranderlikes wat op *drie* asverhoudings as teenpole van mekaar gestel word. Dié drie asverhoudings is:

- * Die as van die *objek* waar die status van die objek op 'n verbale of nonverbale wyse vergestalt word;
- * Die as van *ekwivalensie* waar die opponerende pole 'n verbatim weergawe of 'n variante herhaling is;
- * Die as van *motivering* waar die variante weergawe as doelbewus of onbewustelik getipeer word.

Terwyl Bybelse verhale in die algemeen en die boek Jona in die besonder min gebruik maak van die narratiewe tegniek waar die chronologiese en logiese volgorde van die storiegebeure in die teks herrangskik word, is dit heeltemal 'n ander saak wat frekwensie betref. Dit lyk of die artistiek-estetiese vermoë van Bybelse outeurs en van Jona in die besonder veral deur repetisie uitgelig word. Repetisie is dus nie 'n blote konvensie nie, maar word funksioneel ingespan om op beperkte of omvangryke wyse elemente te herhaal om bepaalde effekte te bereik. Die funksie van repetisie en ook ander naratiewe konvensies is dus kommunikatief van aard. Hierdie verskynsel van repetisie word hier onder aan die hand van bostaande beginsels in die boek Jona toegepas.

Die hele makrostruktuur van die boek is op die beginsel van repetisie saamgestel. So bestaan die boek uit twee duidelik onderskeibare helftes, A en B, wat uit hoofstukke 1 + 2 en 3 + 4 onderskeidelik saamgestel is. Hierdie twee dele is op 'n soortgelyke wyse gestruktureer deurdat:

- * albei op identiese wyse met die roeping en opdrag van Jona begin – vergelyk Jona 1:1-3 met 3:1-3;
- * albei 'n 'getuienis' van Jona teenoor die heidene bevat, naamlik sy belydenis in Jona 1:9 en sy preek in 3:4;
- * albei gee 'n positiewe reaksie van die heidene op Jona se 'getuienis'. Die matrose se bekering in Jona 1:16 het sy parallel in die Nineviete se gelowige optrede in Jona 3:5. Dit is merkwaardig dat in sowel Jona 1:16 as 3:5 die reaksie deur drie handelinge uitgebeeld word wat tot God gerig is;
- * albei die helftes bevat vervolgens 'n gebed van Jona, naamlik Jona 2:3-10 en 4:2-3;
- * albei die gedeeltes sluit af met wat Licht (1978:122) noem 'the two didactic miracles of the fish and the plant' (Jona 2:1-11 & 4:6-11);
- * albei die gedeeltes se belangeruimtes stem ook ooreen met die roepings-episodes in Jona 1:1-3 en 3:1-3 wat in Israel afspeel. Daarby korrespondeer die gebeure in die eerste helfte waar dit eers *binne* en daarna *buite die skip* afspeel, met die gebeure wat in die tweede helfte eers *binne* en daarna *buite die stad* plaasvind.

Herhaling op die narratiewe vlak, binne die teks self, is dus belangriker as die herhaling van die storiegebeure wanneer 'n bepaalde gebeure meer as een keer vertel word.

Repetisie word egter ook gebruik om verbande op die mikrovlak van die teks tussen gebeure binne episodes en tussen episodes onderling te bewerkstellig. Magonet (1976:13-38) het op uitgebreide wyse die verskynsel van repetisie in Jona bespreek. Hoewel hy hierdie saak baie deeglik ondersoek het, is daar 'n paar onnouveurhede en gebreke in sy bespreking. So vermeld hy wanneer hy in sy skema oor die verspreiding van werkwoorde handel (Magonet 1976:14) dat die werkwoord קָרָא 'vrees' ses maal voorkom, maar die verbale vorm kom slegs vier maal voor, terwyl die infinitief die ander twee maal as substantief gebruik word. Daarby werk hy met die 'primary meaning' (Magonet 1976:26) van die werkwoord קָרָא 'uitroep' wat volgens die moderne leksikografie nie houdbaar is nie (Wendland & Nida 1985:2-3). Hiervolgens word woorde se betekenis deur hulle konteks bepaal en het 'n woord dus nie 'n 'primary meaning' of 'n 'Grundbedeutung' nie. Verder konsentreer hy op die patroonmatige funksies van die herhalings sonder om eers oor die omvang van die eenhede te besin, met ander woorde of dit 'n sleutelwoord, 'n tema of 'n gebeurereeks is. Hierdie funksies wat hy 'comparison and contrast' (Magonet 1976:19) en 'multiple meanings' (Magonet 1976:22) noem, word ook nie volgens 'n narratologiese model in relasie tot die struktuur of tot karakterisering of die tydsaspek bespreek nie. Ten spyte van hierdie gebreke, bly die werk wat Magonet so gedetailleerd gedoen het, waardevol en is dit sinneloos om alles hier te herhaal. Daarom sal slegs een voorbeeld van elke kategorie volgens Alter se model waar dit wel voorkom, bespreek word en terselfdertyd sal Sternberg se drie asverhoudings ook geïmplementeer word.

Wat uniek in Jona is, soos wat uit die volgende analise sal blyk, is dat selfs groter eenhede altyd rondom *Leitwörter* herhaal.

Die volgende repetisietipes kan in Jona geïdentifiseer word:

1) Herhalings van 'n enkele *Leitwort*:

- (a) Die heel eenvoudigste vorm van repetisie word in Jona 1:7 met die werkwoord לָקַח 'die werp van die lot' uitgevoer. Alhoewel die herhaling 'n tegniese handeling uitbeeld, beïnvloed dit nie die gang van die verhaal nie, maar illustreer dit die drieledige samestelling van repetisie baie duidelik (Sternberg 1985:376):

- | | | |
|-----|-------------------------|------------------------------|
| (i) | The member of forecast. | – Kom laat ons die lot werp; |
|-----|-------------------------|------------------------------|

- | | | |
|-------|--------------------------|---------------------------------|
| (ii) | The member of enactment. | – en hulle het die lot gewerp; |
| (iii) | The member of report. | – en die lot het op Jona geval. |

(b) 'n Meer gesofistikeerde vorm van die herhaling van 'n *Leitwort* word deur middel van die werkwoord טרל 'werp' in Jona 1 uitgebeeld. Hierdie werkwoord word vier maal, naamlik in Jona 1:4, 1:5, 1:12 en 1:15 herhaal. In Jona 1:4 werp Jahwe die wind op die see en in 1:5 werp die matrose die vrag van die skip oorboord. In Jona 1:12 sê Jona die matrose aan om hom oorboord te gooi, en wanneer hulle aan sy versoek voldoen in 1:15, klaar die storm op. So word hierdie hele episode gekonstrueer deur middel van die herhaling van die *Leitwort* טרל. Die episode begin dus met Jahwe se werp van die wind op die see en die gevolglike storm en eindig met die kalmté van die see nadat Jona in die see gewerp is. Alhoewel dit opmerklik is dat Jahwe se optrede die direkte oorsaak van die drie ander gebeure is, tree dit tesame met die volgende twee op as 'forecasting', terwyl die oorboord gooi van Jona die 'enactment' is. By die laaste twee herhalings funksioneer Sternberg se asse van die *objek* en van *ekwivalensie*, as Jona se versoek in die direkte rede weergegee word, terwyl die voltrekking indirek sonder variasie gerapporteer word.

2) *Motief*: Hiermee word 'n sensoriese kwaliteit of 'n konkrete beeld wat herhaaldelik voorkom, uitgebeeld. Die werkwoord ירר 'afdaal' kom drie maal (Jona 1:3, 1:3, 1:5) in die eerste twee episodes en een maal (Jona 2:7) in die gebed van Jona voor. Daarmee word die dalende tendens in Jona se bewegings aangetoon wat begin met sy afgaan na die hawestad Joppe, gevolg deur sy afgaan op die skip en daarna sy afgaan in die skeepsruim, totdat dit 'n klimaks in die gebed bereik waar hy tot by die fondasies van die berge afdaal. Daarmee word op metaforiese wyse gesê dat hy tot by die laagste punt – die doderyk – afgedaal het. Met die herhaling van hierdie werkwoord word vier episodes aan mekaar verbind om 'n eenheid van Jona se fisiese afdaling, of nog beter, agteruitgang tot by sy laagtepunt uit te beeld. Hierdie negatiewe bewegingslyn is des te meer opvallend as daarop gelet word dat dit volgens die as van die *objek* die eerste drie maal in die derde persoon vertel word en die laaste maal in die eerste persoon in die direkte rede. Sodoende word daar volgens die as van *ekwivalensie* variasie teweeggebring waarmee die klimaks van die afdaal bevestig word veral as

die antoniem van afdaal, naamlik עלה 'optrek uit die doderyk' (Jona 2:7) direk daarna gebruik word.

- 3) *Tema*: Hiermee word 'n idee – moreel of teologies – wat deel is van die waarde-sisteem van die verhaal, deur 'n herhalende patroon uitgebeeld. Die frase אַלֵּךְ אֶת־אֶרֶץ־נִינְוֵה 'sodat ons tog nie omkom nie' word drie maal (Jona 1:6, 1:14, 3:9) as 'n versugting geuit. Telkens vorm dit deel van 'n uitgebreide wensbede, eers deur die kaptein van die skip, daarna deur die matrose en laastens deur die koning van Nineve. Hierdie teologiese idee van die behoud van menseleuens speel so 'n belangrike rol in die verhaal dat dit in elke episode voorkom. Selfs in die twee episodes waar Jona geroep word, naamlik Jona 1:1-3 en 3:1-3, is die bedreiging van die lewens van Nineve se mense latent teenwoordig en word dit eers in Jona 3:4 met sy preek eksplisiet gestel. Op die skip is daar gedurende die storm 'n wesenlike gevaar van lewensverlies. Die episode sluit juis met die dankbare reaksie van die bemanning af wanneer hulle lewens gespaar word. Selfs Jona se gebed in die vis sentreer rondom sy onverwagte verlossing van die bedreiging van die dood. Trouens, hierdie hele gebed beweeg tussen die twee pole van nood en verlossing met die klem op die verlossing in die laaste reël wat die klimaks en afsluiting vorm. In die episode binne Nineve bereik die bedreiging van menseleuens 'n hoogtepunt met die preek van Jona. Die dringendheid van die koning van Nineve se wens kry reliëf teen hierdie agtergrond. Tog is dit eers met Jona se doodswens in Jona 4:3, 4:8 en 4:9 en die daaropvolgende antwoord van God in Jona 4:10-11 dat hierdie wens om die behoud van die lewe werklik as teologiese idee in sy volle betekenis verstaan kan word.

Al drie bedewense word in die direkte rede en dus verbatim weergegee en daarmee word die as van ekwivalensie geaktiveer. Twee van hierdie wense, naamlik dié van die kaptein en dié van die koning het min of meer dieselfde strekking en is *per se* op selfbehoud gerig, terwyl die matrose nie selfbehoud ten koste van iemand anders se lewe wil laat geskied nie. Dit lyk dus of die as van motivering hiermee geaktiveer word. Die variante weergawe van die matrose se versoek sowel in woord as in gees, is doelbewus om as kontras vir Jona se latere optrede te dien.

- 4) *Gebeurereeks*: Hieronder word verstaan dat 'n bepaalde gebeurtenis drie maal of drie plus een maal herhaal kan word. Gewoonlik word die reeks op so 'n wyse aangebied dat daar tussen die verskillende herhalings intensivering is. Deur middel van kleinere toevoegings of weglatings werk die herhaling op tot óf 'n klimaks óf 'n omkering van die betekenis.

- (a) Die voorbeeld wat in Jona bespreek gaan word, het betrekking op God se beskikking van die wondergebeure in Jona 2:1, 4:6, 4:7 en 4:8. Vir die beskikking van hierdie wondergebeure word die Pi'el Imperfektum derde manlik enkelvoudvorm van die werkwoord **יָנַח** gebruik. Die normale volgorde van drie plus een waarin sulke gebeurereekse voorkom, word egter in Jona omgekeer na een plus drie. Behalwe die volgorde is die plek van hierdie gebeure binne die opbou van die verhaal, asook die aard daarvan belangrik om die verhaal te verstaan. Wondergebeure soos die beskikking van 'n vis, of 'n boompie, of 'n insek, of 'n wind, is deel van die konvensie van volksverhale en ook van ideologiese literatuur soos godsdienstige verhale. Die hoorders of lesers van hierdie verhale betwyfel nie sulke gebeure nie, maar aanvaar dit as deel van die genrekonvensie. Dit is interessant om op die plasing en die volgorde van hierdie wondergebeure binne die totaalstruktuur van die verhaal te let. Al vier gevalle het die profeet as objek van die gebeure. In Jona 2:1 is die beskikking van die vis 'n positiewe gebeurtenis vir die profeet en hy respondeer gunstig daarteenoor. In Jona 4:6 is die beskikking van die boompie daarop gemik om die profeet letterlik en figuurlik af te koel waarop hy met groot vreugde reageer. Daarna beskik Jahwe in Jona 4:7 'n wurm om die boompie te steek sodat dit verdroog. Hierdie negatiewe beskikking word nog verder gevoer as God daarby die Oostewind, die gloeiende woestynwind, beskik om saam met die son Jona tot oorgawe te dwing. Jona reageer dan ook inderdaad met 'n wens om te sterf. Hierdie laaste drie beskikkings in Jona 4 vorm 'n triade wat gesamentlik teenoor die wondergebeure in Jona 2 staan. Binne die triade is daar 'n ontwikkelingsgang van positief na negatief, van groot blydskap tot 'n doodswens. Die positiewe gesindheid wat die wondergebeure in Jona 2:1 ontlok, het dus 'n teenpool in die negatiewe reaksie wat die gebeure in Jona 4:8-9 tot gevolg het. Dit is dan ook by hierdie pessimistiese stemming waarby God 'n aanknopingspunt vind vir sy slotrede in Jona 4:10-11.

Magonet (1976:33-38) wys verder op die interessante wisseling van die Godsname in die boek wat ook in hierdie reeks van wondergebeure gereflekteer word. Alhoewel die eienaam Jahwe in die eerste drie hoofstukke dominant gebruik word vir die God van Israel, die Almagtige, word 'n ander sisteem in hoofstuk 4 gevolg. In hierdie hoofstuk word genade en barmhartigheid met die naam Jahwe geassosieer, terwyl dissipline en tugtiging weer met Elohim/Ha-Elohim in verband gebring word. Dit blyk duidelik uit watter name as subjekte vir die wondergebeure gekies word. In Jona 2:1 is Jahwe die subjek van **יָנַח** en in Jona 4:6 is Jahwe in kombinasie met

Elohim die subjek. Beide hierdie gevalle illustreer God se genadige beskikking teenoor sy weerbarstige profeet. Daarenteen is Elohim die subjek van die beskikking van sowel die wurm as die Oostewind en dit is ook Elohim wat daarna vir Jona vra of hy rede het om kwaad te wees (Jona 4:9). Maar sodra רַחֲמֵי 'genade' ter sprake kom, is dit weer Jahwe wat die subjek is (Jona 4:10-11). Wat is die funksie van die viervoudige herhaling van hierdie wondergebeure? Aangesien dit deur die verteller met belangrike wysigings vertel word, kom die asse van ekwivalensie en motivering ter sprake. Die eerste funksie is struktureel van aard. Omdat die wondergebeure op presies dieselfde plekke in die twee helftes van die boek voorkom, naamlik ná die positiewe reaksies van die heidene teenoor God, geld dit as 'n samebindende krag in die boek. Tweedens word die omkering in Jona se gesindheid en die onredelikheid van sy optrede daarmee gedemonstreer. Hierdie omkering is juis een van die belangrikste funksies van hierdie gebeurereekse. Laastens illustreer hierdie gebeure dat alhoewel verskillende name vir God gebruik word, dit dieselfde handelende God is wat genade in oorvloed kan betoon, maar ook kan tug as dit nodig is. Daarmee word die belydenis van die matrose in Jona 1:14, 'Want U is Jahwe – U doen soos wat U goed dink' beklemtoon.

- 5) *Toneeltipe*: Met hierdie vertaling van Alter se 'type-scene' word die herhaling van 'n hele episode bedoel. So 'n gekykte toneel reflekteer 'n beslissende moment in 'n akteur se lewe en bestaan uit 'n aantal motiewe wat in 'n vaste volgorde voorkom.
- (a) Die toneeltipe wat in Jona herhaal word, is die profetiese roeping. Voorbeelde van hierdie toneeltipe kan gevind word in 1 Konings 17:8-10, Jesaja 6:1-9, Jeremia 2:1-2, Esegïel 2:1-7, Hosea 1:1-3 en Amos 7:12-15. Drie vaste motiewe kan in al hierdie voorbeelde teruggevind word. Behalwe dat hulle in 'n vaste volgorde voorkom, word hierdie motiewe ook in min of meer vaste formules uitgedruk.
- I) In die eerste motief kom die roeping van die profeet ter sprake wat uit drie elemente bestaan:
- (i) die subjek van die roeping wat in die frase 'die woorde van Jahwe het gekom tot' as Jahwe aangedui word;

- (ii) die objek van die roeping waar die profeet se volle naam gegee word, byvoorbeeld Jesaja, die seun van Amos;
 - (iii) die tyd waarin hierdie roeping tot die profeet gekom het wat gewoonlik deur die regeringstye van spesifieke konings aangedui word, byvoorbeeld 'in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, die konings van Juda'.
- II) In die tweede motief word die opdrag meestal deur kombinasies van bepaalde werkwoorde in die bevelsvorm gegee. Hierdie opdrag betaan dikwels ook uit twee elemente, naamlik:
- (i) 'n opdrag om te gaan met werkwoorde soos קום 'staan op' en לך 'gaan' wat gebruik word;
 - (ii) 'n opdrag om te praat of te preek met werkwoorde soos קרא en רבר.
- III) In die derde motief word die voltrekking van die opdrag uitgebeeld. Dit word gedoen deur òf direk met die boodskap, met of sonder die boodskappersformule יהוה אמר יְהוָה, voort te gaan, òf eers te rapporteer dat die profeet gereed gemaak en toe gegaan het en daarna die boodskap gelewer het. Soms, soos by Elia (1 Konings 19:13-21) en by Jeremia (Jeremia 1:6-8) kan daar besware of 'n vertraging wees voordat die opdrag uitgevoer word.

Hierdie toneeltype van die profetiese roeping word twee maal in Jona herhaal, naamlik in Jona 1:1-3 en 3:1-4. In Jona 1:1-3 ontbreek daar elemente in sowel die eerste as die derde motiewe. In die eerste motief ontbreek die derde element waarin die spesifieke tyd van die profeet se roeping in terme van die regeeringsjare van 'n bepaalde koning weergegee word. Hierdie weglating is doelbewus, omdat 'n mens hier nie met die profetiese genre te doen het nie, maar met 'n verhaal waarin die vaagheid funksioneel in diens van die verhaal staan om fiktiewe afstand te skep. Wat die derde motief betref, begin die gedeelte oënskynlik korrek met נִיְקָם יוֹנָה 'en Jona het hom gereed gemaak', maar dan volg die afwyking onverwags daarna. In plaas van te vervolg met נִיְקָא נִיְלָךְ 'en hy het gegaan en gepreek', vervolg die gedeelte met לְכָרִים תִּרְשִׁישָׁה מִלְפָּנַי 'om na Tarsis, weg van die opdrag van Jahwe, te vlug'. Lohfink (1961:200) wys daarop dat hierdie feit beklemtoon word deur die volgende konsentriese opbou van vers 3:

- A Maar Jona het hom gereed gemaak om na Tarsis, weg van die opdrag van Jahwe, te vlug;
 B en hy het afgegaan na Joppe;
 C en hy het daar 'n skip gevind wat na Tarsis toe gaan;
 C' en hy het die reisgeld betaal;
 B' en hy het daarin afgegaan;
 A' om saam met hulle na Tarsis, weg van die opdrag van Jahwe, te gaan.

Hieruit konkludeer Lohfink (1961:200): 'Die Form [A+B+C+ Zentrum +C'+B'+A'] ist hier durch Wort und Motiverepetitionen herausgearbeitet.' Drie maal word dus gesê dat hy na Tarsis toe gaan en twee maal dat hy van die aangesig van Jahwe wegvlug. Tereg meen Van der Woude (1978a:20) dat Jona se wegvlug 'n ontwyking van sy opdrag is en nie 'n wegvlug van Jahwe is nie. Hierdie uitdrukking moet dus as die teenstelling van *יְהוָה לִפְנֵי עַמְרֵי לִפְנֵי* 'staan voor Jahwe' wat op ampsaanvaarding of ampsuitoefening dui, gesien word (1 Kon 17:1; Jer 15:19). Wanneer hierdie profetiese roeping in Jona 3:1-4 herhaal word, geskied dit met interessante wysigings. Omdat die profeet nou by die hoorder of leser bekend is, word sy volle naam nie herhaal nie, maar word die *יְהוָה אֱלֹהֵינוּ* gedeelte weggelaat. Verder word uitdruklik vermeld dat hierdie roeping nou "n tweede keer" tot Jona kom. Daarmee word op 'n pregnante wyse God se genade om Jona 'n tweede kans te gee, geïllustreer. Ander ongehoorsame profete soos dié een in 1 Konings 13 was nie so gelukkig om 'n tweede kans te kry nie (Allen 1976:220).

Ook wat die tweede motief betref, verskil Jona 3:2 van 1:2. Die eerste verskil lê in die gebruik van die preposisies saam met *קרא* waar *על* met *אך* vervang word. Alhoewel Wolff (1977:114-118) uit die preposisiewisseling 'n verskil in betekenis wil aflei, wys Van der Woude (1978:44) tereg daarop dat hierdie preposisies se gebruik in latere Hebreeus nie so noukeurig van mekaar onderskei kan word nie. Tweedens verskil Jona 1:2 en 3:2 van mekaar daarin dat die motivering van die prediking in Jona 1:2 'want haar boosheid het tot by My opgekom' vervang word met 'die boodskap wat Ek aan jou opdra'. Ná die geskiedenis wat op die eerste roeping gevolg het, is dit onnodig om die motivering te herhaal. Die boodskap self is nou van belang en daarom vervang dit die motivering. Tog word die presiese bewoording van die boodskap nog nie in hierdie stadium van 'prolepsis' (Genette 1980:40) gegee nie, maar word dit uitgestel om die spanningslyn te laat styg.

Met die nakoming van die opdrag in Jona 3:3 verloop die derde motief hierdie keer sonder haakplek. Die profeet maak hom klaar en gaan na Nineve vol-

gens Jahwe se woord. Steeds hoor 'n mens nie die boodskap nie en word die spanning nog verder verhoog. Nou word eers nog 'n maal op die grootte van Nineve gekonsentreer voordat die boodskap in Jona 3:4 kort en kragtig in net vyf Hebreeuse woorde weergegee word. Behalwe die motiewe wat in vaste volgorde makkaar opvolg, word twee stelle opvallende *Leitwörter* in die strukturering van hierdie herhalende toneeltype gebruik. Die eerste *Leitwort* is קרא 'preek' wat in Jona 1:2, 3:2 (2x) en 3:4 herhaal word. Alhoewel die werkwoord קרא drie maal en die naamwoord een maal genoem word, word die inhoud slegs een keer eksplisiet weergegee. In Jona 1:2 word net die opdrag om te preek gegee, terwyl in 3:2 die opdrag herhaal word, maar dit word nader gespesifiseer as 'die preek wat Ek jou sal gee'. Dan lewer Jona in Jona 3:4 die preek en word die inhoud uiteindelik bekend. Hiermee word die effek van 'Steigerung' bereik. Dit laat Licht (1978:58) konkludeer:

The author could have made his point even clearer by revealing the burden of the prophetic message as soon as he mentions it for the first time, and again, at the second mention. He has preferred not to do so, and thus to achieve an effect of slight mystery at the beginning and its resolution as the story proceeds. Thematic and structural clarity, and a well-established pattern, have been rejected to gain an aesthetic effect of a different kind – the effect of suspense.

Alhoewel ek van Licht verskil oor die tematiese en strukturele duidelikheid, stem ek wel saam dat deur hierdie stilistiese konvensie spanning tot stand gebring word. Licht se probleem is dat hy na die herhaling van sekere woorde in isolasie gekyk het en nie hoe dit ook in groter patrone voorkom juis om temas en strukturele eenheid te bewerkstellig nie. Hierdie groter patrone wat deur herhaling tot stand kom, het nie alleen implikasies vir die tematiese en strukturele eenheid van die boek nie, maar ook vir karakterisering en die ontwikkeling van die intrige. Juis deur hierdie groter patrone met mekaar te vergelyk en te kontrasteer, word belangrike inligting ten opsigte van die karakterisering en die intrige van die verhaal bekom.

In die beskrywing van Nineve as die groot stad (wat vier maal herhaal word), kom die tweede stel *Leitwörter* voor. In Jona 1:2 en 3:2 word slegs gesê dat Nineve 'n עיר גדולה 'groot stad' is, maar in Jona 3:3 word dit עיר-גדולה לאלהים "n ontsaglike groot stad' genoem. Dit is om 't ewe of לאלהים as 'n superlatief 'ontsaglik groot' of as 'n bywoordelike frase 'volgens God se standaard' gesien word. Die effek is dieselfde aangesien dit saam met die daaropvolgende beskrywing van 'drie dagreise' gelees moet word. Hierdie


beskrywing werk klimakties op na Jona 4:11 waar die grootte van Nineve in terme van sy onkundige inwoners se getal uitgedruk word. Wat merkwaardig van hierdie stel herhalings is, is die feit dat dit vergestalt word deur middel van 'the growing phrase' wat hier onder by punt 6 in meer besonderhede bespreek sal word.

- 6) Spesifieke frases wat deur toevoeging van 'n woord of woorde uitgebou word: Hiermee word 'the growing phrase' onder die loep geneem wat Magonet (1976: 31) soos volg definieer: 'The repetition of an identical phrase after an interval enables us to examine the same events in a new way, in the light of the intervening experience.' Benewens die geval van Nineve, die groot stad, wat reeds genoem is, word twee addisionele gevalle van hierdie verskynsel wat van kardinale belang vir die verstaan van die boek is, bespreek. Hierdie twee gevalle kom naamlik in die eerste en laaste hoofstukke van die verhaal voor.
- * Die eerste frase wat op hierdie manier herhaal word, het betrekking op die vrees van die matrose. Drie maal (Jona 1:5, 10 & 16) word hierdie frase telkens met 'n toevoeging herhaal sodat 'n mens van 'n *tricolon crescens* sou kon praat. In Jona 1:5 word die vrees van die matrose as reaksie op die storm en die skip wat op die punt was om te vergaan, net bloot genoem. In Jona 1:10 word hulle reaksie op die belydenis van Jona geïntensiveer deur te sê dat hulle 'grootliks gevrees' het. Die klimaks van hierdie vrees word bereik in Jona 1:16 met die woorde 'die manne het Jahwe grootliks gevrees' wat as 'n reaksie kom op die kalmte van die see nadat hulle Jona oorboord gegooi het. Magonet (1976:32) wys daarop dat die manne se vrees met hulle verlossing van die dood in Jona 1:16 groter is as toe hulle deur die dood in Jona 1:5 bedreig is. Alhoewel hierdie toevoegings in die verlede as verklarende glosses afgemaak is, is daar 'n besliste narratiewe funksie in die herhaling van hierdie frases te bespeur. Nie alleen dra dit by om die spanning te verhoog nie, maar dit speel ook 'n besliste rol in karakterisering. Dit sal veral duidelik word wanneer hierdie voorbeeld met die volgende voorbeeld wat bespreek sal word, vergelyk word.
- * In beide Jona 4:3-4 en 8-9 word Jona se begeerte om te sterf opgevolg deur 'n vraag van Jahwe of hy rede het om kwaad te wees. In vers 9 word die woorde *עַל-הַקִּיקָיוֹן* 'oor die boompie' bygevoeg. Jona se antwoord hierop as die derde lid van die *tricolon crescens* is 'n kombinasie van Jahwe en Jona se eie woorde. In Jona se antwoord word die verwysing na die boompie weggelaat, maar die element wat bygevoeg word, is te vinde in die antoniem van *קָוָה* 'kwaad wees' naamlik *חָרַס* 'genadig wees' waarmee Jahwe Jona in verse 10 en 11 konfronteer. Hiermee word 'n nuwe dimensie aan hierdie tipe frase verleen as dit

net soos by gebeurereekse in 'n drie plus een patroon herhaal word. 'n Verdere ooreenkoms met gebeurereekse is dat die laaste lid 'n omkering in die betekenis van die voorafgaande lede bewerkstellig. Op hierdie manier word van Jona se ontvredenheid oor Nineve se redding na sy ontvredenheid oor sy eie ongemak beweeg. Sodoende word 'n ironiese vergelyking tussen hierdie twee ontvredenhede getref. Die ironie blyk des te duideliker wanneer Jona se reaksie van woede en 'n wens om te sterf met die voorafgaande reaksie van vrees en ontsag van die heidense matrose vergelyk word. Hierbo is op die wye verskeidenheid gewys waarop repetisie in die boek Jona gebruik word. Benewens die estetiese funksie word 'n patroonmatigheid daargestel wat in diens van die betekenis staan. 'n Netwerk van relasies wat die blote noodsaak van konvensie te bowe gaan, word daardeur tot stand gebring. Hierdie relasies is nie beperk tot die makrostruktuur van die boek nie, maar geld ook tussen alle narratiewe aspekte in die mikrostruktuur van die verhaal.

4.3 Karakterisering


Sowel Rimmon-Kenan (1983:31-36) as Brink (1987:66-67) wys op die problematiek, enersyds of karakters mense of blote woorde is en andersyds, of karakters ondergeskik aan die gebeure is al dan nie. Aangesien hierdie polemieke 'n mynveld kan wees, moet dit liefers vermy word en daarom is dit wys om soos Rimmon-Kenan en Brink vir 'n alternatief te kies. Die alternatief is daarin geleë om 'karakters te beskou as iets wat ontstaan uit – en bestaan by – die wisselwerking tussen al drie die wêreldes van 'n verhaal [storie, verteltekste, vertelprose], en tussen al die gegewens, impulse, elemente of aspekte binne daardie hele kompleks' (Brink 1987:67). Binne die konteks van hierdie hoofstuk word karakterisering egter as relasie tussen die storiëvlak en die diskoers behandel (Rimmon-Kenan 1983:33). Om daaraan te voldoen word die skema van narratiewe makrosemantiek van Dolozel (1979:203) as uitgangspunt gebruik. In hierdie skema word karakterisering as funksies tussen die drie wêreldes van die verhaal, naamlik die primêre en die sekondêre wêreld, wat saam die ekstensionele wêreld vorm, en die intensionele wêreld uitgebeeld. Die individualiserende funksie is binêr tussen die sekondêre en die primêre wêreld, terwyl die intensionele funksie tweeledig tussen die primêre wêreld geëvalueer word. Hierdie skema sien so daaruit:



In terme van Genette se model sal die ekstensionele wêreld met die storiëvlak ooreenstem terwyl die intensionele wêreld met die verhaal sal ooreenstem. Volgens hierdie skema kan die primêre narratiewe wêreld gedefinieer word as 'a set of compossible narrative agents' (Dolozel 1979:196). Hierdie agente word beskryf deur twee eienskappe, naamlik deur die 'enumerability of its members' en 'their independence of designation'.

4.3.1 Sekondêre narratiewe wêreld

Deur middel van die individualiserende funksie word hierdie agente van die primêre narratiewe wêreld in die sekondêre narratiewe wêreld aktante genoem wat gedefinieer kan word as 'n klas aktors wat 'n gemeenskaplike kenmerk vertoon' (Gräbe 1985:18). Volgens Greimas sal die gemeenskaplike kenmerke wat 'n aktant vertoon, saamhang met die doel wat in die storie nagestreef word. Die getal aktante in Greimas se aktansiële model word tot die volgende ses beperk (Rimmon-Kenan 1983:35):



In Jona kan hierdie aktansiële model soos volg toegepas word: Op die eerste as, naamlik van die *subjek* en die *objek*, strewe die *subjek* na 'n bepaalde doel wat deur

die objek vergestalt word. Jahwe figureer in Jona as die subjek en sy strewe om as die vrymagtige God erken te word, as die objek. Daarmee neem die boek 'n aanvang wanneer Jona in Jona 1:1-3 'n opdrag ontvang om teen Nineve te gaan preek met dié motivering 'want hulle boosheid het tot voor my aangesig gekom'. Hierdie vrymagtigheid van God loop soos 'n goue draad deur die hele verhaal wanneer dit deur die kaptein van die skip in Jona 1:6 en deur die koning van Nineve in Jona 3:9 geïmpliseer word. Maar dit word eksplisiet deur die matrose in hulle gebed in Jona 1:14 in die volgende woorde uitgedruk: 'Want U is Jahwe – U doen soos wat U goed dink.' Hierby sluit Jahwe self aan in Jona 4:10-11 wanneer hy op ironiese wyse hierdie vrymag deur sy retoriese vraag aan Jona demonstreer.

Op die as van die *begunstiger* en die *begunstigde* tree Jahwe as begunstiger op terwyl daar verskillende begunstigdes in die loop van die verhaal voorkom. In die eerste plek word Jahwe self deur sy strewe begunstig wanneer Hy deur mense op 'n wyse vereer word soos wat *Hy* dit verkies. Verder is die heidene wat deur die matrose en die mense van Nineve in die boek verteenwoordig word, voorwerpe van God se begunstiging. Dit blyk uit die redding van die matrose en hulle reaksie in Jona 1:15-16, asook uit God se begenadiging van die mense van Nineve in Jona 3:10. Laastens is Jona die *eintlike* voorwerp van Jahwe se strewe en dus ook van sy begunstiging soos blyk uit die episodes wat betrekking het op die vis, die tweede roeping, die boompie en veral God se finale gesprek met Jona. Hierdie gesprek eindig met 'n vraag aan Jona waarop hy geen antwoord gee nie. Sy antwoord (en die leser se antwoord) word slegs geïmpliseer, maar die implikasie is dat hy Jahwe se strewe aanvaar en daarom daardeur bevoordeel word.

Die derde as word verteenwoordig deur die twee pole, *helper* en *opponent*. Waar die helper die subjek bystaan om sy strewe te verwesenlik, tree die opponent op so 'n wyse op dat hy struikelblokke in die subjek se pad plaas. In Jona kan daar 'n onderskeid tussen die menslike helpers en die nie-menslike helpers getref word. Met laasgenoemde word na die storm, die vis, die boompie, die wurm en die Oostewind verwys. Behalwe die storm wat primêr op Jona gerig is, maar tog die matrose ook tref, is al die ander nie-menslike helpers se funksie om God se doel met Jona te bereik. Alhoewel die matrose aanvanklik as opponente van Jahwe optree omdat hulle vir Jona help om van sy opdrag af weg te vlug, verander hulle funksie in Jona 1:14 tot helpers wanneer hulle Jona onvermydelik in die see moet gooi. Die ver naamste opponent van Jahwe vanaf die aanvang van die verhaal tot aan die einde daarvan is Jona. Sy teenstand teenoor Jahwe se strewe begin met sy ongehoorsaamheid aan die opdrag om na Nineve te gaan. Hy weier om as uitverkore helper – as profeet – op te tree, deur te probeer wegvlug van sy opdrag. Daardeur verhinder hy die strewe van die subjek en moet ander helpers ingespan word om die doel te ver-

wesenlik. In die eerste helfte van die boek, hoofstuk 1-2, is hierdie weerstand fisies van aard. Oënskynlik is hy in die tweede deel van die boek, hoofstuk 3-4, gehoorzaam en verander sy aktansiële rol van teenstander na helper. Dit is egter slegs oënskynlik, want eintlik verander sy weerstand net van die fisiese na die psigiese vlak soos blyk uit sy woede oor Jahwe se besluit in Jona 4:1. Daaruit is dit duidelik dat hy nog nie werklik Jahwe se besluit aanvaar het nie. In Jona 4:2 motiveer hy hierdie teenstand deur 'n persepsie wat ironies genoeg in ooreenstemming met Jahwe se strewe blyk te wees. Eers as hy fisies in so 'n posisie kom dat hy wil versmag (Jona 4:8), is sy geestestoestand ook van so 'n aard dat hy moet luister na en toegee aan Jahwe. Hoewel die afloop tegnies ooggelaat word, word aan die einde tog geïmpliseer dat Jona se aktansiële rol van teenstander tot helper en daarmee ook saam tot begunstigde verander het. Indien dit nie so aanvaar word nie, beteken dit dat die subjek se strewe nie gerealiseer het nie. In die lig van die profetiese perspektief waaruit hierdie verhaal vertel word, sou dit uiters onaanvaarbaar wees.

Dit is opmerklik dat in die boek Jona verskeie aktansiële rolle deur dieselfde akteur vervul word; anders gestel, een akteur beklee tegelykertyd verskillende rolle of verander van rol gedurende die loop van die verhaal. So is Jahwe tegelyk subjek, begunstiger en begunstigde terwyl die matrose eers opponente en daarna helpers en uiteindelik begunstigdes word. Jona is opponente, maar word helper, eers net ten dele, maar by implikasie uiteindelik ten volle. By verskeie geleenthede is hy begunstigde, maar eers aan die einde van die verhaal, wanneer hy help om Jahwe se strewe te realiseer, word hy werklik begunstigde in die ware sin van die woord.

Uit bogenoemde klassifisering van die akteurs in terme van hulle funksie in die verhaal het dieselfde opmerking wat Gräbe (1986:273) ten opsigte van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan gemaak het, op Jona betrekking. Ook in Jona vind daar 'n omkering van sosiale rolle plaas. Die heidene as vreemdelinge tree teen die verwagting in as helpers van die subjek op om sy strewe te verwesenlik. Daarenteen tree Jona, die profeet, ook teen sy rolverwagting van die veronderstelde helper op wanneer hy die strewe van die subjek opponeer.

Hoewel terme soos 'antagonis' en 'protagonis' nie binne die konteks van Greimas se aktansiële model voorkom nie, is dit miskien tog van pas om in hierdie stadium na aanleiding van die aktansiële rolle in Jona enkele opmerkings daaroor te maak. Volgens Egri (1960:106) is die protagonis 'the pivotal character' en 'one who takes the lead in any movement or cause...The pivotal character knows what he wants. Without him the story flounders...in fact, there is no story'. Hiervolgens is dit duidelik dat Jahwe die protagonis in die Jonaverhaal is. Veral as die volgende woorde van Egri (1960:106) ook in ag geneem word: 'A pivotal character must not merely desire something. He must want it so badly that he will destroy or be de-

stroyed in the effort to attain his goal.' Ideologies gesproke stel Jahwe alles in werking om sy strewe te verwesenlik, selfs al moet Hy in die proses sy ongehoorsame profeet vernietig. As protagonis neem Hy in alles die inisiatief, maar Hy bring ook alles tot voltooiing volgens sy wil.

Hierteenoor kan die antagonis soos volg gedefinieer word: 'Anyone who opposes the protagonist is an opponent or antagonist' (Egri 1960:106). Hieraan voldoen Jona volkome, veral as die volgende woorde van Egri (1960:113) daarby gelees word: 'The antagonist in any play is necessarily as strong and, in time, as ruthless as the pivotal character...The wills of conflicting personalities must clash...A novel, play, or any type of writing, really is a crisis from beginning to end growing to its necessary conclusion.' Jona is dus by uitnemendheid die antagonis wat die protagonis met volharding tot aan die einde teenstaan.

4.3.2 Die intensionele narratiewe wêreld

Die verhouding tussen die ekstensionele narratiewe wêreld en die intensionele narratiewe wêreld word deur Dolozel (1979:201) soos volg weergegee:

Similarly as the sense of the lower level semantic units is determined by the form of words, phrases and sentences, the sense of the text is determined by the form of texture. Texture is our term for the 'wording' of the text and it comprises all lower-level units of expression as its constituents...Consequently, the macrotheory of text sense formulates the principles of sense organization in revealing the global regularities of texture.

Hy illustreer hierdie verhouding deur met 'n voorbeeld aan te toon hoe narratiewe agente van die primêre narratiewe wêreld in die intensionele wêreld nader bepaal word. Hierdie spesifisering geskied op twee maniere, naamlik deur eiename en deur spesifieke omskrywings. Dieselfde reëlmatige verspreiding van eiename en spesifieke omskrywings betreffende 'n stel agente wat hy in Defoe se *Robinson Crusoe* aantoon, is ook op Jona van toepassing. Slegs die primêre agente soos Jahwe en Jona word met eiename in die tekstuur benoem. Daarenteen word die sekondêre agente deur spesifieke omskrywings soos die matrose, die kaptein van die skip, die mense van Nineve en die koning van Nineve getipeer. Dolozel (1979:202) noem hierdie proses waardeur die primêre narratiewe wêreld na sy intensionele korrelaat geprojekteer word, intensionele funksies. As Dolozel se gevolgtrekking dat '[t]he intensional world and its structure is fully determined by the forms of texture, by the texture regularities expressed in intensional functions' korrek is, kan nou oorgegaan word om die primêre agente van die ekstensionele wêreld in detail in die teks te ondersoek.

4.3.2.1 Karakterisering word om twee redes tot Jahwe en Jona beperk


- * Uit die aktansiële model van Greimas waardeur agente in die sekondêre wêreld as gevolg van hulle rolle geïndividualiseer word, het dit duidelik geblyk dat Jahwe die protagonis en Jona die antagonist is. Die boek Jona is primêr rondom die twee aktansiële rolle opgebou.
- * Die 'two-value' intensionele funksie van Dolozel bevestig bogenoemde waarneeming dat daar net twee primêre agente is, naamlik Jahwe en Jona wat met eie name benoem is.
- * Volgens Hamon se indeling is slegs Jahwe en Jona referensiële karakters, 'dit wil sê karakters wat gerekonstrueer word uit die leser se kennis van die historiese, politieke, sosiale, mitologiese of ander "buitewêreld"' (Brink 1987:69).

Vir die volledige karakterisering van hierdie twee figure word uitgegaan van Dolozel se definiering van die verteltekst (*récit* – Genette) (vgl Barkhuizen 1988:56):

$$(VERTEL)TEKS = VERTELLERSTEKS + KARAKTERSTEKS$$

Hierdie definisie het aanleiding gegee tot De Beus se model wat weer deur Barkhuizen (1988:58) aangepas is. Op my beurt het ek hierdie karakteriseringsmodel soos volg verfyn:

I. TEKSVLAKKE WAAROP INFORMASIE OOR KARAKTER VOORKOM



II. AARD VAN DIE INFORMASIE

Informasie oor die fisiologiese, psigologiese en sosiologiese dimensies van die figuur word soos volg in die twee bronne van eksplisiete en implisiete informasie verge-stalt:

2.1	Eksplisiete informasie	2.2	Implisiete informasie
2.1.1	uit wat die verteller sê	2.2.1	uit die karakter se optrede
2.1.2	uit wat medekarakter(s) sê en dink	2.2.2	uit die karakter se gesprekke
		2.2.3	uit die karakter se voorkoms
2.1.3	uit wat die karakter oor homself sê	2.2.4	uit die karakter se spraakhandeling

III. WYSES EN TEGNIEKE WAARDEUR INFORMASIE DEURGEGEE WORD

3.1	Perspektief	3.2	Tegniese	3.3	Taalhandeling
3.1.1	beskrywend	3.2.1	benaming	3.3.1	woordgebruik
3.1.2	ordenend	3.2.2	herhaling	3.3.2	sintaksis
3.1.3	evaluerend	3.2.3	akkumulasie	3.3.3	styl
		3.2.4	transformasie		
		3.2.5	vergelyking en kontras		

Die verfyning wat aan Barkhuizen se model aangebring is, berus op die aard van die informasie wat volgens Egri (1960:33) op die volgende wyse toegelig word: 'Human beings have an additional three dimensions: physiology, sociology, psychology. Without a knowledge of these three dimensions we cannot appraise a human being.' Verder word hierdie informasie op twee verskillende maniere, eksplisiet en implisiet soos in 2.1 en 2.2 vergestalt, respektiewelik uiteengesit. 'n Laaste verfyning is die toevoeging van transformasie by die tegniese waardeur inligting weergegee word. Sowel Egri (1960:212) wat hierdie tegniek 'transition' noem en Brink (1987: 82) wys op die belangrikheid van hierdie tegniek.

A. Die karakterisering van Jona

Fisiologies word daar sowel eksplisiet as implisiet geen informasie oor Jona gegee nie, behalwe dat hy Jona heet en dat hy manlik is. Laasgenoemde word afgelei uit die werkwoordsvorme wat vir sy optrede in die vertellerstek gebruik word.

Sosiologiese gegewens aangaande Jona dui daarop dat hy die seun van Amittai en 'n profeet van beroep was: dit word uit die toneeltype van die profetiese roeping in Jona 1:1-3 en 3:1-3 uit die vertellerstek afgelei. Hierdie afleiding word deur die verwysing in 2 Konings 14:25 bevestig wanneer Jona, seun van Amittai, eksplisiet 'n

profeet genoem word. Hiermee word veronderstel dat dit wel dié Jona van 2 Konings 14:25 is wat as die hoofkarakter van die Jonaverhaal funksioneer. Indien dit die geval is, kan Jona getipeer word as 'n referensiële karakter (Brink 1987:69). Met dié term wat Brink van Hamon ontleen, word bedoel dat 'n karakter "herken" of gerekonstrueer kan word uit die leser se kennis van die historiese, politieke, sosiale, mitologiese of ander "buitewêreld". Die buitewêreld in hierdie geval is dan die konteks van 2 Konings 14:25, waaruit 'n bepaalde voorkennis van Jona deur die leser veronderstel word.

Godsdienstige besonderhede as deel van die sosiologiese gegewens aangaande Jona word deur homself in die karakterteks in 'n dialoog met die matrose in Jona 1:9 verskaf waar hy beweer dat hy Jahwe die God van die hemel, wat die see en die droë grond geskape het, vrees. So erken hy dat Jahwe, die God van Israel, sy God is, maar die omskrywing van hierdie God is taamlik formeel in dié sin dat Hy slegs as Skeppergod geteken word. Dié beskrywing is tipies van die Persiese tydperk en daarom ontbreek daar enige persoonlike verwysing na Jona se verhouding met Jahwe, of na Jahwe se betrokkenheid by die geskiedenis van sy volk en van sy profeet. In antwoord op die matrose se vrae oor Jona se afkoms, gee hy die ietwat vreemde en kriptiese antwoord: 'Ek is 'n Hebreër.' Dit is 'n verwysing na die Israeliete wat in die Ou Testament òf deur vreemdelinge òf teenoor vreemdelinge soos Egiptenare en Filistyne gebruik is (Van der Woude 1978a:24-25). Hoewel dit hier ook teenoor vreemdelinge gebruik word, dui hierdie *gentilicium* op meer as net afstamming. Die gevoelswaarde van hierdie frase het ook 'n bepaalde godsdienstige konnotasie omdat dit as bedekte verwysing na ander gedeeltes in die Ou Testament waar dit voorkom, daardie hele denkwêreld oproep.

Voordat daar aan die psigologiese dimensie in detail aandag gegee word, is dit wenslik om die opmerking van Sternberg (1985:327) te beklemtoon: 'In the biblical framework, with its theocentric ideology and ethical concerns and endless situations of choice, the first two sets [physical and social] are definitely subordinate to the last two [moral and ideological as well as psychological]' (my toevoegings). In die beskrywing van die Jonakarakter lê die klem, in ooreenstemming met ander Bybelse verhale, op die psigologiese dimensie. Sowel in die vertellerstekste as in die karaktertekste kry die leser 'n insae in Jona se gevoelslewe en innerlike gesteldheid.

Eksplisiete informasie oor die geestesgesteldheid van Jona word in die vertellerstekste slegs in hoofstuk 4 gegee. Die konflik in Jona se gemoed word uitgebeeld deur die afwisseling van intense woede in Jona 4:1 en groot vreugde in 4:6. Sy intense woede in Jona 4:1, nadat Jahwe Nineve begenadig het, word opgevolg deur 'n gebed om te sterf. Sy woede verander egter in groot vreugde wanneer Jahwe 'n boompie beskik. Hierdie konflik is soveel duideliker wanneer pertinent gesê word

dat hierdie boompie juis daar gestel word om Jona se woede af te koel. Barkhuizen (1988:59) wat met die Septuaginta-tek werk, beskryf Jona se toestand as 'grootliks bedroef en verward'. Die Hebreuse teks beskryf hierdie emosie baie sterker as יָדָוּן 'woede': Daarmee word die kontras met die groot vreugde daarna soveel sterker na vore gebring. Jona was beslis ook nie verward nie; daarvoor word hy as die antagonist te sterk geteken. By tye tree hy byna apaties op (Jona 1:11), maar hy is nooit verward nie; daarvoor is sy teenstand teen Jahwe se wens te sterk. In Jona 4:9 verander Jona se groot vreugde in 'n begeerte om te sterf wanneer hy in uiterste fisiese ongemak verkeer. Binne die bestek van slegs nege verse verander die goedstoestand van Jona verskeie kere. Eers is hy hoogs ontsteld en bid hy om te sterf – daarna is hy baie bly, maar dit is van korte duur. Laastens, wanneer hy in 'n ondraaglike fisiese toestand verkeer, bereik die konflik in sy gemoed 'n klimaks met 'n finale doodswens.

In die karakterteks word eksplisiete informasie wat deur medekarakters oor Jona verskaf word, tot hoofstuk 1 beperk. Die kaptein is byvoorbeeld verstom dat Jona te midde van die storm kan slaap en nie soos die res van die bemanning om uitkoms bid nie. Hierdie verbasing gee hy in vers 6 met 'n uitroep van '[w]at makeer jou dat jy slaap?' te kenne en spoor hom vervolgens aan om tot sy God te bid. Ook die matrose is in vers 10 geskok oor Jona se optrede en gee dit ook duidelik te kenne met die vraag, 'Wat het jy gedoen?' Trouens, hulle is meer as geskok, hulle is met vrees vervul dat iemand so durf optree. Uit hierdie vrae word die dwaasheid van Jona se optrede aan die kaak gestel. Selfs vir die heidene is hierdie dwaasheid voor die hand liggend, maar die profeet Jona word deur sy onwilligheid om Jahwe te gehoorsaam, gedwing om so op te tree.

Verdere eksplisiete informasie in die karakterteks word deur Jona oor homself in vers 12 gegee wanneer hy 'n skulderkenning teenoor die seelui maak. Met hierdie skulderkenning, 'ek weet dat dit aan my te wyte is dat hierdie groot storm oor julle gekom het' motiveer hy die oplossing wat hy vir die matrose aan die hand doen. Hy voel hom dus moreel verantwoordelik vir die toestand waarin onskuldiges onwetend betrek is. Hoewel daar geen sprake is van emosionele betrokkenheid en dus van psigologiese onstabieleit in hierdie beslissing van Jona nie, tree hy eties korrek op deur sy eie lewe vir hulle redding op te offer. Dit wat 'n mens van 'n profeet van Jahwe verwag, naamlik gehoorsaamheid en medelye, ontbreek by Jona. Trouens, wat opvallend is, is die byna kliniese onbetrokkenheid waarmee hy in hierdie situasie optree.

Volgens Bal (1980:97-98) word implisiete inligting oor die karakter deur die optrede van die karakter verskaf. Daaruit maak die leser sy eie afleidings oor die aard van die karakter. Twee soorte handeling moet volgens Bremond van mekaar on-

derskei word, naamlik waar die karakter as *agens* optree en waar hy die handeling as *patiens* ondergaan (vgl Barkhuizen 1988:60). Wanneer Jona van sy opdrag af wegvlug deur 'n skip na Tarsis toe te neem, tree hy as *agens* op. Daar is reeds op gewys dat die verteller hierdie wegvlug in Jona 1:3 beklemtoon deur dit twee maal, en die bestemming selfs drie maal, te herhaal. Hieruit word nie alleen bepaalde karaktertrekke van Jona duidelik gesuggereer nie, maar sy verhouding met Jahwe word terselfdertyd geskets. Die karaktertrek wat hieruit na vore kom, anders as wat van 'n profeet verwag sou word, is 'n eiesinnigheid wat direk in kontras met Jahwe se stree staan. Hierdie eiesinnigheid loop uit op ongehoorsaamheid wat noodgedwonge op 'n konfrontasie met Jahwe moet afstuur. Die rede vir hierdie eiesinnige optrede om aan Jahwe se opdrag ongehoorsaam te wees, word egter vir die leser verswyg en eers later (Jona 4:2) bekend gemaak. Sy volgende handeling is om in die ruim van die skip af te gaan en daar te gaan lê en slaap. Alhoewel hy ook in hierdie handeling as *agens* optree, word dit op so 'n wyse in die teks vertel dat dit lyk asof die diepe slaap oor hom gekom het en hy dus eintlik die *patiens* van die optrede is. Hierdie optrede versterk die indruk dat Jona in eiesinnigheid sy besluit geneem het en dat hy nou vrede het met die verloop van sake. Alhoewel hy hom deur hierdie blattante ongehoorsaamheid van Jahwe distansieer, voer hy nogtans die handeling op so 'n wyse uit dat dit van onverskilligheid in die hoogste mate getuig.

In die daaropvolgende twee handeling is Jona die *patiens* en is hy die voorwerp van die optrede. So word die lot deur die matrose in vers 7 gewerp en word Jona deur die lot as die oorsaak van die ramp uitgewys. Hy ontken of betwyfel nie die lotsbeslissing nie, maar uit sy saaklike antwoord op hulle vrae, blyk 'n onbetrokkenheid wat byna aan apatie grens. Wanneer hy op sy eie aandrang oorboord gegooi word, aanvaar hy dit ook sonder om vir sy lewe te pleit of om tot Jahwe te bid en so doende gered te word. In beide gevalle waar hy die voorwerp van die matrose se optrede is, aanvaar hy dit gelate. Hierdie gelatenheid het kommentatore in so 'n mate gehinder dat hulle die gebed van Jona waar hy as *agens* optree, as 'n interpolasie gesien het. Voordat hy hierdie gebed bid, is hy nog 'n maal die voorwerp van 'n handeling. Hierdie keer word hy op Jahwe se bevel deur 'n groot vis ingesluk en bly hy drie dae en nagte in die vis se buik voordat hy weer op Jahwe se bevel deur die vis op droë land uitgespoeg word. Dié twee handeling wat hy as *patiens* ondergaan, omarm as 't ware die handeling wat hy as *agens* in die vis verrig. Daar moet omsigtig te werk gegaan word met die tipering van die *Gattung* van Jona se gebed, omdat sulke klassifiserings in die verlede, soos wat uit hoofstuk 3 blyk, tot verstaansprobleme van die boek gelei het. Eerder moet na die funksie van die gebed binne die verhaal gevra word as om dit by voorbaat as 'n bepaalde tipiese soort soos danklied of smeekgebed te tipeer en dit dan vanuit daardie perspektief te wil ver-

klaar. Wie hierdie gebed ernstig opneem en dit interpreteer soos dit daar staan, begryp dat Jona se innerlike toestand tussen die twee pole van nood en verlossing wint. Die gedig sluit egter af met 'n versekering dat die verlossing aan Jahwe behoort en moet dus as 'n danklied vir die verlossing beskou word. Nadat die vis hom uitgespoeg het, is hy weer 'n keer die voorwerp van 'n handeling as Jahwe se opdrag in Jona 3:1 'n tweede keer na hom kom. Hierop reageer hy positief wanneer hy na Niveve toe reis om die boodskap wat aan hom opgedra is daar te preek. Uit hierdie gehoorsaamheid van hom kan in hierdie stadium niks van sy emosionele gesteldheid afgelei word nie, maar in Jona 4:2 word dit duidelik dat dit 'n gedwonge gehoorsaamheid was. Die heftigheid van sy reaksie in Jona 4:1 wys daarop dat, alhoewel hy aan Jahwe se eis voldoen het, dit teen sy eie beterswete was. Hierdie afleidings kan die leser egter eers ná Jona 4:2 maak, aangesien Jona in hoofstuk 3 oënskynlik sonder teenstribbeling aan Jahwe se eis toegee. Die kalme manier waarop Jona optree, is dus bedrieglik en weerspieël nie sy ware gemoedstoestand nie. Barkhuizen (1988:60) se waarneming dat daar geen terugverwysing na Jona se verlede voorkom nie, is dus nie heeltemal gegrond nie – hiervan getuig Jona 4:2.

Implisiete informasie oor die psigologiese toestand van Jona kan volgens bogenelde skema op twee verdere maniere uit die karakterteks afgelei word. Ter wille van praktiese oorwegings word hierdie twee maniere, wat as die karakter se gesprekke onder 2.2.2 en as die karakter se spraakhandeling onder 2.2.4 in die skema genoem is, hier in een paragraaf behandel. Dit word gedoen omdat dit logies is dat, terwyl die karakter se gesprekke vir inligting oor sy geestesgesteldheid gefynkam word, daar terselfdertyd ook gelet kan word op die manier hoe hy dinge sê. Wat opmerklik is van Jona se gesprekke, is die formele aard daarvan. Wanneer hy op die matrose se bombardement van vrae antwoord, doen hy dit nie in sy eie woorde nie, maar met formele uitdrukkings soos 'en ek vrees Jahwe, die God van die hemel wat die see en die droë grond gemaak het' (Jona 1:9). Hierdie plegstatige belydenis in antwoord op die matrose se direkte en informele vrae, skep onmiddellik afstand tussen Jona en die seelui. Verder word Jona se ware gevoelens ook deur hierdie formele taalgebruik verbloem. Ook op hulle verbasing en hulle vraag wat hulle met hom moet doen, antwoord hy direk en sonder emosie. Die volgende keer wanneer Jona aan die woord kom, is binne die maag van die vis. Alhoewel die gebed 'n ek-U-verhouding veronderstel, is dit in der waarheid 'n monoloog (*contra* Barkhuizen 1988:64; vgl Gräbe 1984:24). Omdat hierdie monoloog poësie is en ook van geykte terminologie en 'n geykte vorm gebruik maak, vertoon dit 'n formele aard. In hoofstuk 3 is daarop gewys dat al hierdie geykte elemente op 'n unieke en geniale wyse gekombineer word om Jona se reaksie op die gebeure weer te gee. Die reaksie ontbloot enersyds sy emosionele toestand en andersyds word dit deur die formele ka-

rakter van die gekykte vorm verskuil. Ook in Jona 3:4, wanneer Jona teen Nineve preek, is sy woorde uiteraard formeel. Dit is egter te verstane omdat hy daarmee net as boodskapper optree om die woorde van Jahwe aan Nineve deur te gee. Wanneer Jona in Jona 4:2 bid, is dit nog eens formeel, want ook hierdie gebed is pöësie soos dit in hoofstuk 3 betoog is. Hoewel formeel, verraai hierdie gebed egter intense emosie – van verwyte, van verontskuldiging en van oorgawe. Hierdie oorgawe in Jona 4:3 word 'n refrein wat in Jona 4:9 herhaal word, sodat enersyds die gekytheid behou word en andersyds die finale oorgawe daardeur vergestalt word. Opvallend van al Jona se gesprekke is dat hy nêrens die inisiatief tot gesprekvoering neem nie, maar dat hy slegs reageer op wat ander karakters doen, of spesifiek van hom vra. Verder is sy reaksie ook deurgaans formeel. Die vraag wat nou beantwoord moet word, is waarom dit die geval is. Heel waarskynlik is die antwoord daarin geleë dat hy as die antagonist die strewe van Jahwe nie kan aanvaar nie en daarom glad nie daarby betrokke wil raak nie. Deur formeel te bly en net te reageer wanneer dit van hom verwag word, kan hy sy onbetrokkenheid handhaaf. Dit weerhou die leser egter nie om belangrike afleidings ten opsigte van Jona se psigologiese toestand te maak nie. Plek-plek soos in die gebede, kom daar selfs, ten spyte van die formele aard daarvan, onbewustelik meer van sy geestestoestand na vore.

Omdat perspektief as 'n wyse waarop informasie deurgegee word in die volgende hoofstuk as deel van die vertelhandeling behandel word, sal daar nou direk oorgegaan word na die tegnieke van informasieoordrag:

- * Ooreenkomstig die model wat hierbo gegee is, is die eerste tegniek waarmee informasieoordrag geskied, *naamgewing*. Dit is reeds bekend dat die naam van hierdie karakter *Jona, seun van Amittai* is. Omdat hierdie naam uit 2 Konings 14:25 bekend is as die naam van 'n profeet uit die agste eeu, is dit nie vergesog om hierdie twee karakters met mekaar te identifiseer nie. Daarmee word 'n historiese figuur binne 'n bepaalde konteks en met 'n bepaalde konnotasie as hoofkarakter van 'n latere verhaal gebruik. Met die naam 'Jona, seun van Amittai' word vir die ingeligte leser of hoorder 'n hele verwysingsraamwerk opgeroep, soos byvoorbeeld dat hy 'n nasionalistiese profeet was wie se heilspesie vir sy volk bewaarheid is. Onmiddellik wanneer hierdie naam dus aan die begin van hierdie verhaal genoem word, word inderdaad baie meer inligting verskaf as wat op die oog af voorkom. Met die verloop van die verhaal, soos wat meer en meer karaktertrekke bekend word, word die aanvanklike voorkennis uit 2 Konings 14:25 bevestig. Vroeër (4.3.2) is reeds op die sisteem van benoeming gewys waar slegs Jona en Jahwe met eiename benoem word en alle ander karakters slegs deur omskrywing. Elke keer wanneer hierdie eienaam in die teks voorkom, word die karakter nie alleen teenwoordig gestel nie, maar het dit

ook verandering ondergaan. Dié Jona van wie daar in Jona 3:1 melding gemaak word, is nie meer dieselfde Jona wat aanvanklik in Jona 1:1 aan die leser bekend gestel is nie. Net so het die Jona van Jona 4:9 'n radikale verandering ten opsigte van die Jona in 3:1 ondergaan. Selfs die Jona wat 'n geïmpliseerde antwoord op Jona 4:10-11 sou gee, verskil van die Jona in 4:9 omdat hy tot 'n bepaalde insig moes kom – dié insig wat in Jahwe se strewing vervat is. Vanaf Jona 1:1-4:11 vind daar 'n toenemende proses van blootlegging of karakteropenbaring van die *eintlike* Jona plaas. Nadat Jona in Jona 1:1 met volle naam en afkoms en die sinspelings daaraan verbonde, aan die leser voorgestel is, word in die res van die boek slegs met sy voornaam of selfs met pronominale suffikse na hom verwys.

- * *Herhaling* is as deel van frekwensie by die tydsaspek uitvoerig behandel. Daar het die klem primêr op die aantal kere geval wat 'n bepaalde gebeurtenis in die narratiewe teks vertel word. Hier verskuif die klem na die manier waarop herhaling gebruik word om informasie in verband met die karakter weer te gee. Deur herhaling word 'n karakter nie alleen in die teks teenwoordig gestel nie, maar word ook sy eienskappe na vore gebring. Daardeur word sy betekenis en funksie in die teks belig en ontwikkel. Dit is egter ook volgens Brink (1987:81) belangrik om daarop te let *hoe* die herhaling geskied. In die vertellerstekes word in Jona 1:1-3 herhaal dat Jona van Jahwe se opdrag wegvlug. Hierdie onwilligheid om te gehoorsaam word beklemtoon deur die noodsaak om die opdrag aan Jona te herhaal om na Nineve te gaan (Jona 3:1). Wanneer Jona in sy gebed (Jona 4:2) motiveer waarom hy hierdie opdrag verontagsaam, word 'n addisionele klem ook in die karakterteks op sy ongehoorsaamheid geplaas. In die vertellerstekes word deur die herhaling van die wondergebeure gedemonstreer tot watter uiterstes Jahwe moes gaan om 'n gesindheidsverandering by Jona te bewerkstellig. Wanneer hy by die wondergebeure baat, ken sy dankbaarheid en vreugde geen perke nie, maar wanneer die wondergebeure ongunstig vir hom is, vra hy om te sterf. Omdat die versoek om te sterf elke keer herhaal word wanneer sake ongunstig vir Jona verloop, skep dit die indruk van ontevredenheid en dat hy soos 'n stout kind is wat, sodra hy nie sy sin kry nie, moed opgee. In die twee gebede van Jona, tesame met die versoek in Jona 4:8, word in die karakterteks klem gelê op die feit dat, alhoewel hy ongehoorsaam was, hy tog ten tye van groot emosionele spanning hom onmiddellik tot Jahwe wend. Deur herhaling word karaktertrekke van Jona soos eiesinnigheid en ongehoorsaamheid, maar ook sy afhanklikheid van Jahwe beklemtoon.
- * *Akkumulاسie* is 'n tegniek waardeur die soort en die verskeidenheid van eienskappe wat rondom 'n eienaam geweef word, geïdentifiseer word (Brink 1987:

82). Dit is egter ook noodsaaklik om aan te toon hoe hierdie eienskappe mekaar aanvul, maar ook mekaar relatiewe om 'n geheelbeeld van die karakter te vorm. Aan die negatiewe kant van Jona se persoonlikheid is daar, benewens sy reeds genoemde eiesinnigheid en ongehoorsaamheid, ook sy ongeërgdheid oor die lotgevalle van ander mense. Hierdie ongeërgdheid manifesteer later in 'n byna wraakgerige afwagting op die voltrekking van Jahwe se oordeel oor Nineve in Jona 4:5. Aan die positiewe kant is daar sy eties korrekte optrede wanneer hy teenoor die matrose bieg dat hy die oorsaak van die storm is en dat hy ook bereid is om daarvoor oorboord gegooi te word. Aan die een kant probeer hy Jahwe se opdrag ontduik, maar aan die ander kant kan hy nie anders as om tot Jahwe te bid wanneer hy ontsteld is nie. Hierdeur word 'n karakter geskets wat enersyds gedetermineer is om sy eie wil te volg en andersyds nie van sy afhanklikheid van Jahwe kan ontvlug nie. Die negatiewe word dus deur die positiewe gerelativeer. S6 word die volgende stelling van Coats (1985:84) bewaarheid, naamlik: 'Through a compact series of events or stress situations a character is made clear and distinct to the reader or a situation's true quality is revealed.' Die kompleksiteit van die Jonakarakter word deur middel van akkumulاسie in die verloop van die verhaal onthul.

- * *Transformasie* is die volgende tegniek waardeur informasie oorgedra word. Hoewel hierdie studie en dié van Nel (1988:1-12) grootliks dieselfde konklusies deel, word daar van Nel (1988:12) verskil wanneer hy beweer dat die Jonakarakter geloofwaardig is omdat hy enduit konstant bly. Egri (1960:212) stel tereg: 'Without transition there cannot be development or growth...And transition is the element which keeps the play [story] moving without any breaks, jumps or gaps. Transition connects seemingly unconnected elements....' (my toevoeging). In 'n goeie verhaal geskied hierdie oorgange nie met spronge nie, maar met verdrag en volgens bepaalde stadia tussen die pole (Egri 1960:194). Daarom is dit logies dat die Jona van Jona 1:1 sal verskil van die Jona wat in 4:10-11 geskets word – dit is reeds by die bespreking van die psigologiese dimensie bespreek. Die transformasie van die Jonakarakter vind plaas tussen die twee pole van onwilligheid en gewilligheid om die strewe van die protagonis te aanvaar. Dit kan op die volgende wyse geskematiseer word:

Protagonis – Jahwe		Antagonis – Jona	
1:1-3	– opdrag	houding	– onwilligheid
		handeling	– ongehoorsaamheid
1:4-16	– storm	houding	– onbetrokkenheid
		handeling	– slaap
2:1-11	– vis	houding	– dankbaarheid
		handeling	– gebed
3:1-3	– opdrag	houding	– gewilligheid?
		handeling	– gehoorsaamheid?
3:10	– begenadiging	houding	– woede
		handeling	– gebed
4:6	– boompie	houding	– groot vreugde
4:7-9	– wurm en wind	houding	– doodswens
		handeling	– versoek
4:10-11	– vraag	houding	– geïmpliseerde gewilligheid

Uit hierdie spektrum van transformasies kan die geleidelike oorgang tussen die twee pole van onwilligheid tot gewilligheid om die protagonis se strewe te aanvaar, duidelik waargeneem word. Daarmee word voldoen aan die vereiste wat Egri (1960:212) stel dat transformasie die element is wat die verhaal laat aangaan 'without any breaks, jumps, or gaps. Transition connects seemingly unconnected elements, such as winter and summer, love and hate'. In Jona se geval word die pole van onwilligheid met gewilligheid deur transformasie aanmekeer verbind.

- * Die laaste tegniek waardeur informasie oor 'n karakter ingesamel kan word, is deur die dubbele proses van *vergelyking en kontras*. Deur dié proses kan ener syds die onderlinge eienskappe van 'n bepaalde karakter belig word en ander syds tussen verskillende karakters 'n onderskeid getref word. In Jona bring albei moontlikhede interessante gegewens na vore waardeur die leser in staat gestel word om 'n bepaalde konstruksie van die karakter te maak.
- ** Deur Jona se onderskeie optredes in die twee helftes van die boek te vergelyk en te kontrasteer, kom die volgende insiggewende informasie na vore: Ongehoorsaamheid in die eerste deel van die boek (Jona 1:1-3) word gekontrasteer met gehoorsaamheid in die tweede deel van die boek (Jona 3:1-3). In die eerste deel van die boek (Jona 1:9) getuig hy teenoor die matrose nadat hy deur die lot daartoe geforseer word. In vergelyking hiermee preek hy in die tweede deel van die boek (Jona 3:4), nadat Jahwe hom daartoe geforseer het deur die opdrag aan hom te herhaal. In die eerste deel van die

boek (Jona 2:3-10) bid hy 'n wonderskone gebed wanneer hy uit die dood gered word. Die tweede deel van die boek (Jona 4:2-3) word hiermee gekontrasteer wanneer hy Jahwe in sy gebed verwyf, omdat Jahwe ander mense, naamlik die Nineviete, van die dood gered het.

- ** Wanneer Jona se optrede met die ander karakters soos die matrose en die Nineviete vergelyk word, is die kontras baie opvallend. Terwyl die matrose bang is en bid, en die vrag oorboord gooi om die skip en hulleself te red, gaan Jona af in die ruim, gaan lê en raak aan die slaap. Wanneer die matrose vra wat hulle met hom moet doen, antwoord hy doodluiters dat hulle hom oorboord moet gooi. Desnieteenstaande probeer die matrose om terug te roei land toe om Jona en hulleself sodoende te red. Terwyl hulle alles in werking stel (in die kaptein se woorde – Jona 1:6) 'sodat ons nie omkom nie', is Jona volkome bereid om oorboord gegooi te word en te sterf. Die matrose doen alles in hulle vermoë om die lewe te behou, maar vir Jona daarenteen skeel die dood glad nie. Nadat Jona oorboord gegooi is en die see stil geword het, voer die matrose weer drie handeling uit wat van hulle oorgawe getuig (Jona 1:16), naamlik hulle vrees Jahwe, hulle bring offers aan Hom en hulle doen geloftes. Wanneer Jona deur die vis gered word, stem sy handeling ook met dié van die matrose ooreen. In Jona 2:8-10 erken hy sy afhanklikheid van Jahwe, bring by looffers en doen geloftes aan Jahwe. Dit is merkwaardig dat Jona die heidene se voorbeeld in sy dankbetuiging vir die verlossing met presies dieselfde handeling volg.

Terwyl Jona twee keer deur Jahwe gestuur moet word, hoef die Nineviete Jona se preek slegs een maal te hoor om onmiddellik met oorgawe daarop te reageer. Net soos die matrose in Jona 1:4, voer die Nineviete in hulle reaksie op Jona se preek ook drie handeling uit: Hulle glo in God, hulle roep 'n vasdag uit en van groot tot klein trek rouklere aan as teken van verootmoediging (Jona 3:5). Jona, die profeet van Jahwe, moet twee keer opdrag kry voordat hy gehoorsaam, maar die Nineviete reageer oombliklik na slegs een waarskuwing. Om die kroon op hierdie reaksie te span, verootmoedig die koning homself ook deur van sy troon af te klim, rouklere aan te trek en in die stof te gaan sit. Daarby vaardig hy 'n dekreet uit wat selfs die diere van die stad insluit by hulle verootmoediging voor God, en wat sy hoogtpunt bereik met die wens 'sodat ons nie sal omkom nie' (Jona 3:9). Hiermee vorm Jona se afwagting van Jahwe se oordeel oor Nineve in Jona 4:5 'n skrilte kontras, veral as sy gebed om te sterf teenoor die koning se wens dat Nineve sal lewe, gestel word.

** Die laaste en belangrikste vergelyking en kontras waardeur informasie oor die karakters gerekonstrueer kan word, is dié tussen Jona en Jahwe. Wat hierdie spesifieke vergelyking so belangrik maak, is die feit dat die protagonis en die antagonis met mekaar gekontrasteer word. Die kern van hierdie kontras is geleë in die strewe van die protagonis wat deur die antagonis teengestaan word. Jona het sy eie siening oor hoe Jahwe moet optree, al weet hy dat Jahwe juis nie so optree nie (Jona 4:2). Hy is ongehoorsaam en hy vlug en hy word kwaad wanneer Jahwe se optrede nie in ooreenstemming met sy eie begeertes is nie. Teenoor Jona se onwilligheid om iets met Nineve te doen te hê, neem Jahwe kennis van hulle slegte daede en stuur sy profeet om hulle daarvoor aan te spreek – meer nog, Hy spaar hulle wanneer hulle tot inkeer kom. Aan die einde van die boek stel Jahwe dit pertinent dat Hy hulle onkunde in ag geneem het en hulle die geleentheid tot inkeer wou bied. Jona daarenteen wil niks met Nineve te doen hê nie en wanneer hy wel teen sy sin vir hulle gaan preek, gun hy hulle nie begenadiging nie. Indien Jahwe op dieselfde wyse teenoor Jona moes optree as die optrede wat Jona teen Nineve verwag het, sou Jahwe Jona ná sy aanvanklike ongehoorsaamheid moes ombring. Dit doen Jahwe egter nie, maar met groot geduld handel Hy met Jona deur die wonders van die vis (Jona 2:1, 11) en die boompie (Jona 4:6-7) totdat Jona by implikasie (Jona 4:10-11) tot inkeer kom. In al sy handelinge bewys Jahwe dat Hy voldoen aan die belydenis wat Jona in Jona 4:2 uitgespreek het, naamlik: 'U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde; en Een wat berou kry oor die onheil.' Venter (1986:320-322) toon myns insiens oortuigend aan dat die wondergebeure in die Jonaverhaal 'n 'karakterbeeldingstechniek van die verteller is om sy twee opponerende karakters uit te beeld'. Deur die gebruik van die werkwoord *הִנֵּחַ* 'beskik' word Jahwe as die Almagtige voorgestel 'wat kan doen soos wat Hy goed dink' (Jona 1:14). Hy gebruik hierdie almag nie alleen om te red nie (Jona 1:16; 2:11; 3:10), maar ook as 'n didaktiese middel om sy hardkoppige profeet tot ander insigte te bring (Jona 4:6-8).

Benewens die tegnieke wat hierbo bespreek is, word informasie ook deur *taalhandeling* weergegee. Hierdie saak is reeds onder 'implisiete informasie' in die vorige paragrafe aangeraak, toe daar op die formele aard van Jona se taalhandeling gewys is. Barkhuizen (1988:64) identifiseer vier dialooggeleenthede waarby Jona betrokke is. Twee daarvan is die gebede in Jona 2:3-10 en 4:2-3 wat volgens die betoog in hoofstuk 3 as poësie gelees moet word. Indien dit korrek is, moet hierdie twee gebede as monoloë en nie as dialoë beskou word nie (Gräbe 1984:24). Barkhuizen (1988:

66) se afleidings oor die wisseling tussen die tweede persoon-styl en die derde persoon-styl is nie van toepassing nie, omdat hierdie wisseling tussen die persone 'n erkende konvensie binne die Psalms (en dus gebede) in die Ou Testament is. Slegs die tweede gebed (Jona 4:2-3) is in 'n dialoogsituasie in die verteltekste (Jona 4:4) ingebed. Hierdie dialoogsituasie word egter nie ontgin nie, want wanneer Jahwe op Jona se monoloog met 'n vraag reageer, antwoord Jona Hom nie. Hierdie swye van Jona is Jona 4:5 is een van die redes waarom daar vermoed is dat met die volgorde van die tekste gepeuter is. Dié saak is reeds onder 'volgorde' by 4.2.1 aangesny (waar die teendeel voorgestel word). Die vraag is nou waarom Jona nie op Jahwe se vraag reageer en die dialoogsituasie sodoende laat ontplooi nie. Alter (1981:79) wys daarop dat die tegniek van swye 'n bepaalde konvensie binne die Bybelse verhaalkuns is wanneer hy stel: 'The more common biblical practice, as we shall have occasion to see elsewhere, is simply to cut off one speaker in a dialogue without comment, leaving us to ponder the reasons for the interrupted exchange. When someone's silence is actually isolated for narration, we may infer that the refusal or avoidance of speech is itself a significant link in the concatenation of the plot.' Die dialoog word dus doelbewus afgesny en nie ontplooi nie, sodat die leser moet wonder wat die rede vir Jona se swye is. Klaarblyklik is die rede daarin te vind dat Jona nie wil antwoord nie, omdat hy nie kán antwoord nie. Natuurlik het Jona geen rede om kwaad te wees nie, behalwe dat hy nie wil toegee aan die strewe van Jahwe nie. Dit hang saam daarmee dat hy as nasionalistiese profeet en antagonis die strewe van Jahwe onaantwoordbaar vind.

Ten slotte moet daar enkele opmerkings oor die styl van die Jonaverhaal gemaak word. Die formele aard van Jona se redevoering is reeds hierbo behandel; tog is dit noodsaaklik om van die voorliefde wat die verteller vir bepaalde stylelemente openbaar, melding te maak. Die eerste voorliefde van die verteller is die gebruik van die *hiperbool* wat te voorskyn kom in die gebruik van die adjektief 'groot'. Afgesien van die stad wat groot is (Jona 1:2), word in die eerste hoofstuk van 'n groot wind (Jona 1:4), 'n groot storm (Jona 1:4, 12), 'n groot vrees by die matrose (Jona 1:10, 16) melding gemaak. Hierdie gebruik van die adjektief 'groot' word voortgesit in hoofstuk 2:1 met die groot vis en in hoofstuk 3 met die groot stad (Jona 3:2, 3). Benewens die attributiewe gebruik van 'groot', word die adjektief ook substantiwies gebruik in Jona 3:5, wanneer dit die kategorieë mense aandui wat rou-rites uitvoer en ook Jona 3:7, waar dit die hoë amptenare van die koning aandui. In hoofstuk 4 kwalifiseer die adjektief Jona se woede (Jona 4:1) sowel as sy vreugde (Jona 4:6); laastens verwys dit weer na die stad (Jona 4:11). Die stam word egter ook as werkwoord in Jona 4:10 aangewend. Behalwe om 'n bepaalde stemming in

die verhaal te skep, funksioneer die hiperboliese gebruik van 'groot' ook as ironiese teenpool van die diminutiewe vorm van קִיָּיִן.

Deist (1981:54-56) betoog myns insiens tereg dat die יָיִן -uitgang hier as verkleinwoord opgeneem moet word. In die lig van die belangrike rol wat kontras en ironie in die boek as geheel speel, is dit nie vergesog om hierdie voorbeeld as 'n ironiese kontras te beskou nie. 'n Tweede stylmiddel wat deur die verteller aangewend word, is die herhaaldelike gebruik van die *figura etymologica*, waar dieselfde stam as werkwoord en as objek van die werkwoord gebruik word. Hierdie stylmiddel word twee maal in hoofstuk 1 (Jona 1:10, 16) aangewend wanneer die vrees van die matrose beskryf word. Daarna word dit ook twee maal in hoofstuk 4 ten opsigte van Jona gebruik wanneer eers sy woede in Jona 4:1 en daarna sy vreugde in 4:6 daarmee toegelig word. Dié stylmiddel word by uitstek deur die verteller ingespan om oomblikke van intense emosie by bepaalde karakters uit te beeld. Die gebruik van hierdie stylmiddele naas andere, is die skrywer se manier waardeur hy nie alleen 'n godsdienstige karakter op 'n satiries-ironiese wyse wil tipeer nie, maar ook 'n bepaalde teologiese premisse wil tuisbring.

B. Die karakterisering van Jahwe

Daar is reeds betoog dat Jahwe die protagonis in die verhaal is; daarom vervul Hy die rol van katalisator binne die verhaal, sonder dat hy self karakterontwikkeling ondergaan. In Egri (1960:109) se woorde word dit so gestel: '[He] can match the emotional intensity of his adversaries, but he has a smaller compass of development.' Die feit dat Jahwe die protagonis is, beperk die beskrywing van sy karakter nog verder. Dit word bevestig deur Sternberg (1985:323) se opmerking: 'Though God is the Bible's hero, his portrayal may yet appear a special case. After all, most dimensions associated with character - physical appearance, social status, personal history, local habitation - do not apply to him at all.' Die sleutel tot die karakterisering van Jahwe, ook in die Jonaverhaal, is geleë in sy handeling. In die eerste drie hoofstukke word Jahwe deur die leser geken soos wat die verteller Hom deur middel van sy handeling beskryf. Daar word wel indirek in Jona 1:1 en 3:1 van Jahwe se woord gepraat sonder dat die inhoud daarvan woordeliks weergegee word. Eers in Jona 4:4 kom Jahwe direk aan die woord wanneer hy Jona oor sy reaksie konfronteer. Omdat Jona swyg, kom die enigste dialoog waarby Jahwe betrokke is aan die einde van die verhaal in Jona 4:9-11 voor; daarom sal die meeste gegewens oor die karakter van Jahwe deur die leser uit sy optrede afgelei moet word. Daar is reeds na Venter (1986:320) se opmerking oor die wondervertelling as karakterbeeldingstegniek verwys: Hier is dit op Jahwe van toepassing. Vervolgens word dieselfde tegnieke wat gebruik is om informasie oor die Jonakarakter in te win – met die voorbe-

houde wat hierbo gestel is – ook op Jahwe toegepas ten einde informasie oor sy karakter te verkry:

- * Die *naamgewing* van die protagonis is baie meer gekompliseerd as wat dit die geval is met die antagonis. Afgesien van die voornaamwoorde waarmee na Hom verwys word, word ten minste vier stelle name vir die protagonis gebruik: In hoofstukke 1 tot 3, afhangende van wie na Hom verwys, word Hy Jahwe, Elohim, Ha-Elohim en Jahwe die God van die hemel genoem. Sy eienaam, Jahwe, word veral gebruik wanneer sy handeling primêr tot sy profeet, Jona, gerig is. Die matrose en die mense van Nineve bid tot en glo in Elohim. Die kaptein en die koning spreek die wens uit dat Ha-Elohim hulle sal begenadig sodat hulle nie sal omkom nie. Jona bely dat hy Jahwe, die God van die hemel, dien en daarna, wanneer die storm rondom die matrose stil geword het, bid hulle ook tot Jahwe. Jahwe word dus in hierdie drie hoofstukke gereserveer vir die mense wat 'n spesifieke verhouding met die God van Israel het. Magonet (1976:33-38) wys daarop dat die Godsname in hoofstuk 4 volgens 'n bepaalde patroon gebruik word. Jahwe word in hierdie hoofstuk vir die genadige God gereserveer, terwyl Elohim/Ha-Elohim gebruik word wanneer God sy skepsel onderrig om sy barmhartigheid te verstaan. Laasgenoemde benaming word dus in 'n dissiplinêre hoedanigheid gebruik. Van alle hipoteses oor die wisselende gebruik van die Godsname in die Jonaverhaal, soos dat dit op verskeie bronne van die verhaal sou dui, lewer die hipotese van Magonet die minste probleme, terwyl dit ook narratologies die meeste sin maak.
- * Deur die tegniek van *herhaling* word heelwat informasie oor die protagonis deurgegee. In die vertellerstekst herhaal Jahwe sekere handeling tot die voordeel van die ander karakters. Eerstens herhaal Hy sy opdrag aan Jona, daarna red Hy eers die matrose, toe vir Jona en laastens spaar hy Nineve. Hy gebruik selfs wondergebeure om eerstens sy profeet te red en daarna, as 'n didaktiese middel, om hom tot ander insigte te bring. Beide die kaptein en die koning spreek die versugting uit dat God aan hulle sal dink sodat hulle nie sal omkom nie. Ook die matrose eggo hierdie versugting in hulle gebed, met die motiveering dat Jahwe as vrymagtige God kan doen soos Hy wil. Aan al hierdie versugtinge voldoen God, maar meer nog, in Jona 4:10-11 verdedig Hy sy barmhartigheid teenoor Nineve in 'n gesprek met Jona. Jona self sluit sy gebed in Jona 2:3-10 af met die uitroep dat die redding aan Jahwe behoort, nadat hy 'n paar keer in sy gebed bely het dat Jahwe hom uit die nood gered het. Hierdie God kan egter ook bestraffend optree soos blyk uit sy motivering in Jona 1:2 dat Hy Jona na Nineve stuur omdat hulle sonde onder sy aandag gekom het. Wanneer sy profeet wegvlug, bring God 'n storm op die see wat die skip, die matrose se

lewens en ook Jona se lewe in die gevaar stel. Hierdie optrede van Jahwe bereik 'n klimaks wanneer Hy die boompie vernietig en die gloeiende Oostewind laat waai om sy profeet 'n les te leer.

- * Uit die voorafgaande tegnieke is dit duidelik dat daar rondom die protagonis 'n aantal eienskappe *akkumuleer* waardeur die leser sy karakter beter kan leer ken. Al hierdie eienskappe dra daartoe by om die vrymag van Jahwe, soos dit deur die matrose in hulle gebed bely is, te illustreer. Sy geduld met sy profeet, sy medelye met mense in nood en sy reddende genade word nie net deur sy handeling in die verhaal geïllustreer nie, maar word ook pertinent deur Jona in Jona 4:2 met die volgende woorde saamgevat: 'Ja, ek het gewet dat U 'n genadige en barmhartige God is – lankmoedig en liefdevol – en Een wat berou kry oor die onheil.' Wanneer die vrymag van God, soos dit uit al hierdie geakkumuleerde eienskappe blyk, boonop met humor, soos in die episode met die boompie gepaard gaan, kan die leser nie anders reageer as om saam met die matrose te bid nie: 'Want U is Jahwe – U doen soos wat U goed dink.' Sternberg (1985: 322) vat hierdie proses van akkumulering baie goed saam in die volgende woorde: 'The complex of features making up God's portrait emerges only by degrees and only through the action itself,...the reader must piece it together for himself by extrapolating features from dramatic givens.'
- * Omdat die protagonis die katalisator van die verhaal is, wat dinge laat gebeur, kan daar nie werklike sprake van *transformasie* in sy karakter wees nie. Om sy premisse te verwesenlik sal Hy niks ontsien om sy doel te bereik nie; daarom kan al sy handeling gelees word in die lig van sy premisse om as die vrymagtige God erken te word. Jahwe tree konstant in ooreenstemming met hierdie premisse op en daarom is daar geen transformasie in sy karakter teenwoordig nie.
- * Die informasie oor Jahwe wat deur die tegniek van *kontras en vergelyking* gekonstrueer kan word, is reeds onder dieselfde hoof wat betrekking het op die Jona-karakter behandel.

4.4 Ruimte

Volgens Bal (1980:16) se beskouing vorm 'gebeurtenissen, acteurs, tyd en plaats saamen het materiaal van de geschiedenis'. Vir hierdie onderdele van die storie of geskiedenis gebruik Bal die term 'elemente'. Alhoewel ruimte algemeen as een van die vier elemente van die verhaal naas gebeurtenisse, karakters en tyd aanvaar word, word dit byna altyd òf afgeskeep òf totaal genegeer. So maak Genette se model (wat as uitgangspunt vir die bespreking van die narratiewe kategorieë in hierdie hoofstuk gebruik is) glad nie voorsiening vir ruimte as 'n aparte entiteit nie. Tog is

ruimte so 'n belangrike komponent van enige verhaal en in die besonder ook van Jona, dat dit nie agterweë gelaat darf word nie. Trouens, sonder die bespreking van ruimte as element van die verhaal, sou die bespreking nie alleen onvolledig wees nie, maar ook uiters onbevredigend omdat 'alles wat in die verteltekste gebruik word om [gewoonlik in samehang met tyd] 'n *situasie* te konstitueer waarbinne "iets met iemand gebeur", tot die konsep van narratiewe ruimte behoort' (Brink 1987:108). Daarom is dit noodsaaklik dat Genette se model op hierdie punt gewysig of aangevul moet word.

In hierdie paragraaf word uitgegaan van die model wat deur Van Eck uitgewerk is. Die model het aanvanklik sy ontstaan in 'n artikel oor die funksie van ruimte in die narratologie gehad (Van Eck 1986:339-349), maar dit is later verder uitgewerk in 'n hoofstuk van sy ongepubliseerde verhandeling (Van Eck 1989). Hierin wys hy daarop dat ruimte onontbeerlik is vir die verstaan van die verhaal, maar dat dit op 'n ander wyse as die ander drie elemente in die narratologie gehanteer moet word. In sy model maak hy wel gebruik van wat ander literatuur-teoretici oor ruimte gesê het, maar hy verwerk dit op 'n unieke wyse. In hierdie model gaan hy uit van die volgende twee veronderstellings:

- * Ruimte, net soos die ander elemente van die verhaal, moet sy regmatige plek in die bespreking van die verhaal kry.
- * Ruimte, anders as die ander elemente, kan net op die vlak van die *récit* bespreek word en nie as 'n relasie tussen die verskillende verhaalvlakke nie. Volgens hierdie model kan daar dus nie by ruimte 'verdubbeling' soos by tyd plaasvind nie.

Vervolgens word die drie aspekte van ruimte bespreek waardeur die funksionering van ruimte binne die verhaal nader toegelig word.

In die eerste plek dui die term 'ruimte' op alles wat in 'n vertelling ruimtelikheid besit:

- * Dit kan die plek wees waarbinne die karakters hulle bevind. In Jona se geval sal dit plekke soos Israel, die skip, die vis en Nineve wees.
- * Dit kan ook toebehoore van ruimte wees soos die skip se ruim en die boompie buite die stad.
- * Dit kan ook die wyse wees waarop ruimte voorgestel word soos die stormagtige see en die warm wind en die gloeiende son buite die stad.
- * Dit kan ook die gevoelswaarde wees wat aan bepaalde ruimtes geheg word. 'n Bepaalde ruimte kan dus óf positief óf negatief ervaar word. So word die skip se ruim aanvanklik deur Jona as 'n geborge ruimte en dus positief ervaar, maar

as gevolg van die storm wat deur Jahwe bewerkstelling word, verander dit in 'n negatiewe ervaring.

- Dit kan ook soms nie-ruimtelike begrippe ruimtelik voorstel soos wanneer Jona van Jahwe praat as die God van die hemel, wat die see en die droë grond geskape het.

In die tweede plek is ruimte binne die vertelling 'fiktiewe ruimte', dit wil sê, dit is 'n literêre katagorie binne die vertelde wêreld. Dit is dus die wêreld waarin die kommunikasieproses afspeel (Van Eck 1986:343). Hoewel hierdie fiktiewe ruimte ooreenkomste kan vertoon met die reële wêreld, gee dit nie die ruimte van die reële wêreld presies net so weer nie. Die geloofbaarheid van 'n verhaal en daarom ook van die Jona-verhaal is dus nie afhanklik van die feitelike korrektheid van ruimtelike gegewens soos byvoorbeeld Nineve se grootte nie. Dit is egter noodsaaklik dat daar wel raakpunte tussen die fiktiewe en reële wêreld sal wees sodat die vertelde wêreld vir die leser aanvaarbaar sal wees. In terme van die Jonaverhaal moes Nineve, met alles wat dit simboliseer, ooreenstem met die verwysingsraamwerk wat die eerste lesers daarvan gehad het. Hierdie aanvaarbaarheid van die fiktiewe wêreld vir die leser moet egter ook verband hou met die konvensie van 'n bepaalde genre. Binne die konvensie van die sprokiegenre is dit aanvaarbaar dat diere kan praat. Net so was dit vir die implisiete lesers van die Jonaverhaal geen probleem om te aanvaar dat Jahwe 'n groot vis kan beskik om Jona in te sluk nie. Alhoewel hierdie bepaalde fiktiewe ruimte in terme van ons moderne wetenskapsbeskouing onaanvaarbaar is omdat dit nie met die reële werklikheid klop nie, het dit nie aanstoot gegee vir die siening van die eerste lesers nie. Die narratologie, deur die bespreking van die ruimte-element, kan juis 'n belangrike bydrae lewer om die feit te onderstreep dat ruimte (soos die vis se maag) enersyds 'n fiktiewe ruimte binne die vertelde wêreld is en andersyds dat hierdie ruimte binne 'n bepaalde narratiewe konvensie aanvaarbaar vir die lesers was.

In die derde plek funksioneer ruimte volgens Vandermoere (1976:33vv) op een van twee wyses, naamlik as *speelruimte* of *belangeruimte*. Waar speelruimte slegs lokaliteit aandui, kom belangeruimte tot stand wanneer daar 'n verband tussen die karakterisering en ruimte gelê word. Volgens Blok se siening word laasgenoemde proses *singewing* genoem en dit geskied wanneer een of meer karakters 'n bepaalde ruimte persoonlik beleef (vgl Van Eck 1986:344). Hierdie proses kan soos volg in Van Eck (1986:344) se woorde saamgevat word: '[D]it is duidelik dat ruimte tweeledig in 'n vertelling funksioneer. Deur dialoog word fiktiewe ruimte tot speelruimte gekonkretiseer en dit word belangeruimte wanneer dié beweging van 'n karakter of karakters liggaamlik of intensioneel persoonlik daaraan verbind word.' Hierdie be-

langeruimtes word nie neutraal aangebied nie, maar word deur die karakters positief of negatief ervaar.

Wanneer bogenoemde aspekte op die Jona-verhaal toegepas word, blyk dit dat alle ruimtes belangeruimtes is en nie net blote speelruimtes is nie. Dit sal blyk wanneer die ses tonele waarby ruimte betrokke is vervolgens individueel bespreek word.

- * Die eerste toneel waar Jahwe se roeping tot Jona kom, speel in Israel af. Omdat daar sprake is van dialoog, al is dit net indirek, word hierdie speelruimte 'n belangeruimte. Jona ervaar hierdie ruimte op 'n negatiewe wyse – daarom wil hy wegvlug na Tarsis. Omdat Jona nie na Nineve, wat hy as 'n negatiewe ruimte beskou, wil gaan nie, probeer hy ontvlug na Tarsis, wat hy as positief beskou. In Israel kan hy nie bly nie, want daardie belangeruimte is die ruimte waarbinne Jahwe se woord en opdrag uitgevoer moet word. Alhoewel hierdie belangeruimte vir Jahwe positief is, beleef Jona dit as negatief.
- * Die tweede toneel speel af op die skip. Deur dialoog word ook hierdie speelruimte in 'n belangeruimte omskep. Aanvanklik beleef Jona hierdie ruimte op 'n positiewe wyse, want hy gaan af in die ruim, gaan lê en raak vas aan die slaap. Uit die aard van die saak is hierdie ruimte ook vir die matrose 'n positiewe ruimte, want dit is hulle arbeidsruimte. Deur Jahwe se ingrype met die storm, verander hierdie situasie totaal. Waar Jona hierdie ruimte eers as 'n veilige ruimte ervaar het, word dit nou omgekeer in onveiligheid. Ook vir die matrose is dit nou tot so 'n mate 'n negatiewe belewenis dat, ten spyte van al hulle pogings om die skip te red, die skip (volgens die verteller) op die punt staan om te vergaan. Eers wanneer Jona, nadat hy deur die lot as die skuldige uitgewys is, oorboord gegooi is, word die see rustig en die skip weer 'n positiewe belangeruimte vir die matrose. Omdat die skip as middel dien om Jahwe se strewte te dwarsboom, is dit vir Jahwe 'n negatiewe belangeruimte en daarom gebruik Hy die storm om dit na positief te verander.
- * Die laaste toneel in die eerste helfte van die verhaal vind plaas binne die vis wat deur Jahwe beskik word om Jona in te sluk. Aangesien Jona in die maag van die vis tot Jahwe bid, verander ook hierdie ruimte van 'n blote speelruimte tot 'n belangeruimte. Anders as wat verwag kan word, is hierdie ruimte positief vir Jona. Hy het die dood verwag, maar word deur die vis van die dood gered. Die vis is vir beide Jona en Jahwe 'n positiewe belangeruimte: Vir Jahwe is die vis 'n middel om sy doel met Jona te bereik en vir Jona is dit die wyse waarop hy uit 'n watergraf gered word. Mitologies is die vis as monster uit die oseaan op 'n negatiewe wyse geïnterpreteer. Daar is geen rede waarom Jona dit nie ook op hierdie wyse sou ervaar nie. In die laaste twee tonele bewerkstellig Jahwe elke

keer 'n omkering in die belangeruimtes waarbinne Jona verkeer. Die skip wat Jona aanvanklik positief beleef, word deur Jahwe in 'n negatiewe ruimte omskep; daarenteen word die vis wat deur Jona as negatief beleef word, deur Jahwe as middel ingespan om Jona op 'n positiewe manier te beïnvloed.

- * Alhoewel dit nêrens eksplisiet gemeld word nie, speel die vierde toneel waarskynlik weer in Israel af. Dit kan afgelei word uit die feit dat Jahwe se woord 'n tweede maal tot Jona kom en dat daar dus weer 'n nuwe begin gemaak word. Dit is logies om te verwag dat hierdie nuwe begin in Jahwe se belangeruimte 'n aanvang sal neem. Die feit dat Jona Jahwe se opdrag gehoorsaam en nie meer daarvan probeer wegvlug nie, skep die indruk dat ook hy nou hierdie belangeruimte nie meer as negatief ervaar nie.
- * Die vyfde toneel vind in Nineve plaas. Van die begin af het Jona negatief teenoor hierdie ruimte gestaan en dit word nou bevestig deur sy oordeelspreuk: 'Nog veertig dae en Nineve word verwoes.' Vir die inwoners van Nineve vir wie die stad uiteraard 'n positiewe belangeruimte is, is dit 'n traumatiese aankondiging waarop hulle met vrees reageer. Net soos dit die geval met die matrose was, reageer Jahwe gunstig teenoor hulle optrede en verander Hy die ruimte weer tot 'n positiewe belangeruimte vir die inwoners. Jona reageer hierop met woede en teleurstelling, want vir hom bly Nineve, vanweë sy ideologiese perspektief, 'n negatiewe belangeruimte.
- * Dit is dan ook geen verrassing wanneer Jona Nineve verlaat om aan die Oostekant van die stad te gaan wag en waar te neem wat met die stad gaan gebeur nie. Hy beoog om vir homself 'n skulling te bou en sodoende vir homself 'n positiewe belangeruimte daar te stel. Jahwe spring hom egter voor en Hy verskaf self die skaduwee wat Jona verlang. Dit verheug Jona, want oënskynlik keur Jahwe vir die eerste maal 'n belangeruimte goed wat hy as positief ervaar. Jona se vreugde was egter kortstondig en misplaas, want na slegs een dag vernietig Jahwe die boompie en word ook hierdie belangeruimte vir Jona negatief.

Uit die bogenoemde tonele is 'n bepaalde skema oor die wisseling van belangeruimtes af te lei. Dit is merkwaardig dat alle ruimtes wat Jona self kies en daarom op 'n positiewe wyse ervaar, deur Jahwe in 'n negatiewe ervaring omskep word. Verder verander Jahwe twee maal vir die heidene hulle belangeruimtes terug van negatief na positief. Jahwe bewys ook dat Jona se belydenis oor Hom waar is, wanneer Jona Hom 'die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het' noem. Dit doen Hy deur werklik alle belangeruimtes te beheers en volgens sy wil te verander. Hierdie opmerkings kan op die volgende wyse skematies weergegee word:

A	B
1) Israel: Positief vir Jahwe Negatief vir Jona	4) Israel: Positief vir Jahwe Negatief vir Jona
2) Skip: Negatief vir Jahwe Positief vir Matrose Positief vir Jona Storm Negatief vir Matrose Negatief vir Jona Reaksie van Matrose Positief vir Jahwe Positief vir Matrose Negatief vir Jona	5) Nineve: Positief vir Jahwe Positief vir Nineviete Negatief vir Jona Oordeelspreek Negatief vir Nineviete Positief vir Jona Reaksie van Nineviete Positief vir Jahwe Positief vir Nineviete Negatief vir Jona
3) Vis: Positief vir Jahwe Negatief vir Jona Gebed Positief vir Jona Positief vir Jahwe	6) Buite die stad: Negatief vir Jahwe Positief vir Jona Boompie Positief vir Jona Negatief vir Jahwe Wurm en Oostewind Negatief vir Jona Positief vir Jahwe

Bogenoemde skema, sover dit die belangeruimtes van die Jonakarakter betref, kan as volg vereenvoudig word:

1 Israel	4 Israel
2 Skip	5 Nineve
3 Vis	6 Buite die stad

Hieruit blyk dat tonele 1 en 4 teenoor mekaar staan, omdat Israel die plek is waar Jona beide kere sy opdrag ontvang. Vanweë die onaanvaarbaarheid van die eerste

roeping, is die 'Israel' van toneel 1 'n negatiewe ruimte, terwyl die 'Israel' van toneel 4 noodwendig meer positief ervaar word wanneer Jona 'n tweede maal na Nineve gestuur word en die opdrag uitvoer. Tonele 2 en 6 korrespondeer met mekaar omdat dit die ruimtes is wat deur Jona self as positiewe ruimtes uitgesoek is, maar deur Jahwe in negatiewe ruimtes vir Jona verander is. Daarenteen is tonele 3 en 5 ruimtes wat deur Jahwe vir Jona bestem is en alhoewel dit aanvanklik vir Jona 'n negatiewe konnotasie ingehou het, is dit later deur hom op 'n positiewe manier beleef.

Uit die bespreking van ruimte blyk dit dat ruimte nie alleen 'n onontbeerlike element van die verhaal is nie, maar dat dit ook sekere gegewens bevestig wat by die ander elemente na vore kom. So korreleer die waarneming wat by die bespreking van tyd ten opsigte van Jona 4:5 gemaak is nou ook met dit wat by die bespreking van ruimte daarvoor bevind is. Omdat dit 'n nuwe speelruimte en ook 'n nuwe belangruimte aandui, kan dit nie ná Jona 3:4 ingeskuif word nie. Ook wat karakterisering betref, lewer ruimte 'n baie belangrike bydrae tot die verstaanbaarheid van karakters se handeling.

HOOFSTUK 5

Die vertelhandeling

In hierdie hoofstuk gaan dit primêr om die produksie van die narratiewe teks, met ander woorde, dit gaan om die vertelinstansie deur wie se bemiddeling die storie neerslag vind in die verteltekste. Hierdie proses kom tot stand omdat daar 'n verteller is wat vanuit 'n bepaalde perspektief die storie op 'n bepaalde manier vertel. Die ontleding van hierdie proses in die Jonaverhaal sal hoofsaaklik aan die hand van die drie aspekte van *fokalisasie*, *verteller* en *spraakweergawe* volgens die uiteensetting van Rimmon-Kenan (1983:71-116) geskied.

5.1 Fokalisasie

5.1.1 Fokalisasie en vertelhandeling

Die perspektief waardeur die storie in die teks neerslag vind, word deur Genette met die tegniese term *fokalisasie* beskryf. Genette verkies hierdie term bo ander soos byvoorbeeld 'point of view' (Genette 1980:189). Deur die gebruik van hierdie term word 'n noodsaaklike onderskeid getref tussen die persoon wat *sien* en die *vertelinstansie*. In Genette (1980:186) se woorde word die onderskeid tussen die fokalisator en die verteller soos volg gemotiveer: 'However, to my mind most of the theoretical works on this subject [which are mainly classifications] suffer from a regrettable confusion between what I call here *mood* and *voice*, a confusion between the question *who is the character whose point of view orients the narrative perspective?* and the very different question *who is the narrator?* – or, more simply, the question *who sees?* and the question *who speaks?*' Fokalisasie het nie alleen 'n subjek nie, met ander woorde iemand wat *sien* nie, maar ook 'n objek – 'n iemand of iets – *waarop gefokaliseer word*. Hoewel fokalisasie normaalweg saam met die ander elemente soos tyd en karakterisering as 'n tekstuele faktor in relasie tot die storie en die vertelproses behandel word, word dit hier slegs in relasie tot die vertelhandeling bespreek. Dit word om die volgende twee redes gedoen:

- * Eerstens, hoewel hulle van mekaar te onderskei is, sluit hulle so nou by mekaar aan dat hulle saam bespreek behoort te word.
- * Tweedens word die aspek van fokalisasie in die bespreking van die Jonaverhaal uit praktiese oorwegings saam met die vertelproses behandel.

5.1.2 Fokalisasietipes

Rimmon-Kenan (1983:74) lê twee kriteria neer waarvolgens verskillende tipes van fokalisasie onderskei kan word, naamlik:

- * Die posisie van die fokalisator in relasie tot die storie: Daarmee word bedoel dat fokalisasie òf *ekstern* òf *intern* kan geskied. Eksterne fokalisasie vind plaas wanneer die objek van buite gesien word. Interne fokalisasie daarenteen, vind plaas vanuit die vertelde wêreld wanneer daar deur een van die karakters se oë na die gebeure gekyk word. Nie alleen kan die fokalisator òf intern òf ekstern funksioneer nie, maar daar kan ook op die objek van binne en buite gefokus word.

In die Jonaverhaal word altwee hierdie tegnieke van fokalisasie gebruik. Vir die grootste gedeelte van die verhaal word eksterne fokalisasie toegepas wanneer daar deur die verteller se oë op die gebeure en karakters gefokus word. Op drie plekke, naamlik die gebede in Jona 1:14, 2:3-10 en 4:2-3, is die fokalisasie intern wanneer die karakters se siening van die gebeure weergegee word. Die belangrikheid en die onontbeerlikheid van die gebede vir die verhaal word juis deur die verandering van fokalisasie beklemtoon. Op hierdie wyse kry die leser insae in Jona en die matrose se siening op die gebeure. Dit is merkwaardig dat, waar al drie gebede 'n uiting is van intense, emosionele reaksies deur die bepaalde karakters, dit die strategie van die verteller is om die fokalisasie van ekstern na intern te verander. Daarmee word 'n effek van vervreemding bereik wat funksioneel is omdat deur hierdie sowel as die ander middele wat aangetoon is, die gebede vooropgestel word.

Wanneer die matrose voor die geweldige traumatiese beslissing staan om Jona oorboord te gooi ten einde hulleself te red, sien die leser die situasie deur hulle oë en ervaar daarmee saam die emosionele konflik wat in hulle ontstaan. In hulle gebed vra hulle enersyds dat hulle nie self sal omkom vanweë die lewe van hierdie man nie, maar andersyds dat hulle ook nie iemand onskuldig om die lewe sal bring nie. Daarna sluit hulle die gebed af deur hulle aan die Almag van Jahwe te onderwerp. Jona beleef ook dieselfde emosionele konflik wanneer hy deur die vis ingesluk is. Sy gebed weerspieël hierdie emosionele konflik wanneer hy homself tussen die twee pole van nood en verlossing bevind. Met hierdie roerende gebed, juis as gevolg van die metaforiese taal waarin dit geskryf is, ervaar die leser hoe Jona sy redding uit die see beleef en sy dankbaarheid teenoor Jahwe betuig. Hierdie gebed is dus onontbeerlik vir die verhaal, want daardeur word die geleentheid vir interne fokalisering geskep wat die leser in staat stel om Jona se innerlike reaksie op die gebeure te evalueer. Dieselfde waarnemings geld ook vir Jona se tweede gebed in Jona 4:2-3, wanneer hy op die redding van Nineve reageer. Net soos by die ander twee gebede word die geleentheid deur interne fokalisering geskep om die emosionele konflik in Jona se gemoed bloot te lê. Ook hier, soos by die ander twee gebede, word die ver-

skillende emosies gepolariseer deur woede en verwyf aan die een kant en oorgawe en onttrekking aan die ander kant te stel.

- * Die tweede kriterium vir fokalisasietipes word deur Rimmon-Kenan (1983:76) *degree of persistence* genoem. Daarmee bedoel sy dat daar twee moontlikhede is waarop fokalisasie in 'n verhaal gebruik kan word. Daar kan dwarsdeur 'n verhaal met een fokalisator volhard word of daar kan tussen hoofsaaklik twee fokalisators gewissel word. Laasgenoemde geval is op die Jonaverhaal van toepassing. Soos reeds hierbo gemeld, wissel die fokalisering tussen die eksterne en die interne fokalisators. Hoewel die leser vir die grootste gedeelte van die verhaal van die eksterne fokalisator se siening van sake afhanklik is, word die fokalisasie op drie strategiese plekke, naamlik die gebede, van ekstern na intern gewysig.

5.1.3 Fasette van fokalisasie

Fokalisasie geskied nie alleen op visuele wyse nie, maar sluit die totale waarneming met sy *perseptuele, psigologiese en ideologiese fasette* in. 'n Ondersoek na hierdie verskillende fasette van fokalisasie in die Jonaverhaal se funksie is daarin geleë dat op 'n gekontroleerde wyse gevolgtrekkings oor die produksie en inhoud van die verhaal gemaak kan word.

- * Die perseptuele komponent word deur die twee koördinate van ruimte en tyd bepaal:
 - ** Wanneer die posisie van die eksterne of interne fokalisator in terme van *ruimte* uitgedruk word, beteken dit dat oorsigtelike waarneming teenoor beperkte waarneming gestel word. Wat die posisie van die verteller-fokalisator (of anders gestel die eksterne fokalisator) betref, beskik hy oor 'n panoramiese uitsig oor al die gebeure van die verhaal wat impliseer dat hy gelyktydig kan fokaliseer op gebeure in verskillende plekke. Wanneer die fokalisasie deur 'n karakter gedoen word, is so 'n omvattende waarneming onmoontlik omdat 'n karakter se interne fokalisering slegs op 'n beperkte en gelokaliseerde wyse kan geskied. Dit is ook op die Jonaverhaal van toepassing. Deur die eksterne fokalisator se waarneming is dit moontlik om kennis te neem van sowel die matrose se handeling op die dek van die skip as Jona se gebrek aan optrede onder in die ruim van die skip. By interne fokalisasie daarenteen, is die leser gebonde deur die beperkte waarneming van 'n enkele gebeurtenis. Dit kom duidelik na vore by al drie die gevalle van interne fokalisasie, naamlik die drie gebede, waar slegs op die karakters se emosionele reaksie op 'n bepaalde gebeurtenis binne 'n beperkte ruimte gefokaliseer word. In die matrose se geval is die beperkte ruimte die skip en

in Jona se geval is dit die maag van die vis. Hoewel Jona deur metaforiese taalgebruik van sy gebed tot in Jahwe se 'heilige tempel' kom, verlaat hy in der waarheid binne die vertelde wêreld nie die ruimte van die vis se maag nie.

- ** Eksterne fokalisasie is ook, wat *tyd* betref, onbeperk, met ander woorde die eksterne fokalisator het al die tydsdimensies van 'n storie, naamlik verlede, hede en toekoms tot sy beskikking. Hierteenoor kan 'n interne fokalisator slegs op die hede of soms op sy eie verlede fokaliseer. Hierdie panchroniese fokalisering van die verteller kom ook in die Jonaverhaal na vore wanneer oor groot afstande van tyd beweeg word. Waar die matrose in hulle gebed deur interne fokalisering tot die teenwoordige tyd beperk bly, fokaliseer Jona in sy gebede ook retrospektief wanneer hy die verlede ophaal.
- * Die psigologiese faset van fokalisasie behels die denke en emosies van die fokalisator. Dit word uitgewerk in die *kognitiewe* en die *emotiewe* houding van die fokalisator:
 - ** Die kognitiewe komponent bestaan uit kennis wat beperk of onbeperk kan wees afhangende van interne of eksterne fokalisasie. Die eksterne fokalisator beskik oor 'n onbeperkte kennis van die vertelde wêreld. Die eksterne fokalisator se insig in die denke en gedagtes van die karakters kom in die Jonaverhaal na vore in 'n uitdrukking soos, 'En toe Ha-Elohim hulle werke sien dat hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade....' Hierin kom die alwetendheid van die fokalisator na vore dat hy selfs insig het in Jahwe se waarnemings. Die beperkte insig van die interne fokalisator word gedemonstreer deur die matrose se gebed tot Jahwe wanneer hulle enersyds onseker is oor Jona se onskuld en andersyds hulle eie redding wil bewerkstellig.
 - ** Die emotiewe komponent bestaan uit insig in die emosies van die karakters. Die objektiewe of neutrale wyse waardeur die eksterne fokalisator emosies van karakters in die Jonaverhaal aanskou, word deur die volgende aanhalings bevestig: 'En die matrose was baie bang;' 'En Jona was baie kwaad;' 'En Jona was baie bly.' Subjektiewe fokalisasie vind plaas wanneer een van die karakters op sy eie emosies fokaliseer. Wanneer Jona op Jahwe se vraag of hy rede het om kwaad te wees, in Jona 4:9 antwoord dat hy rede het tot die dood toe, fokaliseer hy op sy eie emosies. Die rede wat hy aanvoer, weerspieël dan ook sy subjektiewe siening.
- * Onder die ideologiese faset van fokalisasie word verstaan dat daar ook ideologies na die vertelde wêreld gekyk word. Gewoonlik is die ideologie van die verteller-fokaliseerder die gesaghebbende ideologie waaronder ander ideologieë in

die verteltekste moet inskakel. In die Jonavertelling word hierdie ideologie vanuit 'n profetiese gesigshoek gefokaliseer – dus deur eksterne fokalisasie, wat daarop neerkom dat Jahwe 'n vrymagtige God is wat optree soos hy goed dink. Jona erken hierdie vrymagtigheid van Jahwe, wanneer dit tot sy voordeel strek, maar wanneer dit tot die voordeel van ander aangewend word, is hy ontevrede. Hoewel Jona se opstand belangrik is vir die verloop van die verhaal, is sy ideologie ondergeskik aan die gesaghebbende ideologie van die eksterne fokalisator en word uit hierdie gesigshoek geëvalueer.

5.1.4 Verbale indikasies van fokalisasie

Alhoewel fokalisasie op sigself nie-verbaal is, word dit tog in die teks deur taal uitgedruk. Deur sekere tekens in die taal word die fokalisasie van 'n bepaalde fokalisator na die leser geprojekteer. Een van die belangrikste taalttekens in hierdie projeksie is *naamgewing*. Daar is reeds by karakterisering melding gemaak van die patroon wat gevolg word in die gebruik van die verskillende Godsname wat in die verhaal voorkom (Magonet 1976:33-38). Hierdie name speel egter ook by fokalisasie 'n rol, want deur die gebruik van 'n bepaalde naam, soos byvoorbeeld Jahwe in hoofstuk 4, word op 'n bepaalde eienskap wat aan die naam verbonde is, (bv barmhartigheid) gefokaliseer.


Sekere stylverskynsels kan ook as taalttekens van die fokalisator se gesigspunt dien. Dit word in die Jonavertelling deur die gebruik van die *figura etymologica* geïllustreer wanneer die fokalisator sekere emosies van die karakters wil uitlig, soos byvoorbeeld die groot woede en groot vreugde van Jona in Jona 4:1 en 4:7 onderskeidelik.

5.2 Vertelling

5.2.1 Die deelnemers aan die vertelproses

'Wanneer die vertelhandeling bekyk word, gaan dit in die eerste plek om die verskillende woordvoerders in 'n narratiewe teks wat daarvoor verantwoordelik is om die inhoud van die storie in 'n verhaal weer te gee' (Gräbe 1985b:42). 'n Onderskeiden- de kenmerk van narratiewe tekste is juis volgens Bal (1980:124) dat daar 'een instantie is die een verhaal vertel'. In die vertelproses is daar dus nie net iemand wat *sien* nie – die fokalisator –, maar ook iemand wat *vertel* wat gebeur – die verteller. Deur hierdie verteller se bemiddeling tussen die akteurs in die storie en die leser buite die teks, word die fiktiewe wêreld bekend gemaak. Die vertelling het egter ook 'n adres wat die teenpool van die verteller vorm, naamlik die toehoorder aan wie vertel word. Behalwe die verteller, die akteurs en gebeurtenisse en die toehoorder wat binne die fiktiewe wêreld van die narratiewe teks optree, is daar nog die

werklike outeur en die werklike leser buite die narratiewe teks. Die kommunikasiesituasie van die narratiewe teks kan egter verder verfyn word deur enersyds 'n implisiete outeur tussen die skrywer en die verteller en andersyds 'n implisiete leser tussen die toehoorder en die leser onderskeidelik by te voeg. Al hierdie deelnemers aan die kommunikasieproses kan deur middel van die volgende skema van Rimmon-Kenan (1983:86) voorgestel word:




Toegepas op die Jonaverhaal, word daar ook dieselfde instansies veronderstel, maar veral die verteller wat die verhaal vertel en die toehoorder aan wie die verhaal vertel word is van belang. Hierdie twee deelnemers se funksie in die vertelproses sal in die volgende paragrawe verduidelik word.

5.2.2 Die verhouding tussen vertelling en storie

- * Die eerste verhouding waarin die vertelproses tot die storie staan, is die *temporele* verhouding tot die gebeure in die storievlak. Genette (1980:217) onderskei vier moontlike temporele verhoudings waarin hierdie twee aspekte tot mekaar kan staan, naamlik die *agternávertelling*, die *vooruitvertelling*, die *gelyktydige vertelling* en die *ingevoegde vertelling*. Uit die teks is dit duidelik dat die vertelproses ná die gebeure op die storievlak plaasvind (dit kan afgelei word uit die tipiese Hebreeuse verteltrant van die waw-konsekutiewe vorme wat in die teks gebruik word). Brink (1987:37) wys daarop 'dat hierdie verlede tyd in 'n verhaal nie sonder meer 'n gewone verlede "beteken" nie, maar dat dit eerder 'n soort "fiksionele afstand" bevestig'. Benewens hierdie temporele relasie is daar ook 'n tweede moontlikheid waar die vertelling die gebeure voorafgaan. Hierdie tweede moontlikheid wat 'n soort voorspellende vertelling genoem kan word, is tipies van die profetiese genre in die Ou Testament. Deur eersgenoemde moontlikheid van die vertelling ná die gebeure bó die vertelling vóór die gebeure te verkies, sê die verteller op 'n implisiete wyse dus iets oor die genre van sy vertelling. Uit die temporele relasie van die vertelproses tot die storiegebeure kan dus ook afgelei word dat dit nie hier gaan om 'n profesie of 'n profetiese boek nie, maar hoogstens om 'n verhaal met 'n profetiese perspektief. Die enigste plek in die Jonaverhaal waar wel 'n profesie en dus 'n vooruitvertelling voorkom, is in Jona 3:4, maar ook dit word vanuit 'n agternaperspektief vertel.

- * Die tweede verhouding wat tussen die vertelproses en die storievlak bestaan, is dié van narratiewe vlakke binne 'n storie. Hierdie vlakke is hiërargies opgebou en die onderskeid tussen hulle word deur Genette (1980:228) soos volg uitgedruk: 'What separates them is less a distance than a sort of threshold represented by the narrating itself, a difference of *level*... We will define this difference in level by saying that *any event a narrative recounts is at a diegetic level immediately higher than the level at which the narrating act producing this narrative is placed.*' Die hiërargiese struktuur bestaan uit ten minste drie vlakke met die hoogste vlak wat deur Genette (1980:228) die ekstradiëgetiese vlak genoem word. Dit word gevolg deur die vlak van die gebeure self wat die diëgetiese vlak genoem word. Laastens is daar die intradiëgetiese vlak wat 'n inbedding in die diëgetiese vlak is. Laasgenoemde term word deur Rimmon-Kennan (1983:92) met die term 'hipodiëgeties' vervang. 'n Grafiese voorstelling van die verskillende vlakke sien soos volg daar uit:



Omdat die vertelproses altyd op 'n hoër narratiewe vlak plaasvind as waarop die storie vertel word, word die diëgetiese vlak van die storie deur 'n ekstradiëgetiese verteller vertel, net so die hipodiëgetiese vlak van die storie deur 'n diëgetiese verteller. Wanneer daar inbeddings in 'n verhaal plaasvind soos met 'n hipodiëgetiese verhaal, verrig hierdie inbeddings bepaalde funksies binne die narratief waarin dit ingebed is. Drie sulke funksies word onderskei, naamlik 'n *handelende funksie*, 'n *verduidelikende funksie* en 'n *tematiese funksie*. Rimmon-Kennan (1983:92) beweer: 'These functions are sometimes present separately, sometimes in combination....'

In die Jonaverhaal vind die vertelling van die storiegebeure deurgaans vanuit die ekstradiëgetiese vlak plaas. Slegs op drie plekke, naamlik die gebede (Jona 1:14; 2:3-10; 4:2-3) word daar van sekondêre sprekers gebruik gemaak. Dit laat die vraag ontstaan na wat die onderskeie funksies van hierdie gebede is waar die sekondêre sprekers aan die woord is. Hoewel die gebede nie inbed-

dings in die diëgetiese vlak is nie, is hulle funksionele gebeurtenisse op die storievlak wat soortgelyke funksies verrig as wat by inbeddings moontlik is.

Die gebed van die matrose het 'n handelende funksie in dié sin dat dit die gebeure van die eerste narratief laat voortgaan as gevolg van die teenwoordigheid daarvan. Ná hierdie gebed gaan die gebeure inderdaad voort wanneer die matrose vir Jona oorboord gooi en die see as gevolg daarvan kalm word. Saam met die handelende funksie, het hierdie gebed ook 'n verduidelikende funksie wanneer dit 'n antwoord verskaf op die vraag wat tot hierdie toestand van gebeure aanleiding gegee het.

Jona se eerste gebed in Jona 2:3-10 het ook 'n handelende funksie wanneer Jahwe ná Jona se gebed die vis opdrag gee om hom op land uit te spoeg. Hierdie gebed het dus tot gevolg dat die handeling van die primêre verhaal kan voortgaan. Anders as die matrose se gebed, verskaf dit geen rede waarom die gebeure tot hiertoe so verloop het nie. Dit het ook 'n tematiese funksie, omdat dit 'n analoë verloop van gebeure in vergelyking met die matrose se gebed tot gevolg het. In beide gevalle verskaf Jahwe redding uit die nood ná die gebede. Jona se tweede gebed in Jona 4:2-3 het, benewens die handelende funksie om die gebeure te laat voortgaan, ook 'n tematiese funksie. Hierdie gebed vorm egter 'n baie sterk kontras met beide die ander gebede. Die kontras met sy eerste gebed is daarin geleë dat waar hy aanvanklik Jahwe dank vir sy gespaarde lewe, vra Jona in die tweede gebed om te sterf. Die kontras met die matrose se gebed lê daarin dat beide van Π -gebede gebruik maak, maar op verskillende maniere. Die matrose se gebed is in ooreenstemming met die gebruik van hierdie soort gebed in die res van die Ou Testament. Jona daarenteen, klee hierdie gebed op 'n heel nuwe en ironiese wyse in. Daarmee word nie alleen 'n kontras met die ander gebede gevorm nie, maar ook met die narratief in sy geheel. Die oorgange na hierdie gebede met hulle monologiese taalsituasie word al drie deur tipiese inleidingsformules gemerk.

5.2.3 'n Tipologie van vertellers

Genette (1980:248) onderskei tussen die volgende tipes vertellers wat deur Gräbe (1986a:76) soos volg weergegee word:

- * *ekstradiëgeties-heterodiëgeties*: 'n Verteller op die eerste narratiewe vlak vertel 'n storie waarby hy afwesig is (die tradisionele oukatoriële verteller);
- * *ekstradiëgeties-homodiëgeties*: 'n Karakter op die eerste vlak vertel sy eie storie (die tradisionele eerstepersoonsverhaal waar die vertellende ek op 'n ander vlak as die belewende ek is, ten spyte van die feit dat hy sy eie storie vertel);

- * *intradiëgeties-heterodiëgeties*: 'n Karakter op die tweede vlak, dus deel van die hoofgebeure of diëgesis, vertel ingebedde metadiëgetiese verhale waaraan hy nie self deel het nie;
- * *intradiëgeties-homodiëgeties*: 'n Karakter op die tweede (d w s die diëgetiese) vlak vertel sy eie storie (gewoonlik die gewone personale verhaal waar die illusie geskep word dat die leser direkte toegang het tot die bewussyn van die hoofkarakter).

Na aanleiding van hierdie model wys Rimmon-Kenan (1983:94) op die volgende vier kriteria wat vir die tipering van die vertellers gebruik kan word: 'The narrative level to which the narrator belongs, the extent of his participation in the story, the degree of perceptibility of his role, and finally his reliability are crucial factors in the reader's understanding of and attitude to the story.'

- * Die eerste kriterium vir 'n bepaalde tipe verteller berus op die *narratiewe vlak* waartoe hy behoort. Die vertelhandeling geskied altyd op 'n hoër vlak as die storie wat vertel word; daarom word 'n verteller bokant die storievlak, dit wil sê buite die fiktiewe wêreld 'n ekstradiëgetiese verteller genoem, terwyl 'n karakter wat binne die diëgetiese vlak die vertelling waarneem, 'n intradiëgetiese verteller genoem word. Daar kan ook derdevlakvertellers wees wat dan hipodiëgetiese vertellers genoem kan word.

In die Jonaverhaal word die vertelproses tot eersgenoemde tipe, naamlik die ekstradiëgetiese verteller beperk. In die drie gebede maak die ekstradiëgetiese verteller wel van sekondêre sprekers gebruik wanneer karakters soos die matrose en Jona aan die woord gestel word, maar hy bly die primêre verteller.

- * Die mate waarin 'n verteller in 'n storie *betrokke* is, is die tweede kriterium waardeur vertellers getipeer word. 'n Verteller wat nie self in die storie betrokke raak nie, word 'n heterodiëgetiese verteller genoem, terwyl een wat aan die storiegebeure deelneem, 'n homodiëgetiese verteller genoem word. Wanneer 'n verteller dus vanuit die hoogste vlak 'n storie vertel sonder om daarby betrokke te raak, word hy 'n ekstradiëgetiese-heterodiëgetiese verteller genoem. Dit is die sogenaamde alwetende, of 'omniscient narrator' (Sternberg 1985:84-87). Die kenmerk van hierdie verteller berus op sy insig in die karakters se gedagtes en emosies, sy kennis van die verlede, hede en toekoms en sy teenwoordigheid op plekke waar karakters veronderstel is om alleen te wees (Rimmon-Kenan 1983:95). In die Jonaverhaal is dit hierdie verteller wat voortdurend aan die woord is. By drie geleenthede (die drie gebede) is daar 'n oorgang na interne fokalisasie en direkte spraak, maar die verteller bly dieselfde.

- * 'n Derde kriterium vir die tipering van 'n bepaalde verteller is die *graad van waarneembaarheid*, met ander woorde of sy teenwoordigheid in die vertelproses bedek of openlik is. Alhoewel dit soms mag lyk of 'n verteller totaal afwesig in 'n vertelling is, is daar tog bepaalde tekens wat sy teenwoordigheid verraa. Rimmon-Kenan (1983:96-100) wys op die lys van tekens wat deur Chatman opgestel is wat hierdie teenwoordigheid van die verteller verraa.

Vier van hierdie tekens openbaar die verteller se teenwoordigheid in die Jonaverhaal. Die eerste teken van sy teenwoordigheid is geleë in die beskrywing van 'n bepaalde omgewing soos byvoorbeeld die storm ter see en die grootte van Nineve. Tweedens word sy teenwoordigheid afgelei uit die identifisering van die Jonakarakter. 'n Derde teken van sy teenwoordigheid kan teruggevind word in die opsomming van die tyd, soos byvoorbeeld 'Jona was drie dae en drie nagte in die maag van die vis'. Laastens word sy teenwoordigheid ook afgelei uit die feit dat hy in staat is om Jona intern te fokaliseer.

- * 'n Laaste kriterium vir die tipering van 'n verteller lê in sy *geloofbaarheid*. Rimmon-Kenan (1983:100) beskryf hierdie saak soos volg: 'A reliable narrator is one whose rendering of the story and commentary on it the reader is supposed to take as an authoritative account of the fictional truth.' Die verteller in die Jonaverhaal blyk 'n betroubare verteller te wees, veral wanneer Rimmon-Kenan (1983:103) se volgende stelling in ag geneem word: 'A covert extradiegetic narrator, especially when he is also heterodiegetic, is likely to be reliable.' Aan hierdie vereistes voldoen die verteller van die Jonaverhaal in 'n baie groot mate. Teenoor 'n geloofbare verteller kan daar ook 'n ongeloofwaardige verteller wees, soos Rimmon-Kenan (1983:100) dit definieer: 'An unreliable narrator, on the other hand, is one whose rendering of the story and/or commentary on it the reader has reasons to suspect.' Tekens van hierdie ongeloofwaardigheid is die verteller se *beperkte kennis*, sy *persoonlike betrokkenheid* en sy *waardesisteem*. Getoets aan hierdie norme, blyk die verteller van die Jonaverhaal 'n geloofwaardige verteller te wees, want deur van 'n sekondêre spreker soos Jona in albei sy gebede gebruik te maak, laat hy die ware en menslike aard van hierdie persoonasie na vore kom. Sels deur Jona se waardesisteem, hoewel dit met sy eie bots, na vore te laat kom, gee hy 'n betroubare openbaring van Jona se karakter. Jona se waardesisteem maak voorsiening vir dankbaarheid wanneer hy self uit die nood verlos word, maar vir woede wanneer verlossing uit die nood ander mense te beurt val. Al gee hy in sy tweede gebed met sy belydenis (Jona 4:2) voor dat hy baie kennis oor die aard van Jahwe besit, blyk sy kennis juis oor hierdie onderwerp besonder beperk te wees. Dit blyk uit die verloop van die res van die verhaal waar Jahwe sy vrymag aan Jona moes demonstreer. Deur

die vertelproses word die morele waardes van Jona ook bevestigteken omdat dit nie ooreenstem met dié van die verteller nie. Deur die betroubaarheid van die ekstradiëgetiese-heterodiëgetiese verteller te kontrasteer met die ongeloofwaardigheid van 'n sekondêre spreker soos Jona, kies die leser outomaties vir die waardesisteem van eersgenoemde en daarmee ook vir die waardesisteem van die implisiete outeur. Met 'implisiete outeur' word die beherende instansie bo die verteller aangedui in wie al die norme van die narratiewe teks beliggaam word (Gräbe 1985b:44). Volgens Brink (1987:148) word in enige verhaal 'waar ironie 'n rol speel, die ironie juis – en alleen – geaktiveer danksy die leser se onderskeiding tussen 'n verteller en 'n implisiete outeur, wie se narratiewe "wêreldbeelde" net-net nie op mekaar pas nie'. Hierdie waarneming kan met 'n aanpassing op die Jonaverhaal toegepas word wanneer Jona (as sekondêre spreker) se wêreldbeeld soos dit in sy optrede en veral in sy tweede gebed na vore kom, nie ooreenstem met die wêreldbeeld van die implisiete outeur nie.

5.2.4 Die toehoorder

Die toehoorder as teenpool van die verteller binne die vertelde wêreld, behoort volledigheidshalwe op dieselfde wyse getipeer te word. Net soos met die verteller kan die toehoorder ook onderskei word in 'n ekstradiëgetiese en 'n intradiëgetiese toehoorder. Binne die Jonaverhaal sluit laasgenoemde toehoorders soos Jona, die matrose, die Nineviete en ook Jahwe self in.

5.3 Die weergawe van spraak

Aangesien die karakters van 'n verhaal se gedagtes, woorde en dade deur bemiddeling van 'n vertelinstansie aan die leser gerapporteer word, is dit ook belangrik om te let *hoe* dit gebeur. In die Jonaverhaal wissel hierdie weergawes tussen die direkte rede wanneer karakters se woorde *verbatim* weergegee word, soos in die verskillende dialoë en in die drie monoloë asook die indirekte rede waar die verteller dit slegs indirek rapporteer.

HOOFSTUK 6

Die boodskap van die boek

6.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel oor die konklusies waartoe die voorafgaande ondersoek gelei het. Die eerste konklusie berus op die insig dat die boek 'n kortverhaal is wat as 'n eenheid gelees en geïnterpreteer moet word. Die tweede konklusie wat hierop voortbou, behels bepaalde insigte ten opsigte van die boodskap waartoe gekom word indien die boek as 'n verhaal gelees en ontleed word.

6.2 Die genre van die boek

Nadat die teks volgens bepaalde strategieë en aan die hand van verskillende kontemporêre teorieë ontleed is, is die gevolgtrekking dat dit aan al die kriteria van 'n verhalende teks voldoen. Dit is egter nie voldoende om die boek as 'n verhaal te tipeer nie, want dit is 'n te breë kategorie wat verskeie genres, soos 'n roman, 'n novelle of 'n kortverhaal kan insluit. Daarom is dit noodsaaklik om tot 'n fyner onderskeiding van die genre te kom. Bloot op die lengte van die verhaal geoordeel, word die moontlikheid van 'n roman uitgesluit. Hoewel dit as hipotese van hierdie studie gestel is dat hierdie verhaal onder die genre van die kortverhaal ressorteer, is dit reeds in die verlede as 'n novelle deur Wolff (1977:60) en Loader (1987:123) geklassifiseer. Dit is dus noodsaaklik om spesifieke kriteria aan te lê waarvolgens die hipotese dat Jona 'n kortverhaal is, gesubstansieer kan word. Humphreys (1985:82-84) het in sy bespreking van die novelle in die Ou-Testamentiese literatuur sekere riglyne neergelê vir die vergelyking en onderskeiding van hierdie twee genres. Hierdie riglyne bestaan uit punte van ooreenkoms, maar ook uit punte waar hulle van mekaar verskil. Punte van ooreenkoms behels die volgende:

- * Sowel die kortverhaal as die novelle is fiktief in dié sin dat dit 'n verhaal wil vertel en nie primêr 'n historiese gebeurtenis wil beskryf nie. Dit impliseer egter nie dat gebeure en personasies uit 'n historiese konteks wel as materiaal vir die verhaal gebruik kan word nie.
- * Beide die kortverhaal en die novelle word rondom 'n intrige gekonstrueer wat op 'n spanningslyn met gepaardgaande komplikasies tot by 'n ontknoping voer.
- * Albei is hoofsaaklik prosa alhoewel poëtiese gedeeltes daarin kan voorkom.
- * Beide is die gevolg van bewustelike skeppende werk van normaalweg 'n enkele outeur. Hoewel hulle van motiewe, temas en karakters uit die wêreld van die volksverhaal gebruik kan maak, is hulle nie volksskeppings nie, maar die produkte van 'n enkele skeppende kunstenaar.

- * Al twee hierdie genres moet as literêre werke voldoen aan die dubbele toets van estetiese sukses en 'n geloofwaardige weergawe van die werklikheid.

Naas hierdie punte van ooreenkoms is daar egter kenmerke wat hierdie twee van mekaar onderskei. Uiteraard val die klem op hierdie onderskeidende kenmerke, aangesien dit die doel van hierdie studie is om tot 'n presiese tipering van die verhaal te kom. Die volgende verskille waardeur 'n kortverhaal en 'n novelle van mekaar onderskei kan word, word deur Humphreys (1985:84) gegee:

- * Die mees opvallende verskil is natuurlik *lengte*: 'n Kortverhaal is gewoonlik so kort dat dit binne 'n enkele kort sitting deurgelees kan word. Nouvelles daarenteen is heelwat langer en beslaan gewoonlik 'n hele aantal bladsye.
- * Die *aantal karakters en gebeurtenisse* wat in 'n kortverhaal beskryf word, is beperk. In 'n novelle, daarenteen, kom baie meer karakters voor en vorm die gebeure ingewikkelde reekse.
- * In samehang met bogenoemde twee verskille is die essensiële onderskeid tussen 'n kortverhaal en 'n novelle daarin geleë dat in eersgenoemde die aard van 'n karakter of situasie *openbaar* word, terwyl in 'n novelle karakters en situasie meestal *ontwikkeling* ondergaan.

Getoets aan hierdie kenmerke is die boek Jona beslis 'n kortverhaal. In die eerste plek word sy lengte eerder in terme van verse as bladsye gemeet, trouens dit bestaan uit slegs 48 verse. Tweedens is beide die aantal karakters en gebeurtenisse wat in die Jonaverhaal voorkom, beperk. Soos uit die karakterisering in hoofstuk 4 geblyk het, vind die gebeure in die verhaal hoofsaaklik as gevolg van Jahwe se bemiddeling met Jona plaas. Hoewel daar ander (sekondêre) karakters in die verhaal voorkom, word hulle nie met eiename benoem nie, maar slegs met spesifieke omskrywings soos die matrose of die koning van Nineve. Net so is die gebeurtenisse in die verhaal (vgl hfst 4) tot twee hoofreekse met 'n aantal verslegtungs- en verbeteringsprosesse beperk. Ook hierdie kriterium bevestig dus dat die boek Jona 'n kortverhaal is. Laastens is dit uit die vorige twee hoofstukke ook duidelik dat die Jonakarakter deur die implementering van verskillende narratiewe konvensies eerder blootgelê word as dat sy karakter enige ontwikkeling ondergaan. Hoewel die Jona in Jona 4:11 'n ander Jona is as die een wat aanvanklik in 1:1 aan die leser voorgestel is, word hierdie verandering deur 'n proses van openbaring blootgelê en is daar geen sprake van ontwikkeling nie. Jona word dus voorgestel as 'n profeet wat beter behoort te weet en nogtans nie die vrymag van Jahwe wil erken nie. Stelselmatig, deur die gebruik van verskillende kunsgrepe soos herhaling, vergelyking en kontras, gebede en wondervertellings, word Jona se karakter aan die leser openbaar.

Wanneer die verskillende punte waarin die kortverhaal met die novelle ooreensstem, ook op die Jonaverhaal toegepas word, word dit duidelik dat die Jonateks nie geskiedskrywing of 'n profetiese geskrif kan wees nie. Hoewel die Jonafiguur volgens 2 Koning 14:25 'n historiese persoonlikheid was en Nineve ook 'n bekende stad in die antieke tyd was, word dit binne die Jonaverhaal aangewend as narratiewe materiaal vir 'n fiktiewe verhaal. Hierdie verhaal het wel 'n didaktiese doel en dit is om 'n bepaalde boodskap tuis te bring, maar dit geskied deur die aanwending van bepaalde narratiewe tegnieke. Verder is hierdie verhaal rondom 'n intrige gebou wat ontstaan as gevolg van 'n profeet se onwilligheid om Jahwe se opdrag uit te voer.

Hierdie verhaal is hoofsaaklik in prosa geskryf, maar daar kom ook enkele poëtiese gedeeltes voor wat funksioneel binne die verhaal is. Die funksie van hierdie poëtiese gedeeltes is daarin geleë dat dit vooropstelling bewerkstellig, met ander woorde die emosionele reaksies van die karakter op die gebeure in die verhaal word daarmee op die voorgrond gestel.

Hoewel hierdie verhaal van motiewe en temas uit volksvertellings soos die wonderverhale gebruik maak, is dit in sy finale gestalte die produk van bewustelik skepende werk deur 'n enkele outeur. Hierdie outeur slaag uitnemend daarin om die verskillende boustene wat hy in sy verhaal gebruik, tot 'n eenheid te integreer. Hierdeur voldoen die verhaal aan die estetiese vereistes wat daaraan gestel is.

Oënskynlik voldoen dit nie aan die tweede toets wat Humphreys vir dié genre gestel het nie, naamlik om 'n geloofwaardige weergawe van die werklikheid te skep. Die gebruik van wonderverhale was die oorsaak daarvan dat die geloofwaardigheid van hierdie verhaal deur die moderne kritiese wetenskap in twyfel getrek is. Daar moet egter onthou word dat sulke wonderwerke deel vorm van die konvensies van sekere verhale. Net soos sekere buitengewone gebeurtenisse in 'n sprokie nie bevestigte word nie, maar as deel van die konvensie aanvaar word, moet die wonderverhale as deel van die ideologiese raamwerk van die Jonaverhaal aanvaar word. Vir die implisiete leser is hierdie wonderwerke deur Jahwe nie ongeloofwaardig nie – daarom kan hierdie verhaal inderdaad as 'n geloofwaardige weergawe van die verhaalwerklikheid aanvaar word.

Die boek Jona voldoen dus aan al die vereistes wat vir 'n verhaal, maar meer spesifiek vir 'n kortverhaal gestel word.

6.3 Die boodskap van die boek

Noudat die verskillende konvensies binne die verhaal geïdentifiseer en beskryf is asook hulle onderlinge relasies bepaal is, is dit noodsaaklik om na hulle kommunikatiewe waarde te vra, met ander woorde watter betekenis hulle wil oordra. Só gesien,

is die boodskap van 'n literêre werk en dus ook die Jonaverhaal afhanklik van die impak wat die verhaal as geheel (in sy huidige vorm) op die leser het. Dit is die volgtrekking van hierdie studie dat, aangesien die boek Jona as 'n kortverhaal gelees behoort te word, dit daarom slegs een sentrale boodskap het. Dié boodskap is myns insiens reeds deur Van Zyl (1967:104) raakgesien en in die volgende woorde saamgevat: 'The idea stressed throughout the book of Jonah is the concept of Yahweh doing as it pleases Him. Therefore it may be surmised that the final words of the prayer uttered by the mariners before they did the "inhumane" deed of throwing a fellow traveller over board in the midst of a fierce storm at sea, contain the theme of the preaching of the Book of Jonah.' In die voorafgaande ondersoek het dit telkens en uit verskillende hoeke geblyk dat die vrymag van Jahwe inderdaad die sentrale tema van die verhaal vorm.

Hierdie siening word onder andere deur karakterisering bevestig wanneer die subjek (Jahwe) na 'n bepaalde objek – om as die vrymagtige God erken te word – streef. Hierdie strewe van Jahwe is die enigste moontlike tema wat breed genoeg is om as verklaringsgrond vir die verhaal as geheel te geld. Dit het die verdere voordeel dat ander verklarings as newetemas daarin opgeneem kan word. So is dit moontlik om die drie belangrikste verklaringsmoontlikhede wat in hoofstuk 1 genoem is, naamlik dié van Van der Woude, Clements en Fohrer, hier te inkorporeer. Hoewel hulle elemente van waarheid bevat, maar in der waarheid nie in hulle eie reg as individuele verklarings oortuigend was nie, is hulle tog funksioneel en wel in dié sin dat hulle sekere belangrike aspekte van die sentrale tema belig.

Die beskouing van Fohrer en Weiser dat die tema van die boek vervat is in die deurbreking van die enge Joodse partikularisme met 'n universalistiese siening dat God se genade ook vir die heidene geld, maak nie voorsiening vir die verloop van die verhaal na Jona 3:10 nie. Hoofstuk 4 in sy geheel word dus nie deur hierdie tema gedek nie, want nadat die heidene tot bekering gekom het en God hulle begenadig het, is die doel van die boek met die verhaal bereik.

Clements se benadering dat die tema van die verhaal oor die verhouding van God met die mens handel, is daarenteen weer só wyd dat dit op meer as een verhaal van toepassing kan wees. Die Jonaverhaal is immers slegs één van verskeie verhale wat deur hierdie tema gedek word. Daar is met ander woorde geen spesifieke rede waarom juis die Jonaverhaal gebruik is om die boodskap van hierdie tema tuis te bring nie.

Van der Woude wil twee betekenisaspekte van die boek binne die raamwerk van één tema opneem. Deur die tema, 'de relatie tussen God en zijn profeet' wil hy enersyds erkenning gee aan die soewereiniteit van God en andersyds maak hy voorsiening daarvoor dat dit onmoontlik is vir 'n profeet om sy plig te ontduik. Hierdie

tema dek wel die hele boek, maar lê swaarder klem op die profeetskap as waarvoor die verhaal voorsiening maak, aangesien die implikasies van profeetskap nêrens direk aangespreek word nie.

Al drie bogenoemde beskouings bevat elemente van die waarheid, wat binne die sentrale tema van die vrymag van God verdiskonteer moet word. Dit kan inderdaad gedoen word indien die sentrale tema op drie vlakke toegepas word. Op die eerste vlak moet die vrymag van God op die nasionale of volkswak erken word, met ander woorde God se heil strek verder as Israel en daarom kan Hy 'n (nasionalistiese) profeet soos Jona na die vyande van Israel (die mense van Nineve) stuur. Hierdie newetema word gesteun deur die kontras wat voortdurend tussen die Israeliet en die heidene geskep word. Dié kontras kom na vore wanneer die ongehoorsaamheid en die hardvotigheid van Jona met die gehoorsaamheid en medemenslikheid van die heidene vergelyk word. Al hierdie elemente dra daartoe by dat daar in die verhaal geprotesteer word teen die siening om Jahwe se heil slegs tot Israel te beperk. As vrymagtige God kan Hy ook andere buite Israel begenadig.

Op die tweede vlak word Jahwe se vrymag daarin gemanifesteer dat Hy in beheer bly van sy woord en dat sy profeet nie die beskikker van hierdie woord word nie. Uit Jona 4:2 blyk dit dat Jona vir Jahwe geken het en daarom bang was dat die oordeelwoord wat hy tot Nineve moes spreek, nie sou uitkom nie. Jona moes egter leer dat Jahwe in sy vrymag nie daartoe gebind is om die woord wat sy profeet gepreek het, uit te voer nie. Hy bly self in beheer van sy woord en as mense met berou daarop reageer, is Hy vrymagtig om hulle te begenadig.

Op die derde vlak word Jahwe se vrymag ook in sy verhouding tot die mens gerealiseer. Daarom is Hy geduldig, nie net met die heidene nie, maar veral met Jona en gaan Hy tot uiterstes om die mens, Jona, tot erkenning van sy vrymag te bring. Trouens, die boek sluit af met Jahwe se woorde aan Jona wat vir Jona juis tot die erkenning van Jahwe se vrymag wil voer.

Omdat die boek afsluit met 'n dialoog waarin Jahwe vir die eerste keer direk in die vertelde wêreld van die verhaal betrokke is, verleen dit besondere gewig aan die standpunt dat die tema van die boek oor die vrymag van Jahwe handel. Hoewel Jona nie op hierdie woorde van Jahwe antwoord nie en die dialoog nie in die ware sin van die woord 'n dialoog is nie, is die implikasie daarvan dat Jona slegs een antwoord kan gee en dit is om Jahwe gelyk te gee. Die verhaal het dus 'n oop einde wat verskillende interpretasies van Jona se stilswye moontlik maak. Uit die konvergensie van die argumente wat in die loop van hierdie studie aan die orde gestel is, is myns insiens slegs een antwoord moontlik, naamlik dat Jona en ná hom, ook elke leser wat hierdie verhaal lees, moet antwoord: 'U is Jahwe en U doen soos wat U goed dink.'

Outeursregister

Ackroyd, P R 3
Allen, L C 17, 22, 23, 25, 35, 65
Alter, R 56, 57, 59, 63, 85
Bal, M 53, 76, 88, 99
Barkhuizen, J H 73, 74, 76, 77, 78, 84
Bewer, J A 3
Blok 90
Böhme, W 1
Bremond 48, 76
Brink, A P 5, 46, 53, 68, 73, 74, 75, 80, 89, 100, 105
Budde 3
Burrows, M 1, 2, 3
Chatman 53
Christensen, D L 20
Clements, R E 4, 109
Coats 81
Cohn 3
Collins, T 22, 28
De Beus 73
De Wette 1
Deden, D 35
Deist, F E 25, 32, 49, 86
Dolozel, L 7, 68, 69, 72, 73
Egri, L 71, 72, 73, 81, 82, 86
Eissfeldt 2
Fohrer, G 4, 109
Genette, G 7, 46, 47, 50, 51, 52, 53, 56, 65, 69, 73, 88, 95, 100, 101, 102
Good 3
Gräbe, I 21, 39, 46, 47, 48, 50, 52, 53, 69, 71, 78, 84, 99, 102, 105
Greimas 69, 73
Haller 3
Hamon 73, 75
Humphreys, W L 106, 107, 108
Jakobson, R 6, 23
Jepsen, A 3
Kaiser, O 2, 3

Kautzsch 37
Knobel 1
Lawrence, P J N 2
Licht, J 54, 56, 57, 58, 66
Loader, J A 15, 106
Lohfink, N 50, 51, 55, 64
Loretz, O 1, 3
Luther 1
Magonet, J D 2, 18, 57, 59, 62, 67, 87, 99
Marti, K 2
Miles, J A 3
Nachtigall 1
Nel, P J 81
Nida 59
Revell, E J 22, 23, 28
Rimmon-Kenan, S 46, 53, 54, 56, 68, 69, 95, 97, 100, 101, 103, 104
Robinson, B P 37
Rudolph, W 3, 20, 24, 25, 32, 35
Schmidt, H 1, 2
Smart, J D 3
Smith 30
Sternberg, M 56, 57, 59, 60, 75, 86, 88, 103
Trible 3
Vaccari 2
Van der Lugt 21, 22, 24, 25
Vandermoere, H 90
Van der Woude, A S 4, 17, 20, 23, 25, 35, 49, 51, 65, 75, 109
Van Eck, E 89, 90
Vanoni, G 15
Van Zyl, A H 109
Venter, P M 84, 86
Von Rad, G 1, 2
Vorster 32
Walsh, J T 20, 22, 25, 26, 30
Watson, W G E 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 35, 38, 39
Weimar, P 22
Weiser, A 3, 4, 109
Wellhausen 3

Wendland 59
Westermann 32, 33, 34, 35, 40, 43, 44
Winckler 51
Witzenrath, H 15
Wolff, H W 3, 17, 20, 23, 25, 32, 35, 65, 106
Young 2

Sakeregister

- aanroepingsformules 37-38
- ABA' tristige 26, 29-31
- ABB' tristige 23, 26, 30
- ABBA-chiasme 27
- adres 33, 40, 44
- agens, karakter as 77
- agternaperspektief 100
- agternávertelling 100
- akkumulاسie en akkumuleer 74, 80, 81, 88
- aktualisering: kyk gebeurtenis
- allegorie, Jona as 3
- alliterاسie 38
- anachronie 50
- anacrucis 37, 43
- analepsis 52
- analepsisse 51
- antagonis 71-73, 76, 79, 82-84, 85, 87
- antoniem 61, 67
- asimmetrie 53
- asverhoudings 57, 59
- begunstigde: kyk ontvanger
- begunstiger: kyk sender
- bely 39
- belydenis 35, 37-41, 44, 51, 104
- betekenis van die boek 3-4, 52
- betekenistoekenning 7-8
- boodskap 1-5, 7-9, 18, 42, 48, 52, 64-66, 106, 108-109
- bronne van die Psalms in Jona 18
- bronne van die verhaal 1-2
- chronologiese orde 49-51, 58
- chronologiese opeenvolging van handelinge 47, 48
- close reading 9
- danklied 32, 34, 35
- deklaratiewe loflied 34
- dekodering 7, 9
- delesie 21, 38, 39

dialoog 54-56, 73, 75, 85-86, 90-91, 110
 didaktiese doel 108
 diëgeties 101
 diëgetiese vlak 101, 102, 103
 dieptestruktuur 6, 8, 25, 28, 46, 50
 distige 22, 26-29, 37-38
 doelstellings 5
 doodswens 39, 61
 duur van gebeurtenisse 52
 eiename, reëlmatige verspreiding van 72; funksie 79
 ekstra patroonvorming 21, 23, 27, 39
 ekstradiëgeties 101, 102, 103, 105
 ekstradiëgetiese vlak 101
 ekwivalensie 23, 58, 60-61, 63
 ekwivalensieverhoudinge 7
 ellips 53
 ellipsis 35
 Elohim en Jahwe, gebruik van Godsdname 62-63, 87, 99
 enjambement 25
 esteties-retoriese vlak van die verhaal 57
 figura etymologica 86, 99
 fiktiewe ruimte 90
 fokalisasie 95-99, 103
 fokalisasietipes 95, 97
 fokalisator 95-99
 folkloristiese elemente 2
 formele middele 29
 frekwensie 47, 56, 58, 80
 fundamentalistiese Skrifbeskouing 2
 funksie as eenheid van 'n storie 48
 funksie van poëtiese dele 108
 funksies, handelende, verduidelikende en tematiese 101-102
 Gattung 14, 32, 35, 77
 gebede in die verhaal 16, 20, 35, 39-42, 43, 45, 96-98, 102-104
 gebeure 47, 50-96, 97, 100-102
 gebeurereeks 55, 57, 61, 62, 68
 gebeurtenis 48, 51
 geloofbaarheid 104

gelykenis, Jona as 3; barmhartige Samaritaan 47, 52, 71
genade 4-5
genre 3, 5, 6, 62, 64, 90, 100, 106-108
geskiedskrywing 2
growing phrase 57, 67
handelende funksie 102
handelinge, karakterisering van God deur 86
heidensending 4
heilsorakel 34
helper 69-71
hendiadis 30-31
herhaling: kyk repetisie
herklassifisering 35
herrangskikking 50
heterodiëgeties 102, 103
hiperbool 85
hipodiëgeties 101
hipotese 3, 5, 6
hipotesestelling 5
histoire 46
historisiteit van die verhaal 5
homodiëgeties 102
homofoon 44
houdings van die akteurs teenoor Jahwe 52
humor 5, 88
ideologiese faset van fokalisasie 97-98
ideologiese raamwerk van Jona 108
implisiete outeur 100, 105
inclusio 15, 29, 38-40
indirekte petisie 34, 40-41, 44
individualiserende en intensionele funksie 68
individuele danklied 32, 34
individuele klaaglied 32, 34, 41, 43
informasie, eksplisiete en implisiete 74-76, 78
informasieordrag 79
inleidingsformule 2, 14, 20, 32, 37, 43
intensionaliteit 44
intensionele narratiewe wêreld 72

internal homodiegetic analepses 52
intradiegeties 101, 103
intratekstuele relasies 18
intrige 66, 106, 108
invokasie 43
ironie 5, 39, 42, 68, 105
ironies 39-40, 68, 70, 86, 102
karakterbeeldingstegniek 84, 86
karakterisering 50, 52, 55, 59, 66-68, 73-74, 86, 94, 107, 109
karakteriseringsmodel 73
karakteropenbaring 80
karakters 15, 47, 68, 96-99, 103, 106-107
karakterteks 73, 75, 76, 78, 80
karaktertrekke van Jona 79-80
katalisator 86, 88
klaaglied 32-35, 40, 44
klaagpsalm 40
klag 33, 40-41, 44
klankpatrone 29, 35
klassifikasie van die boek Jona 2-3
Kleinprofete 2, 6
kommunikasie-model 6
kommunikasiesituasie 100
kommunikatiewe funksie 7, 39, 108
kommunikatiewe middele 18, 29, 38, 43
kommunikatiewe middele, funksie van 21
komposisie 1
konklusie 106
konsentriese opbou 64
kontras 50
kontrastering 51
kontrasverhouding 44
konvensies 21, 45
kortverhaal 5, 106-109
kriteria, inhoudelike en formele 14
lesstrategie 8
Lehrdichtung, Jona as 3
Leitwort 57, 59-60, 66

- lengte as genrekriterium 106-107
- leser, werklike en implisiete 100, 107, 108, 110
- line-forms 22, 35, 37
- lineêre aanbieding van 'n vertelteks 50
- literariteit 6
- literarkritici 1
- literatuursoort 1-2, 3, 6
- literêre kwaliteit 2
- lofprijsing 34, 40, 44
- logiese en chronologiese opeenvolging 47
- logiese volgorde 58
- logika van die narratiewe moontlikheid 48
- makrosemantiek 68
- makrostruktuur 58, 68
- Masoretiese versindeling 17, 20
- metafoor 27, 31
- metaforiese konstruksie 21, 24, 28
- metonimie 43
- Midrash, Jona as 3
- mikrovlak van die teks 59
- mimetiese vlak van die verhaal 57
- missionêre karakter: kyk heidensending
- mitologiese elemente 3
- model, aktansiële 69, 71, 73
- monologiese taalsituasie 20
- monoloog 72, 78, 84-85
- monostige 21, 22, 28, 29, 39
- moontlikheid 48-49
- motief 60, 63-65
- motif 57
- naamgewing 79, 87, 99
- nachholende Erzählung 49, 51
- narratiewe struktuur 17, 36, 45
- narratiewe teks 46, 47, 50, 51, 53, 54, 80, 95, 99-100, 105
- narratiewe vlakke 101-103
- narration 46, 85
- narrative semantics 7
- narrative, singulative 56

narratologiese funksie 5
narratologiese kriteria 6
newetema 4
nie-aktualisering 49
nood en verlossing 35, 61, 78
novelle, Jona as 3, 106-108
oksimoron 31
omvattende benadering 5
ongeloofwaardigheid van Jona 108
ongrammatikaliteit 39
onhistoriese verwysings 2
onsamehangende dele 1
ontvanger 69-71
ontwikkeling 23, 48, 107
oorspronklike verhaal 1-2
openbaring teenoor ontwikkeling 107
oppervlakstruktuur 6, 7, 9, 28, 46, 50
outeur, werklike 100
paradoks 1
parafrase 47
parallelisme 21, 26, 29-30
parallelismes 28, 35
parallelismus membrorum 30
paralleliteit, semantiese 23, 27
parodie, Jona as 3
partikularisme 4, 109
patiens, karakter as 77
pausal forms 22
pentastige 26
persistence 97
personifikasie 32
perspektief 74
pivotpatterned bicolon 28
poëtiese enklave 35
poëtiese gedeeltes van die boek 9, 16
poëtiese taalgebruik 21
pouse 36, 53-55
probleem 2

probleemareas 1
probleemgebied 2
problematiek 1
profesie, Jona as 2
profetiese legende, Jona as 2
prosa 5, 20, 21, 35, 106, 108
proses in ontwikkeling van die storie 48
protagonis 71-73, 81, 82, 84, 86, 87, 88
Psalliteratuur 20, 35
psigologiese toestand 78, 79
reaksie van Jona en heidene 49, 50, 51, 54, 58, 61, 68, 93
récit 46, 73, 89
redaktor 1
redevorme 73
refleksiewe anti-kongruente verhouding 25
regressie 40
relasie tussen God en sy profeet 4-5
relasie tussen Jode en heidene 4-5
relasies tussen dele en geheel van verhaal 6-7
repetition en repetisie 30, 56-59, 67, 68
resultaat 48, 49
retoriese vraag 70
ritme 53, 54
rol, aktansiële 71, 73
ruimte 14-15, 46-47, 88-92, 94, 97
ruimte, speel- of belange- 90-94
Russiese Formaliste 6
samestelling van die boek 1, 5-6
samevatting 53-54
satire, Jona as 3
scène 53
segmentering 21, 22, 27, 28, 37, 43
semantiese woordveld 31
semio-strukturalistiese model 7
sender 69-71
sequence of actions 57
simmetriese opbou van die boek 16
sinekdogee 26, 31

singewing 90
sinchroniese analise 6, 9
sinskonstituente 37, 39
situasie 89
Sitz im Leben 32
smeekebed 40
sosiologiese gegewens 74, 75
spanningslyn 52, 65
spraakweergawe 95
sprokie 52
statusverandering 39
stigometrie 9
stigometriese indeling van gedigte 9, 17-18, 36, 42
stilsweye 85
storiegebeure 47, 53-54, 56, 58, 59
storieparafrase 48-49
storietyd 53, 56
storievlak 48, 50, 51, 54, 69
struktureel-kommunikatiewe 7-8
struktureel-kommunikatiewe middele 29-30
strukturele eenheid 66
struktuur van die boek 7
struktuuranalise 5, 7, 9
styl van die Jonaverhaal 85
stylmiddele: kyk kommunikatiewe middele
subjek en objek 69
subjekwisseling 15
taalhandeling 74, 84
taalteks 5
teenstander 69-71
tegnieke 74
teken, teks as 6-7
teks as teken kodeer 7
tekstyd 54
tekstvlak 50-51
tekstvlakke 73
tema 59, 61
tempo 53-56

- temporele verhouding tussen storie en vertelproses 100
- tempostilstand 54
- tempowisseling 54
- tempowisselings 53
- tenor 24
- terras-patroon 27
- theme 57
- tipering van vertellers 103
- tipologie van vertellers 102
- toehoorder 99, 100, 105
- toneelmatig 54-55
- toneeltipe 63-64, 66, 74
- transformasie 74, 81-82, 88
- trefwoorde 22, 29
- trefwoorden 22
- tricolon crescens 67
- tydsafwyking 50-51
- tydsafwykings 51
- tydsvurk 49
- type-scene 57, 63
- uitbreiding 53
- uniekheid van Jona 3
- universalisme 4
- vehicle-frase 24
- verband, horisontale en vertikale 39
- verbeteringsproses 49
- vergelyking en kontras 74, 82, 84, 88, 107
- verhaalanalise 46
- verhaalgebeure, vertraging van 17, 36, 53
- verhaaltyd 53
- verhaalvlak 50, 89
- verhalende teks 106
- verhouding onderling tussen gebedsgedeeltes 17
- verklaring van die boek Jona 4-5
- versekering van verhoring 23, 34
- verslegtingsproses 48-49
- versnelling 53
- vertelhandeling 7, 46, 79, 95, 99, 103

-
- vertelinstansie 95, 105
verteller 95-105
vertelling 99, 100, 101, 103, 104
vertelling en storie 100
vertelling, gelyktydige en ingevoegde 100
vertelproses 46, 68, 95, 99-101, 103-105
vertelruimte 53
vertelteks 46, 49-54, 68, 73, 85, 89
vertraging in verteltempo 55
vertrouensuitspraak 33, 44
vervreemding as tegniek 6
verwysingsraamwerk 79, 90
virtualiteit: kyk moontlikheid
volgorde 47
volksverhaal, Jona as 2
voorbeeldvertelling, Jona as 3
voorstelling 6, 23, 39, 44
voortelverhaal 100
vrymag 44, 107, 109, 110
vrymagtig: kyk vrymag
vrymagtige: kyk vrymag
vrymagtigheid: kyk vrymag
vyand 33, 41
waarneembaarheid, graad van 104
waarneming, perseptuele, psigologiese en ideologiese fasette 97-98
wêreld, ekstensionele en intensionele 68-69
wêreld, primêre en sekondêre 68-69
wondergebeure 62-63, 80, 84, 87
wonderverhale 108
wondervertellings 108
woordpare 31, 35, 38, 39
vrymagtigheidsgebede 41, 42, 44

Bybelregister

Genesis	50:17	41
Eksodus	32:31-32	41
Deuteronomium	9:26	20
1 Konings	17:1	65
1 Konings	17:8-10	63
2 Konings	14:25	74-75, 79, 108
2 Konings	20:2	20
2 Konings	20:3	41
Nehemia	1:5-11	41
Psalms	3:9	29
Psalms	31:23	25
Psalms	69:3	21
Psalms	69:16	21
Psalms	86:15	35, 37
Psalms	103:8	35, 37
Psalms	111:4	35, 37
Psalms	116:1	21
Psalms	116:4	41
Psalms	116:16	41
Psalms	118:25	41
Psalms	120:1	21
Jesaja	6:1-9	63
Jesaja	38:3	41
Jeremia	1:6-8	64
Jeremia	2:1-2	63
Jeremia	15:19	65
Klaagliedere		24
Esegiël	2:1-7	63
Daniël	9	41
Daniël	9:4	20
Daniël	9:4-19	41
Daniël	9:15	41
Daniël	9:17	41
Hosea	1:1-3	63
Joël	2:13	37
Amos	7:12-15	63

Jona	1:1	54, 80-81, 86, 107
	1:1-3	15, 54-55, 58, 61, 64, 70, 74, 80, 82
	1:2	49, 65-66, 85, 87
	1:3	49, 60, 64, 77
	1:4	60, 83, 85
	1:4-5	49
	1:4-16	15
	1:5	50, 60, 67
	1:5c-6	1
	1:6	61, 70, 76, 83
	1:7	59, 77
	1:8-10αα	1
	1:9	51, 58, 75, 78, 82
	1:10	50-52, 67, 76, 85
	1:11	76
	1:12	60, 76
	1:13	43
	1:13-14	1
	1:14	2, 15, 42-43, 61, 63, 70, 84, 96, 101
	1:15	43, 50, 60
	1:15-16	70
	1:16	44, 50-51, 58, 67, 83-84
	1:16-2:1	49-51, 58, 67
	2:1	50, 62, 84-85
	2:1-11	15, 20, 54, 58, 82
	2:2	20, 37
	2:3-10	1-2, 15, 17, 18, 20-21, 32-33, 34-36, 40, 42, 58, 83-84, 87, 96, 101
	2:6	25
	2:7	25-26, 60
	2:8-10	83
	2:11	14, 20, 84
	3:1	78, 80, 86
	3:1-3a	15
	3:1-3	55, 58, 61, 74, 82
	3:1-4	64, 65
	3:1-4:4	15
	3:2	49, 65-66, 85

3:3	64-66, 85
3:3b	15, 55
3:3b-10	15
3:4	49, 51, 55, 58, 61, 66, 79, 82, 94
3:4d	15
3:5	51, 58, 83, 85
3:5-9	51
3:6v	50
3:6-7	2
3:6-9	1, 51
3:7	85
3:7-9	55
3:9	61, 70, 83
3:10	51, 70, 82, 84, 109
4:1	15, 71, 75, 78, 85, 86
4:1-3	52
4:1-11	15
4:2	37, 41, 51, 52, 55, 69, 71, 77-80, 84, 88
4:2-3	2, 17, 35-36, 40, 42-44, 55, 58, 83-85, 94, 101, 102
4:3	36, 37, 41, 61, 79
4:3-4	67
4:4	37, 55, 85, 86
4:5	49, 51, 55, 81, 83, 85, 94
4:6	62, 75, 82, 85-86
4:6-7	84
4:6-8	67, 84
4:6-11	58
4:7	62
4:7-9	82
4:8	62
4:8-9	62, 67
4:9	61, 63, 76, 79-80
4:9-11	86
4:10	85
4:10-11	61-63, 70, 80-81, 82, 84, 87
4:11	67, 85, 107

BIBLIOGRAFIE

- Aalders, G Ch 1958. *Obadja en Jona*. Kampen: Kok. (COT.)
- Ackerman, J S 1981. Satire and symbolism in the song of Jonah, in Halpern, B & Levenson, J D (eds), *Traditions in Transformation*, 213-246. Indiana: Eisenbrauns.
- Allen, L C 1976. *The books of Joel, Obadiah, Jonah and Micah*. London: Hodder & Stoughton. (NICOT.)
- Alter, R 1985. *The art of biblical narrative*. New York: Basic Books.
- Bader, G 1973. Das Gebet Jonas. *ZThK* 70, 162-205.
- Bal, M 1980. *De theorie van vertellen en verhalen*. Muiderberg: Coutinho.
- Barkhuizen, J H 1988. Jona: Die rekonstruksie van 'n karakter. *HTS* 44, 55-70.
- Bauer, J B 1958. Drei Tage. *Biblica* 39, 354-358.
- Blank, S H 1955. Doest thou well to be angry?: A study in self-pity. *HUCA* 26, 29-41.
- Böhme, W 1887. Die Composition des Buches Jona. *ZAW* 7, 224-284.
- Bosman, H L & Loader, J A (reds) 1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg.
- Breytenbach, A P B 1983. Die boodskap van die boek Jona. *HTS* 39, 135-140.
- Brink, A P 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Kaapstad: Academia.
- Brongers, H A 1965. Merismus, Synekdoche und Hendiadis in der bibelhebräischen Sprache. *OTS* 14, 100-114.
- Burrows, M 1970. The literary category of the book of Jonah, in Frank, H T & Reed, W L (eds), *Translating and understanding the Old Testament: Essays in honour of Herbert Gordon May*, 80-107. Nashville: Abingdon.
- Childs, B S 1958. Jonah: A study in Old Testament Hermeneutics. *SJTh* 11, 53-61.
- 1978. The canonical shape of the book of Jonah, in Tuttle, G A (ed), *Biblical and Near Eastern studies: Essays in honor of William Sanford LaSor*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Christensen, D L 1985. The song of Jonah: A metrical analysis. *JBL* 104/2, 217-231.
- Clements, R E 1975. The purpose of the book of Jonah. *VT Supplement* 28, 16-28.
- Collins, T 1978. *Line-forms in Hebrew poetry: A grammatical approach to the stylistic study of the Hebrew prophets*. Rome: Biblical Institute Press. (Studia Pohl: Series Maior 7.)
- Cross, F M 1983. Studies in the structure of Hebrew verse: The prosody of the Psalm of Jonah, in *The quest for the kingdom of God: Studies in honor of G E Mendelhall*, 159-167. Indiana: Eisenbrauns.

- Crüsemann, F 1969. *Studien zur Formgeschichte von Hymnus und Danklied in Israel*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Deden, D 1953. *De kleine Profeten*. Roermond: J J Romén.
- Deist, F E 1981. *Die God van Jona*. Kaapstad: Tafelberg.
- Deist, F E & Vorster, W S (eds) 1986. *Words from afar*. Cape Town: Tafelberg.
- Dijkema, D F 1936. Het Boek Jona. *NThT* 25/4, 338-347.
- Dolozel, L 1979. Extensional and intensional narrative worlds. *Poetics* 8, 193-211.
- Egri, L 1960. *The art of dramatic writing*. New York: Simon & Schuster.
- Emmerson, G I 1976/1967. Another look at the book of Jonah. *ET* 88, 86-88.
- Fohrer, G 1969. *Einleitung in das Alte Testament*. Heidelberg: Quelle & Meyer.
- Fretheim, T E 1978. Jonah and Theodicy. *ZAW* 90, 227-237.
- Gemser, B 1951/1952. Die humor in die O T. *HTS* 8, 49-63.
- Genette, G 1980. *Narrative discourse*. Oxford: Blackwell.
- Glasson, F 1969/1970. The final question - in Nahum and Jonah. *ET* 81, 54-55.
- Goodhart, S 1985. Prophecy, sacrifice and repentance in the story of Jonah. *Semeia* 33, 43-63.
- Gräbe, I 1984. *Inleiding tot die problematiek van die genreleer*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- 1985a. *Kontemporêre literêre teorieë*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- 1985b. *Die struktuur van narratiewe, dramatiese en liriese tekste*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- 1986. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan: Narratiewe tegnieke en vergelykingskonstruksies. *HTS* 42, 265-281.
- 1986a. *Narratologie, dramateorie*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- 1986b. *Poësiëteorie, literêre betekenis en evaluering*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- A Group of Rennes 1979. An approach to the book Jonah: Suggestions and questions. *Semeia* 5, 85-96.
- Grové, A P (red) 1982. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. 4de uitgawe. Goodwood: Nasou.
- Hauser, A J 1985. Jonah: In pursuit of the dove. *JBL* 104/1, 21-37.
- Holbert, J C 1981. Deliverance belongs to Yahweh!: Satire in the book of Jonah. *JSOT* 21, 59-81.
- Horwitz, W J 1973. Another interpretation of Jonah 1,12. *VT* 23, 370-372.
- Humphreys, W L 1985. Novella, in Coats, G W (ed), *Saga, legend, fable, tale, novella: narrative forms in Old Testament literature*. JSOT Supplement series 35, 82-96. Sheffield: JSOT.

- Jakobson, R 1960. Concluding statement: Linguistics and poetics, in Sebeok, T, *Style in language*. Cambridge: MIT Press.
- Jauss, H R 1985. The book Jonah – a paradigm of the ‘hermeneutics of strangeness’. *JLS* 1/4, 1-19.
- Jepsen, A 1970. Anmerkungen zum Buche Jona, in Stoebe, H J (ed), *Wort-Gebot-Glaube: Beiträge zur Theologie des Alten Testaments. W Eichrodt zum 80sten Geburtstag*. AThANT 59, 297-305. Zürich: Zwingli Verlag.
- Kaiser, O 1973. Wirklichkeit, Möglichkeit und Vorurteil: Ein Beitrag zum Verständnis des Buches Jona. *EvTh* 33/1, 91-103.
- Kautzsch, E 1978 [1909]. *Gesenius’s Hebrew grammar*. 2nd Eng ed. Oxford: Clarendon.
- Kessler, M 1978. Inclusio in the Hebrew Bible. *Semitics* 6, 44-49.
- Kraeling, E G 1971. The evolution of the story of Jonah, in Avigad, N, et al, *Hommages a André Dupont – Sommer*, 305-318. Paris: Librairie Adrien-Maisonneuve.
- Landes, G M 1967a. The kerygma of the book of Jonah. *Interp.* 21/1, 3-31.
- 1967b. The ‘three days and three nights’ motif in Jonah 2,1. *JBL* 86, 446-450.
- 1978. Jonah: A masal?, in Gammie, J G et al (eds), *Israelite wisdom: Samuel Terrien Festschrift*, 137-158. Missoula: Scholars Press.
- Lawrence, P J N 1986. Assyrian nobles and the book of Jonah. *Tyndale Bulletin* 37, 122-132.
- Licht, J 1978. *Storytelling in the Bible*. Jerusalem: Magnes Press.
- Loader, J A 1987. Jona, in Bosman, H L & Loader, J A (reds) 1987: 123-127.
- Lohfink, N 1961. Jona ging zur Stadt hinaus. (Jon 4,5). *BZ* 5, 185-203.
- Loretz, O 1961. Herkunft und Sinn der Jona-Erzählung. *BZ* 5, 18-29.
- Magonet, J D 1972. Jüdisch-theologische Beobachtungen zum Buch Jonas. *BiLe* 13, 153-172.
- 1976. *Form and meaning: Studies in literary techniques in the book of Jonah*. Bern: Herbert Lang. (BET 2.)
- Miles, J A 1974/1975. Laughing at the Bible: Jonah as parody. *JQR* 65, 168-181.
- Nel, P J 1988. Jona en ’n nuwe paradigma. Professorale intreerede, Universiteit van die Oranje Vrystaat. Bloemfontein: Universiteitsdrukkery.
- Payne, D F 1979. Jonah from the perspective of its audience. *JSOT* 13, 3-12.
- Pesch, R 1966. Zur konzentrischen struktur von Jona 1. *Biblica* 47, 577-581.
- Revell, E J 1981. Pausal forms and the structure of biblical poetry. *VT* 31/2, 186-199.
- Reventlow, H G 1986. *Gebet im Alten Testament*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Rimmon-Kenan, S 1983. *Narrative fiction: contemporary poetics*. London: Methuen.

- Robinson, B P 1985. Jonah's Qiqayon plant. *ZAW* 97/3, 390-403.
- Rudolph, W 1970. Jona, in Kuschke, A & Kutsch, E (eds), *Archäologie und Altes Testament: Festschrift für Kurt Galling zum 8 Januar 1970*, 233-239. Tübingen: J C B Mohr.
- 1971. *Joel-Amos-Obadia-Jona*. Gütersloh: Verlaghaus Gerd Mohn. (KAT X111 2.)
- Schmidt, H 1905. Die Komposition des Buches Jona. *ZAW* 25, 285-310.
- Schmidt, L 1976. 'De Deo': *Theologie des Buches Jona, des Gespräch zwischen Abraham und Jahwe in Gen 18:22 ff und in Hi 1*. Beiheft zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft 143. Berlin: De Gruyter.
- Schmitt, G 1978. Das Zeichen des Jona. *ZNTW* 69, 123-129.
- Scott, R B Y 1965. The sign of Jonah. *Interp.* 19, 16-25.
- Segert, S 1980. Syntax and style in the book of Jonah, in Emerton, J A (ed), *Prophecy*. BZAW 150, 121-130.
- Steck, O H 1968. Das Problem theologischer Strömungen in nachexilischer Zeit. *ET* 28, 445-458.
- Stek, J H 1969. The message of the book of Jonah. *CTJ* 4, 23-50.
- Sternberg, M 1985. *The poetics of biblical narrative: Ideological literature and the drama of reading*. Bloomington: Indiana University Press.
- Trepanier, B 1951. The story of Jonas. *CBQ* 13/4, 8-16.
- Vandermoere, H 1982. *The structure of the novel*. Leuven: Acco.
- Van der Westhuizen, J P 1978. Hendiadys in Biblical hymns of praise. *Semitics* 6, 50-57.
- Van der Woude, A S 1978a. *Jona-Nahum*. Nijkerk: Callenbach.
- 1978b. Compositie, strekking en plaats van het boek Jona. *Kerk en Theologie* 29, 285-298.
- Van Eck, E 1986. Die funksie van ruimte in die narratologie. *HTS* 42, 339-349.
- Van Luxemburg, J, Bal, M & Weststeijn, W G 1983. *Inleiding in de literatuurwetenschap*. Muiderberg: Coutinho.
- Vanoni, G 1978. *Das Buch Jona: Literatur- und formkritische Untersuchung*. St. Ottilien: Eos.
- Van Zyl, A H 1967. The preaching of the book of Jonah. *Old Testament Studies* 10, 92-104.
- Venter, P M 1986. Die funksie van die wondervertelling in die Jonaverhaal. *HTS* 42, 312-326.
- Von Rad, G 1974. Der Prophet Jona, in Steck, O H (hrsg), *Gottes Wirke in Israel*. (Vorträge zum Alten Testament.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Walsh, J T 1982. Jonah 2,3-10: A rhetorical critical study. *Biblica* 63, 219-229.

- Watson, W G E 1986. *Classical Hebrew poetry: A guide to its techniques*. Sheffield. (JSOT 26.)
- Weimar, P 1984. Jon 2,1-11: Jonahpsalm und Jonaerzählung. *BZ* 28, 43-68.
- Weinreich, H 1971. Das Zeichen Jonas über das sehr Grosse und das sehr Kleine in der Literatur, in Weinreich, H, *Literatur für Leser*, 35-44.
- Weiser, A 1967. *Das Buch der zwölf kleinen Propheten*. Göttingen: Vandenhoeck. (ATD 24.)
- 1972. *An introduction to the Old Testament*. London: Darton, Longman & Todd.
- Witzenrath, H 1978. *Das Buch Jona: Eine literaturwissenschaftliche untersuchung*. St. Ottilien: Eos.
- Wolff, H W 1977. *Obadja, Jona*. Neukirchen-Vluy: Neukirchen.

'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona

HTS Supplementum 3 (1991)